

R E W O

JOU FINANSIËLE REWOLUSIE

Die krag van
strategie

GARY KEESEE

L U S I E

Liewe vriend in Christus

Dit is ons gebed dat hierdie leerhulpbron vir jou 'n seëning en bemoediging sal wees! Deel gerus hierdie materiaal met jou vriende, familie en lede van jou kerk. Jy kan ook na *FLNFree.com* gaan om addisionele kopieë en nog gratis leringe in jou taal af te laai.

God is lief vir jou en Hy het 'n asemrowende plan vir jou lewe! Ons lewens is ten goede verbeter toe ons geleer het hoe God se koninkryk funksioneer en ons vertrou dat dit dieselfde vir jou sal doen!

Met liefde in Christus

Gary en Drenda Keesee



NS. Onthou om na ons gratis webtuiste, *FLNFree.com* te gaan om meer leringe in jou taal af te laai.

R E W O

JOU FINANSIËLE REWOLUSIE

Die krag van
strategie

GARY KEESEE

L U S I E

Your Financial Revolution: *The Power of Strategy*, Afrikaans
Copyright © 2025 by Gary Keesee

Originally published in English
Copyright © 2019 by Gary Keesee
ISBN: 978-1-945930-14-0

Gary Keesee Ministries,
P.O. Box 779, New Albany,
OH 43054, USA
GaryKeesee.com

This book is a FREE GIFT from Gary Keesee Ministries and is NOT FOR SALE

Jou finansiële rewolusie: *Die krag van strategie*, Afrikaans
Kopiereg © 2025 deur Gary Keesee

Oorspronklik in Engels gepubliseer
Kopiereg © 2019 deur Gary Keesee
ISBN: 978-1-945930-14-0

Gary Keesee Ministries,
Posbus 779, New Albany,
OH 43054, VSA
GaryKeesee.com

Hierdie boek is 'n GRATIS GESKENK van Gary Keesee Ministries en is NIE TE KOOP NIE

Bybelaanhalinge uit die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) © 2006,
Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Ander Bybelvertalings sluit in die *Bybel in Afrikaans* (1953- en 1983-vertaling),
Die Bybel vir Almal, en 2020-vertaling © Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Die Boodskap © 2000, Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming.
Alle regte voorbehou.
Aanhalinge gemerk CAB23 is uit *The Bible in Contemporary Afrikaans* © 2023,
deur City Bible Foundation®. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

OPGEDRA AAN

Ek wil hierdie boek aan my vrou, Drenda, opdra, want dit is háár be-
moediging, háár passie vir die dinge van God en háár liefde vir haar
gesin en vir my wat my deur die jare heen geïnspireer het. Saam het ons
bewys dat drome tog kan waar word!

A handwritten signature in black ink, reading "Gary Keesu". The signature is fluid and cursive, with the first name "Gary" and the last name "Keesu" clearly distinguishable.

INHOUD

INLEIDING	9
HOOFSTUK 1: Ons moet wát doen?.....	23
HOOFSTUK 2: Die Koninkryk	39
HOOFSTUK 3: Verstom.....	49
HOOFSTUK 4: Die basiese beginsels: Moet nêrens gaan daarsonder nie!.....	67
HOOFSTUK 5: Bybelse bewyse	87
HOOFSTUK 6: Kan almal in tale bid?	97
HOOFSTUK 7: Die skatkis.....	111
HOOFSTUK 8: Bevordering – ’n moeilike plek	131
HOOFSTUK 9: Die stil, sagte stem.....	143
HOOFSTUK 10: Drome en visioene.....	159
HOOFSTUK 11: Die Heilige Gees klink soos my baas	173
HOOFSTUK 12: Hoe om te bid en die Doop met die Heilige Gees te ontvang	191
NOTAS	193

INLEIDING

Jou finansiële rewolusie: Die krag van strategie is die derde boek in die Finansiële Rewolusie-reeks. Uiteindelik sal die reeks vyf boeke beslaan, almal 'n uitgebreide weergawe van 'n konferensie wat ek in 2005 in Albanië aangebied het. Dit was by daardie konferensie waar my lewe 'n dramatiese nuwe rigting ingeslaan het. As jy vertrou is met die storie, kan jy gerus die inleiding oorslaan en hoofstuk 1 begin lees. Maar as jy dit nog nie voorheen gehoor het nie, wil ek jou baie graag van die blou wasigheid vertel. Jy vra dalk: “Blou wasigheid? Wat op aarde is dit?” Ek verstaan jou vraag. Toe ek dit gesien het, het ek ook nie geweet wat dit was nie. Die krag van God was egter so sterk dat ek geweet het dit kom van Hom af. Kom ek vertel jou daarvan.

Ek en my vrou het ons huwelik afgeskop met finansiële skuld, en het vir nege jaar lank in die skuld gebly. Dit was nie net skuld nie, ons het ook verlamme spanning en vrees ervaar wat verband hou met geld en geldelike probleme. Hoewel ons nooit bedoel het om ons lewe finansiële te laat ontspoor nie, is dit presies wat ons gedoen het. Ons het met 'n eenvoudige brandstofkaart begin, toe 'n Visa-kredietkaart, toe nog tien kredietkaarte. Wanneer ons nie die kredietkaarte kon betaal nie, het ons lenings aangegaan by verskeie finansiële instansies teen 28 tot 33 persent rente, om sodoende ons betalings te konsolideer. Maar dan het ons weer

die kaarte gebruik, wat ons net nóg dieper in die skuld gedompel het! Uiteindelik het ons gesit met tien kredietkaarte wat op limiet en gekanselleer is, drie lenings by finansiële instansies, en belastingskuld van tien-duisende dollar, tesame met 'n klomp kleiner onbetaalde rekeninge. Ons het geld geskuld aan ons tandarts, die droogskoonmakers, duisende dollar aan ons ouers, ons karpaaieimente en ons huishuur, om maar net 'n paar te noem. Ons het in daardie stadium op kommissie gewerk, en die spanning was besig om my letterlik siek te maak. Ek het paniekaanvalle gekry en moes antidepressante begin gebruik, wat nie gehelp het nie.

Alles wat ons gehad het, was stukkend. Ons voertuie het almal meer as 320 000 km opgehad. Ons ou, klein plaashuise wat ons teen \$300 per maand gehuur het, het probleme gehad. Baie van die ou vensters was stukkend, en aangesien ons nie genoeg geld gehad het om dit te vervang nie, het ons eenvoudig net kleefband oor die krake geplak. Maar selfs dit was nie goed genoeg nie. Die rankplante aan die buitekant het deur die krake in die rame begin groei. My vrou, Drenda, het dit eenvoudig gereeld gesnoei asof dit maar deel was van die binneversiering. Die mat in ons seuns se kamer was 'n vonds uit 'n rommelhoop langs die pad. Hul matrasse was deel van meubels waarvan 'n ouetehuis ontslae geraak het. Elke meubelstuk wat ons besit het, het ons iewers op 'n rommelverkoop gekry of opgetel tussen iemand se weggooigoed.

Die lewe is nie juis pret wanneer jy elke oggend wakker word en wonder hoe jy vir jou gesin van kos gaan voorsien nie. Ek het in vrees geleef; alle vreugde en hoop het versmoor geraak in die chaos van oorlewing. Dit was hoe ek en Drenda vir nege jaar lank geleef het! Nege jaar lank! Ek kan begryp dat 'n mens so kan leef vir 'n maand, dalk 'n jaar op die meeste, maar nege jaar? Na nege jaar van daardie soort spanning, raak 'n mens se emosies rou en is jou geduld boomskraap.

Vir daardie nege jaar was ons getrou lidmate van 'n wonderlike kerk wat ons geleer het dat armoede nie God se wil vir Sy kinders is nie. Ons het ons tiende gegee, en gereeld ander bydraes gemaak, maar ons finansies het nie God se getrouheid weerspieël nie en was nie 'n toonbeeld van wat God se Woord leer nie. Ek het 'n graad verwerf in die Ou Testament en ook meer as 'n jaar van Bybelskool agter die blad gehad. Ek het geweet iets skort, maar het bly hoop dat dinge uiteindelik sal verander. Wel, dit het nie. Nie vir nege lang jare nie. Skuldeisers het feitlik daagliks by ons aangeklop, en ek en Drenda het amper heeltemal hoop verloor.

Buiten ons finansiële skuld, het ek ernstige gesondheidskwessies in die gesig gestaar, en was ek volgens alle aanduidings diabeties. Ons het geen geld gehad nie, elke kredietkaart in ons beursie was gekanselleer, en daar was geen kos in die huis nie. My vrou het in haar agterkop begin beplan hoe sy en die kinders weer by haar ouers gaan intrek, want sy was oortuig sy is besig om haar man te verloor. Dit was egter op hierdie absolute laagtepunt wat my lewe 'n dramatiese ommekeer gemaak het.

'n Prokureur het my bly skakel, en ek het hoopvol bly belowe om hom te betaal. Die geld om die rekening te betaal, het egter nooit ingekom nie. Een oggend toe hy my skakel, was sy geduld op. "Jy het drie dae om te betaal, of ek dagvaar jou vir die geld wat jy my kliënt skuld." Op daardie oomblik het ek besef ek kan nie langer voorgee nie. Ek het geen geld gehad nie, en selfs my eie familie wou nie meer vir ons geld leen nie. In my desperaatheid het ek met die trappe na ons slaapkamer in die plaashuis opgeklim. Ek het op my bed gaan lê en na God uitgeroep. Tot my verbasing het Sy antwoord onmiddellik in my gees opgekom. Hy het my eenvoudig herinner aan 'n teksvers wat ek al baie keer gehoor en gelees het – Filippense 4:19 (1983-vertaling):

*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien
volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.*

“Natuurlik, ek ken daardie vers,” het ek vir die Here gesê, “maar dit is nie hoe ek dit in my lewe ervaar nie. Daar is nie voorsiening vir my behoeftes nie.” Die Here het my weer geantwoord: “Ek is nie verantwoordelik vir die gemors waarin my jou bevind nie. Jy is in ’n gemors omdat jy nooit geleer het hoe dinge in My Koninkryk werk nie.” Hy het ook ander dinge vir my gesê, maar die boodskap was duidelik: Skuld was nie Sy wil vir my lewe nie. Ek was opgewonde dat God my geantwoord het, maar ek moet erken ek het nie geweet wat Hy bedoel het met “Koninkryk” nie. Ek het ’n Teologie-graad gehad en was onder die indruk dat ek die Bybel taamlik goed ken, maar klaarblyklik was ek verkeerd. Die eerste ding wat ek gedoen het ná ek hierdie woorde gehoor het, was om Drenda op te soek en haar om verskoning te vra vir die gemors waarin ek ons laat beland het. Toe het ons albei gebid en vir God gevra om ons te leer hoe Sy Koninkryk werk. Ons het ook berou gehad oor ons afhanklikheid van skuld en ons voorgeneem om nooit weer toe te laat dat skuld ’n leefwyse word nie. Maar, hoewel ek ’n graad in Teologie gehad het, was die Koninkryk in daardie stadium vir my ’n geheimenis. Die enigste keer wat ek ooit kon onthou dat die woord “koninkryk” in die Nuwe Testament gebruik is, was in die Onse Vader-gebed:

*Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde.*

– Matteus 6:10, 1953-vertaling

Ons het nie regtig verstaan wat God vir ons probeer sê nie, maar namate ons God se wil begin soek het, het Hy ons begin leer. Die eerste ding wat ons moes uitvind, was wat 'n koninkryk is en hoekom God juis daardie term gebruik het. Wat het Hy vir ons probeer sê? By verdere navorsing het ek ontdek 'n koninkryk is nie net 'n klomp mense nie. Dit was 'n klomp mense wat onder die gesag staan van 'n regering of koning. Om die waarheid te sê, die woord “koninkryk” verwys eintlik na 'n koning se gesagsgebied. Hier was dus 'n baie belangrike aspek: God se Koninkryk is 'n regering.

En 'n regering het wette!

Jy sien, soos die meeste Christene, was my begrip van wat God kan doen, verkeerd. Ek het aanvaar dat – omdat Hy God is – Hy kan doen wat Hy ook al wil. Dis hier wat jy seker vir my sal sê ek is verkeerd, maar verduur my, asseblief. Omdat ek geglo het God kan doen wat Hy ook al wil, wanneer Hy ook al wil, het ek onbeantwoorde gebede beskou as 'n versoek waarvoor God “nee” gesê het. Hierdie onsekerheid wat gebed betref, het gemaak dat ek altyd maar net gehoop het dat Hy sal antwoord. En daarom het ek in my gebedslewe grootliks gesmeek en uitgeroep om genade, in die hoop dat my saak ernstig genoeg is vir God om iets daaraan te doen. Maar toe God my begin leer het dat Sy hele Koninkryk 'n regering is met wette wat ons kan aanleer en gebruik, het ek opgewonde geraak. Ek het geleer dat toe ek Christus aangeneem het, het ek 'n erfgenaam en burger geword van Sy groot Koninkryk.

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie,
maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*

– Efesiërs 2:19, 1983-vertaling

Ek onthou hoe ek daardie Skrifgedeelte gelees het en gedink het: *Ek het wetlike regte in Sy Koninkryk! Kan dit regtig so eenvoudig wees? As 'n burger van die Verenigde State van Amerika, hoef ek nie te bedel en te smee vir wat my toekom as 'n landsburger nie. Ek hoef nie hoendervleis te kry om te bewys dat ek burgerskap het nie. Ek is hier gebore. Toe ek in God se Koninkryk wedergebore is, het ek 'n burger geword van Sy Koninkryk.* Dit beteken ek het wetlike toegang tot elke enkele wet en voordeel wat in die wette van Sy Koninkryk opgeteken is. My wêreld het drasties verander toe God begin het om dit vir my te wys. Jy sien, soos die meeste Christene het ek en Drenda nie die Koninkryk en die wette van Koninkryk verstaan nie.

Om die waarheid te sê, wanneer iemand deur 'n moeilike tyd gaan, sal jy die meeste Christene hoor sê: “God laat dit toe, God weet die beste, God is in beheer, of God is soewerein.” Hierdie opmerkings gee te kenne dat God die mag het om te antwoord, maar nie bereid is om iets te doen nie of besluit het om nie betrokke te raak nie. Hierdie vals indrukke van God is die gevolg van onkunde oor Sy karakter of van 'n wanbegrip van hoe God se Koninkryk werk.

Kom ek verduidelik dit só: As jy 'n miljard dollar in die bank het, sal jy sê: “Ek het 'n miljard dollar.” Maar die waarheid is dat jy nie 'n miljard dollar in jou sak het wanneer jy dit sê nie. Jy het wel 'n miljard dollar in 'n instansie, en daar is 'n wetlike proses wat jy moet volg om die geld vanuit die instansie tot in jou beursie te kry. Die Koninkryk van God werk ook so. As 'n burger en lid van God se huishouding is ons inderwaarheid erfgename van alles wat God besit. Maar daar is wette en prosesse waardeur ons dit wat wettiglik ons s'n is, vir onself toeëien.

Aangesien die meeste mense nie die Koninkryk van God verstaan nie en ook nie die prosesse en wette begryp waardeur dit geregeer

word nie, blameer hulle vir God eerder as hulleself wanneer dinge nie gebeur soos God se Woord sê nie.

Hier is wat ek ontdek het. Kom ons sê jy besluit om van die Empire State-gebou af te spring sonder 'n valskerm of enigiets anders, maar jy is oortuig as jy jou arms vinnig genoeg op en af beweeg, sal jy veilig ondertoe vlieg. Ek dink jy weet wat die uiteinde van so 'n dwase toertjie gaan wees. Die rede waarom jy dit weet, is omdat jy die wet van swaartekrag verstaan. Jy weet dat die wet van swaartekrag geen onderskeid maak nie, geen witbroodjies het nie en altyd op dieselfde manier werk, en daarom is jy seker wat gaan gebeur. Net so, as jy 'n ligskakelaar aanskakel, verwag jy dat die ligte sal aangaan, omdat jy die wet van elektrisiteit verstaan. Wanneer ek op 'n vliegtuig klim, verwag ek dat dit gaan vlieg, want ek verstaan die wet van hefkrag. Vliegtuie en ligte werk elke keer, want hul funksie is gegrond op wette wat geleer en dan gedupliseer kan word om elke keer dieselfde resultaat te verkry en elke keer te werk. Die Koninkryk van God funksioneer op dieselfde vlak van sekerheid.

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan,
omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.
En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra,
weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.*

– 1 Johannes 5:14–15, 1983-vertaling

Dit is waarom ons met vrymoedigheid kan vra. As ons enigiets vra wat volgens Sy wil is, weet ons dat Hy ons gebede verhoor, en dat ons sal kry wat ons van Hom vra. Jy sien, ek kan met vrymoedigheid op die uitkoms hoop, want die Koning is die Een wat die wet gemaak het. En

Hy sal sy wette gestand doen. Wanneer die Skrif sê dat Hy ons gebede verhoor, beteken dit nie Hy hoor net ons gesproke woorde nie. Dit is eerder soos 'n regter wat 'n saak verhoor om reg te laat geskied. Die regter gee nie uitspraak op grond van sy gevoelens nie, maar is eerder daar om te verseker dat die wet toegepas word tot voordeel van die burgers van die koninkryk. Ek weet reeds hoe die hofszaak gaan eindig, selfs voor dit begin het.

Ek en Drenda het merkwaardige dinge in ons lewe gesien gebeur toe ons die wette van die Koninkryk in ons lewens begin toepas het. Ons het binne ongeveer twee en 'n half jaar van al ons skuld ontslae geraak. Waar ons voorheen 'n *Happy Meal* tussen drie kinders moes verdeel, kon ons nuwe voertuie kontant koop en ons droomhuis op 'n stuk grond van 22 hektaar bou sonder om skuld te maak. Ons het maatskappye gestig wat jare later steeds elke jaar honderde duisende dollar skoon wins maak. Ons het toe 'n kerk in my tuisdorp gestig om met ander te deel wat ons oor die Koninkryk van God ontdek het. En ons het agtergekom daar is baie mense wat wil weet wat ons ontdek het en die goeie lewe wil ervaar wat God se Koninkryk ons bied. Danksy die goeie nuus van die Koninkryk is die gemeente vandag duisende lidmate sterk.

Hoewel ek amper elke dag vir enigene wat wou luister, geleer het van die Koninkryk, het ek 'n begeerte gehad om as 'n eksperiment uit te reik na 'n groep mense wat nog nooit tevore daarvan gehoor het nie. Ek het geweet dat om verandering te sien gebeur in iemand se lewe oor hulle begrip van die Koninkryk, sou ek meer as een sessie nodig hê om 'n basiese begrip van die Koninkryk te bewerkstellig. Die konsep wat ek gedink het sal werk, is gebore uit my grootwordjare in 'n Metodistekerk. Toe ek 'n jongmens was, het ons weeklange herlewingsdienste in die aande gehou. Ek het dus gedroom om 'n weeklange finansiële

herlewingsveldtog te hou. Ek het 'n visie gehad van 'n reeks van aand-sessies. Ek het nog nooit punt vir punt oor die Koninkryk gepreek nie, en ek het gewonder hoe ek dit sou benader. Maar ek was nuuskierig oor wat die uitwerking sou wees van vyf opeenvolgende sessies op die mense wat dit sou hoor. Ek het begin bid oor so 'n byeenkoms en vir God gevra vir die geleentheid om dit uit te voer. My vereiste sou wees dat ek dit moes aanbied vir 'n groep mense wat nog nooit voorheen daarvan gehoor het nie.

Een namiddag loop ek 'n sendelingvriend uit Albanië raak. Ons het gesels oor verskeie aspekte van die kerk en bediening, en uiteindelik het ons gesels oor dit wat God vir my gewys het. Larry sou later daardie jaar in die herfs sy jaarlikse landswye bedieningskonferensie in Albanië hou. Hy het my genooi om een van die sprekers te wees. Ek het hom nie vertel van my begeerte om vyf sessies aan te bied nie, maar was baie opgewonde toe hy vir my sê ek kan drie sessies aanbied. Ek moes egter my eie vliegkaartjie betaal asook dié van 'n aantal predikante wat wou kom, aangesien Albanië in daardie stadium 'n baie arm land was. Ek het ingestem en planne begin maak om in die herfs van 2005 daar aan te land.

Dit was uiteindelik tyd vir die konferensie, en ek was so opgewonde om 'n groep mense – wat nog besig was om te leer wat Christen-wees beteken – te leer van die Koninkryk. Toe ek in Albanië aankom, het Larry my by die lughawe ontmoet. Hy het my ingelig dat een van sy sprekers nie meer kon kom nie, en dat ek nou vyf sessies sou moes aanbied. Ek het vir seker geweet dat dit die Heilige Gees se beplanning was! Ek het notas gehad vir drie sessies, maar het vinnig gebid en die ander twee sessies se notas uitgeskryf. Ek was nogal bekommerd oor hoe die mense daarop sou reageer, want die armoede was baie erg en korrupsie was aan die orde van die dag.

Tydens die eerste sessie kon ek agterkom dat hulle ietwat huiwerig is, maar namate ek aanhou deel het wat God vir my gewys het, met verhare om te staaf wat waarvan ek praat, het hulle vroliker en meer opgewonde geraak. Teen die vierde sessie het hulle gelag, en was hulle so gelukkig oor wat hulle gehoor het dat party sommer hardop uitgeroep het. Tot my verbasing het ek gevoel die Here sê vir my ek moet 'n kollekte tydens die vyfde sessie opneem. Ek sê tot my verbasing, want ek het vir baie van die mense betaal om daar te wees, en het geweet dat hulle min of geen geld gehad het nie. Maar nadat ek daarvoor gedink het, het ek besef hulle het nodig gehad om prakties te doen wat hulle besig was om te leer. Ek was effens huiwerig om vir Larry daarvan te sê, maar hy het gou gesê dat dit in die haak is en om voort te gaan met die kollekte. Natuurlik het ek nie vir myself die kollekte opgeneem nie; dit sou in Albanië aangewend word ten bate van die Albanese kerke.

Die laaste sessie het aangebreek, en ek het gepraat oor hoe om jou geloof vry te stel, en van die wette waaroor ek gepraat het, verder te verduidelik. Toe ek die kollekte begin opneem aan die einde van die sessie, het pandemonium losgebars. Die mense het begin skree en dans terwyl God se salwing die auditorium gevul het. Ons het vier mense voor in die saal laat staan met mandjies, en hulle kon beswaarlik staande bly. Hulle het gehuil en geruk onder die teenwoordigheid van God terwyl die mense hulle dankoffers gebring het. Ek het nog nooit so 'n byeenkoms beleef nie, veral nie een wat oor die gee van geld gaan nie!

Terwyl ek en Larry die byeenkoms verlaat het, het ons gepraat oor hoe verbaas ons was deur die kragtige salwing en die mense se reaksie daardie aand. Toe ons by Larry se woonstel aankom, was hy gretig om die geld te tel, aangesien hy nog nooit twee vol sakke kontant met 'n kollekte ingesamel het nie. Volgens hom het hulle gewoonlik net 'n

kwart van een so 'n sak ingesamel. Larry het die twee sakke op sy eetkamertafel uitgekeer toe 'n ligteblou wasigheid skielik die kamer gevul het. 'n Salwing wat ek nog nooit vantevore ervaar het nie, het oor ons gekom. Toe ek na die hoop geld op die tafel voor ons kyk, het ek 'n man se trouwing in die middel van die hoop geld raakgesien. Ek het geweet dit was van iemand wat nie geld gehad het nie, maar alles wat hy gehad het, gegee het. Toe ek die ring sien, het die Here met my gepraat: “Ek roep jou om die nasies te leer van My verbond van finansiële seën, en waarheen Ek jou ook al stuur, Ek sal daarvoor betaal.”

Dit het my gebreek. Ek kon vir drie dae nie slaap nie. Daardie salwing het vir weke daarna nog op my gerus. Wanneer ek ook al iemand van 'n ander land ontmoet, ervaar ek weer daardie salwing. Hoewel die kollekte agtergebly het vir die Albanese kerke, het Larry my geskakel ná my tuis-koms. Hy het gesê die Here het vir Hom gewys dat hy vir my die ring moes stuur. Ek het niks vir Larry gesê van my begeerte om daardie ring te hê nie, maar hy het by die Here gehoor om dit vir my te gee. Ek wou daardie ring hê as 'n herinnering van wat die Here vir my gesê het, en vandag hang dit in 'n raam teen my muur.

Toe ek tuis-kom in Ohio, het 'n predikantsvriend van Larry – die leraar by 'n klein gemeente in Utah – gehoor wat in Albanië gebeur het. Hy het my gekontak om te hoor of ek bereid sou wees om, indien moontlik, na hulle toe te kom. Hy was die predikant by 'n Indiaanse reservaat, en het vir my gesê dat die mense daar baie arm was. Sy kerk het uit net omtrent 60 mense bestaan, maar ek het vir hom gesê dat dit in die haak was; ek sou kom.

Ek het dieselfde vyf sessies aangebied as in Albanië. Ek het nie weer die blou wasigheid gesien nie, maar die salwing was weer besonder sterk.

Die kollekte in hierdie geval was vir my eie bediening, daarom het ek die geldsak toegemaak en teruggeneem na Ohio. Met my terugkeer het ek die sak vir my sekretaresse gegee om die geld vir my te tel en te gaan deponeer. Ek het toe iets te ete gaan soek vir middagete. Tydens middagete het my selfoon gelui, en my sekretaresse se nommer het op die skerm verskyn. Ek het geantwoord, maar dit het nie geklink of daar iemand aan die ander kant van die lyn was nie. Ek was op die punt om neer te sit, toe ek iets soos 'n sagte gehuil hoor.

“Tracy?” het ek gevra. Toe Tracy my geantwoord het, kon ek hoor sy sukkel om haar emosies te beteuel.

“Pastoor, wat het daar in Utah met hierdie geld gebeur?”

“Hoe bedoel, wat het met die geld gebeur?”

“Wel, toe ek die sak oopmaak en die geld op die tafel uitskud om dit te tel, het God se salwing so kragtig oor my gekom dat ek op die grond neergesak het. Die ander sekretaresse het gehoor iets gaan aan en uit haar kantoor gekom om te sien wat die storie is, en God se krag het haar op dieselfde manier getref! Wat het met die geld gebeur, Pastoor?”

Ek het haar vertel wat in Utah gebeur het en van die kragtige salwing wat ons ervaar het terwyl ek die kollekte opgeneem het, maar buiten dit, het daar nie regtig iets gebeur nie. Ek erken dat ek nuuskierig was om te weet wat aangaan, aangesien ek nog nooit voorheen so iets gesien of van gehoor het nie. Hoewel ek dit nie verstaan het nie, was dit baie duidelik dat die salwing van daardie byeenkoms op daardie geld gerus het.

Ons het regoor die land “Finansiële Rewolusie-konferensies” soos ons dit genoem het, gehou. Ons het dit aangebied in klein of groot kerke, enige plek waar mense bereid was om te luister. Alhoewel ons die blou wasigheid net by 'n paar geleenthede gesien het, was die salwing

altyd baie sterk. Soos in Albanië en met die geld wat in die Indiaanse kerk in Utah opgeneem is, was daar 'n blywende salwing op die geld self. Ek het opgelet dat ná 'n byeenkoms, wanneer die geld getel word, jy 'n muntstuk uit daardie kollekte kon vashou en jy sou begin ruk onder die krag van die Heilige Gees. Nog iets interessant wat ons opgelet het, was dat elke geldstuk of tjek anders was. Hulle het nie almal dieselfde mate van salwing op hulle gehad nie. Ek het later ontdek dat dit die gevolg was van die geloof wat deur die betrokke individu in die kollekte vrygestel is. Ongelooflik!

Die *Jou Finansiële Rewolusie*-reeks van vyf boeke dek die vyf sessies wat ek by daardie eerste Albanese byeenkoms aangebied het. Ek het natuurlik in die boeke heelwat uitgebrei op elke sessie van die eerste konferensie. Ek vertrou dat, terwyl jy die Koninkryk bestudeer soos ek en Drenda gedoen het, dit jou persepsie van alles sal verander soos met ons gebeur het. Hierdie boek, die derde in die reeks, is oorspronklik getitel *Rykdom deur die Heilige Gees* toe ek dit in Albanië aangebied het. Ek glo daardie stelling is vandag steeds waar. Dit is strategieë wat deur die Heilige Gees geïnspireer is, en wat jou vooruitstrewend sal maak. My hoop is dat jy deur hierdie boek sal leer hoe die Heilige Gees werk in die aardse ryk om daardie strategieë te laat gebeur.

HOOFSTUK 1

ONS MOET WÁT DOEN?

Toe ek aanvanklik tuisgekom het uit Albanië, was dinge vir my heeltemal te veel. Die uitwerking van wat die Here in ons lewens gedoen het en hoe Hy toe vir my gesê het om dié boodskap na die nasies te neem, was effens oorweldigend. Die nasies? Ek was die een wat toe ons getroud is vir Drenda gesê het ek sal nooit reis nie, en ek wil nooit op 'n sendingreis na ander nasies gaan nie. Maar natuurlik het God ander planne gehad. Ek moes na die nasies gaan, maar hoe? Ek het 'n feitlik landwyse besigheid gehad, 'n kerk om te bestuur, 'n gesin om groot te maak. En 'n magdom ander verantwoordelikhede. Ek kon net nie sien hoe ek na die nasies toe kon gaan nie. Maar God het 'n plan gehad, 'n plan wat nie vereis het dat ek reis nie; 'n plan wat ek self nooit sou oorweeg, of wou oorweeg nie – televisie.

Ek en Drenda het net mooi niks van televisie af geweet nie. In daardie stadium het ons nie eens video-opnames van ons kerkdienste gemaak nie. Maar God het ons begin wys wat sou gebeur en hoe ons te werk moet gaan, en ons het gevoel ons moet televisie-uitsendings as 'n moontlikheid ondersoek. Die eerste ding wat ek geleer het, was dat dit geld kos, baie geld, as jy van televisie gebruik wil maak. Ons het uitgevind dat dit, alles in ag genome, ongeveer \$300 000 sou kos om ons eerste jaar van televisie-uitsendings te finansier. Ek erken ek was so 'n

bietjie geskok oor hoe duur dit was. Die groot kwessie was dat die kerk se finansies reeds tot die uiterste toe gerek is met dié dat ons besig was om die Now-sentrum – ons bedieningskampus – te bou. Daar was eenvoudig nie ekstra geld om met ’n televisie-uitsending te begin nie. Dis presies wat ek vir die Here gesê het, dat daar nie geld is om op daardie oomblik met ’n televisieprogram te begin nie. Ek onthou dat Hy met my saamgestem het en gesê het: “Ek weet, en dis waarom jy en Drenda daarvoor gaan betaal!”

Om te sê ons was ietwat oorweldig, was ’n om dit sag te stel, veral aangesien die kerk reg in die middel was van ’n ses tot sewe miljoen dollar-bouprojek. Glo my, die bou van die Now-sentrum was reeds ’n geweldige geloofstap en het al die geld wat ingekom het, geabsorbeer. Daarmee saam het ek en Drenda \$250 000 vir die projek beloof. En daardie geld het ook nog nie ingekom nie. Om nog ’n \$300 000 by dit alles vir die jaar te voeg, het onmoontlik gelyk.

**EK HET GEWEET GOD IS
GETROU AAN SY WOORD, EN
EK HET GEWEET DAT EK ’N
GELOOFSTAP MOET NEEM EN
HOM VERTROU OM VIR MY
TE WYS WAT EK MOET DOEN.**

Ek het geweet die pad wat ek begin stap het, was van die Here af, en Sy belofte dat hy die geld sal voorsien wat nodig is vir waarheen Hy my ook al stuur, het steeds in my gees weerklink. Tog, menslik gesproke, kon ek nie sien hoe ek en Drenda daardie \$300 000 kon bekostig saam met alles waarmee ons

reeds besig was nie. Maak nie saak hoe ek na die syfers gekyk het nie, ek kon dit nie laat klop nie. Ek het geweet God is getrou aan Sy Woord, en ek het geweet dat ek ’n geloofstap moet neem en Hom vertrou om vir my te wys wat ek moet doen. Ek wens ek kon vir jou sê ek was vol vertroue en

het my glad nie bekommer oor hierdie besluit nie, maar ek was nie. Die kerk het elke sent wat ingesamel is, aangewend vir die bouwerk. Al my persoonlike fondse is ingeploeg in die \$250 000 waartoe ek my verbind het, en baie aspekte van my besigheid moes ook daardie jaar befonds word. Daar was doodeenvoudig nie geld beskikbaar vir die \$300 000 se aanvangskoste vir die televisie-uitsending nie!

Ek en Drenda het 'n twee weke lange vakansie in Hawaii beplan gehad, en met ons tuiskoms moes ek die kontrakte teken om die televisie-uitsendings van stapel te stuur. Ek het ons vakansie in Hawaii beslis geniet, maar dit was moeilik om geheel en al te ontspan met die gewigtige besluit wat met ons tuiskoms vir my gewag het, in my agterkop. Buiten die geldelike aspek, was ek totaal onvoorbereid vir die wêreld van televisie omdat ek so selfbewus gevoel het voor 'n TV-kamera. Ek kon voor duisende mense by 'n byeenkoms praat, maar voor 'n TV-kamera het ek paniekbevange geraak. Met dit alles wat deur my gedagtes en gees gemaak het, het ek geworstel met die gees van vrees oor daardie besluit wat ek moes neem.

Hoewel ek geweet het ek het beslis van die Here gehoor, was daar steeds die feit dat daar bloot nie geld daarvoor was nie. My besigheid was reeds finansieel tot kapasiteit gestrek vir die jaar, en ek kon net nie sien hoe op aarde dit enigsins kon uitwerk nie. Ja, dit was vrees. Ja, dit was ongeloof. Ek weet dit. Ek is maar net eerlik hier. Ek het geweet ek moet aan die Woord vashou en wegkyk van dit wat ek het en aanhou om na daardie ring te kyk. God het gesê Hy sal daarvoor betaal. In daardie tyd het daar 'n goue muntstuk in ons kollektesakkie beland. Eerlikwaar, ek het nog nooit vantevore 'n goue muntstuk gesien voor ek hierdie een vasgehou het nie. Terwyl ek dit vasgehou het, het die Here met my gepraat: “Net soos Ek vir Petrus gewys het waar die muntstuk

was om sy belasting te betaal, sal Ek vir jou wys waar om die geld te kry om vir die televisie-uitsendings te betaal.”

Ek het daardie goue muntstuk saamgeneem op ons vakansie in Hawaii, en ek sou elke dag op die strand loop en bid, en die muntstuk vashou om my te herinner dat God sal voorsien wat ons nodig het vir die televisie-uitsendings. My gebedswandelings op die strand het gewoonlik só verloop: Nadat ek vir ’n rukkie in die Gees gebid het, sou ek vrede hê oor die televisiekontrak. Ek het dan begin terugstap na die huis toe, maar ek sou skaars 20 tot 30 treë teen die bult op wees, wanneer my verstand my kliphard herinner het dat daar net mooi geen menslike manier was om die geld in die hande te kry nie. Die feite was dat ons nie die geld gehad het nie, dat ons niks geweet het van televisie nie, dat ons geen toerusting gehad het nie, en die lys was nog baie langer. Maar in my gees het ek bly hoor wat die Here vir my in Albanië gesê het. Hy het belowe dat waar Hy my ook al heen sou stuur, Hy daarvoor sou betaal. Dit was reeds Meimaand, en ek moes die \$300 000 teen die einde van die jaar hê as ek dit wou laat uitwerk, wat dit ’n nog hoër berg gemaak het om uit te klim.

Die gees van vrees het ook ’n bydrae gelewer om my vasberadenheid om vas te hou aan wat God vir my gesê het, uit te daag. “Jy preek oor finansiële integriteit, en hoe gaan dit lyk as jy nie jou rekeninge kan betaal nie?” Dan het ek maar weer omgedraai en afgestap na daardie strand toe, en weer gebid en my denke vernuwe totdat ek vrede gehad het. Ek sou dié kant toe en weer daardie kant toe redeneer oor daardie kontrak, en in my gedagtes en gees daarmee worstel vir ’n week totdat ek geweet het dat ek weet alles sal uitwerk, en vrees my nie langer met negatiewe gedagtes kon folter nie. Ek en Drenda het geen idee gehad waar die geld vandaan sou kom nie, maar ons het geweet ons het van

God gehoor. Toe ek dus tuis kom, het ek die kontrak geteken, en ons was op pad om uit te vind hoe televisie-uitsendings werk.

Wat die finansiële aspek betref, het ek verbasend genoeg 'n paar maande voor ons vakansie in Hawaii, 'n oproep gekry van 'n man in Atlanta wat ek glad nie geken het nie. Hy het gesê hy het my boek oor finansies gelees en was gaande daaroor. In daardie stadium het ek die boek self uitgegee en was dit nêrens te koop buiten waar ons gewoon het nie. Maar dit blyk dat een van my werknemers met vakansie was in Atlanta en begin gesels het met dié man wat hy op die lughawe ontmoet het. Hulle het onder meer begin praat oor watter werk hy doen. My werknemer het terloops die boek by hom gehad, en het dit vir die man gegee om te lees.

Ná hy dit gelees het, was hy so geïnteresseerd daarin dat hy net eenvoudig met my moes praat. Ons het lank gesels, en hy het genoem dat hy 'n reisende evangelis was wat grootliks na ander nasies uitgereik het. Hy het gevra of ons mekaar die een of ander tyd kon ontmoet, en ek het genoem dat ek oor ongeveer 'n maand op die Atlanta-lughawe sou wees, net ná my vakansie. Ons het ooreengekom om mekaar te ontmoet. Toe ons uiteindelik by mekaar uitgekome het, het ons heerlik gesels. Ek het dit baie geniet om sy stories te hoor oor die wonderwerke en gevare wat hy op sy reise ervaar het. Maar die onderwerp van finansies het ons werklik bymekaar gebring. Hy was gefassineer deur my boek en my verhaal van hoe ek van my skuld ontslae geraak het.

Tydens ons gesprek het hy my vertel dat hy pas teruggekeer het van Charlotte waar hy 'n gas was op 'n televisieprogram, en hy het gevoel my finansiële verhaal sou 'n wonderlike storie wees vir dieselfde program. Hy sou my boek vir hulle gee en hulle van my vertel. Ek was effens uit die veld geslaan deur dit alles.

Ek het nog nooit eens gehoor van die TV-program wat hy genoem het nie, maar 'n paar weke later was daar 'n oproep vir my van die program se regisseur om te vra of ek deel van die program wou wees. Een van die vereistes om op die program te verskyn, was dat jy 'n produk beskikbaar moes hê wat hulle kon aanbied aan die kykers. Ek het vir hulle gesê ek het 'n opname van vyf CD's met my Finansiële Rewolusie-sessies. Dit was perfek, en ons het op 'n prys ooreengekom waarteen ek dit aan hulle sou verskaf. Natuurlik het ek vir hulle die reeks teen die groothandelprys gegee, maar selfs ten daardie prys het ek 'n wins ingebou vir ons bediening. Verbasend genoeg was die program 'n groot sukses, en ons het derduisende van daardie CD-stelle verkoop. Net uit daardie verkope kon ons duisende wegsit teenoor ons TV-begroting vanuit 'n bron waarvan ek niks geweet het toe ek die kontrak geteken het nie.

Toe, in nog 'n verbasende wending, het 'n man in ons kerk wat 'n paar jaar vantevore bankrot was en op die punt was om sy blyplek te verloor toe hy by ons aangesluit het, na my toe gekom. Hy wou help om die TV-uitsendings te befonds. Hy het begin uitleef wat hy oor die Koninkryk geleer het, en was nie meer arm nie. Hy het vir my \$120 000 gegee vir ons televisiebediening!

Toe ons die verkope van daardie CD's, die geld van my vriend in die kerk, en van ander gawes wat ons ontvang het, bymekaartel, het ek en Drenda nie nodig gehad om enige geld van ons eie te gee vir daardie eerste jaar van televisie-uitsendings nie!

Daardie herfs het Drenda 'n groot vrouekonferensie bygewoon, en sy is genooi na die “groen kamer” waar al die gaste tussen die sessies bymekaargekom het. Dit was 'n groot eer vir haar om genooi te word, en sy was baie opgewonde om te gaan. Ná een van die sessies, toe sy net gaan sit het om te eet, het 'n vrou wat sy nog nooit ontmoet het nie,

langs haar gaan sit. Hulle het mekaar so 'n bietjie uitgevra toe die vrou skielik wou weet: “So, is julle televisie-uitsendings al aan die gang?”

Drenda was effens onkant gevang, maar het geantwoord: “Nee, maar ons dink daaroor.”

Toe sê die vrou: “Wel, wanneer julle daar kom, skakel hierdie ou. Hy sal julle kan help.” Drenda het die nommer en e-posadres neergeskryf en dit in haar beursie gesit.

'n Paar weke het verloop, en sy het heeltemal vergeet van die papier-tjie wat sy in haar beursie gesit het. Maar een aand, nadat sy dit gekry het, het sy besluit om die persoon te e-pos net om te sien wat hy te sê het. Hy het geïnteresseerd geklink, en gevra dat sy vir hom die Finansiële Rewolusie-CD's aanstuur, wat ons toe gedoen het. Ongeveer 'n week later het sy assistant ons teruggeskakel en gesê dat die man beslis belangstel en ons by die Nasionale Godsdienstige Uitsaaiers se jaarlikse konferensie wou sien. Dit sou binne 'n paar weke plaasvind. Ons het gesê ons sal daar wees.

Ek en Drenda het deurgery na die konferensie en was nogal senuagtig voor ons ontmoeting met die man. Ek het 'n nuwe swart pak gekoop vir die geleentheid en het regtig nie geweet wat om te verwag nie. Hy het gevra dat ons hom in sy hotelkamer ontmoet om televisie-uitsendings te bespreek. Ek kan onthou hoe ons eers 'n paar keer op en af geloop het in die gang voordat ons aan sy deur geklop het, net om onself te kalmeer. Toe ons in die kamer instap, was ons verbaas om 'n hele groep mense te sien wat gewag het om met ons te gesels. Die stoele was in 'n halfsirkel gerangskik, en ons stoele het reg voor die groep s'n gestaan sodat ons vir hulle kon kyk. Ons het nie een van hulle vantevore ontmoet nie, maar hulle was almal baie professioneel aangetrek.

Ons het met alledaagse praatjies afgeskop, maar toe het hulle ons begin uitvra oor ons begeerte om 'n televisie-uitsending te begin. Ek kan steeds die eerste vraag onthou: “So, waarom wil jy by televisie betrokke raak?” Ek het dit nie op daardie tydstip geweet nie, maar almal in daardie hotelkamer was topvlak-bestuurders van verskeie aspekte van die televisiebedryf. Die man met wie ons gepraat het, was natuurlik daar, maar daar was ook mense wat betrokke was by produksie, bemaking en meer, wat almal indringende vrae gevra het. Alles in ag geneome het ek gevoel dat die gesprek baie goed verloop het. Ons was net onself. Ons het nie probeer om enigeen te beïndruk nie, en het net ons verhaal gedeel oor wat God vir ons gedoen het. Hulle het almal tevrede gelyk met ons visie en passie, en vir ons gesê hulle sal ons binne 'n paar weke terugskakel om oor meer van die detail te praat.

'n Paar weke later het ons dus weer gepraat, en hierdie keer het ons almal besluit om 'n beplanningssessie te reël vir ons televisie-uitsending. Ons het toe ook tot die gevolgtrekking gekom om die program in ons huis te verfilm, en die man met wie Drenda gepraat het, het gevra of ons daardie volgende vergadering by ons aan huis kon hou. Hy wou sien of ons huis inderwaarheid kon werk vir die uitsending.

Die dag het aangebreek dat hy na ons huis toe gekom en ons almal het gaan sit om te gesels. Tot op daardie tydstip het ek regtig nie veel geweet van sy agtergrond in televisiewerk nie, net dat die vrou by die konferensie waar Drenda was, vir haar sy nommer gegee het. Maar toe ons gaan sit, het hy vir ons begin vertel van al die televisieprogramme wat hy al vervaardig het en steeds mee besig was. Dit was alles welbekende programme! Ek was in verwondering: “Here, hoe het U hierdie man van Los Angeles af gekry tot by my huis hier op die onbekende grondpad op die platteland, in die middel van nêrens?” Hy het ingestem om

die hele program vir ons te vervaardig, dit te verfilm, en te redigeer vir 'n baie billike prys. Ons het ook almal saamgestem dat ons aanvanklik die program in ons huis, in ons woonkamer sou skiet.

Die eerste dag van opnames het begin, en ek erken ek was baie senuagtig. Soos ek al voorheen gesê het, ek het geen ervaring van die TV-wêreld gehad nie. Ek het nie geweet hoe 'n TV-program uiteengesit moet word nie, het nog nooit voor kameras gepraat nie; dit was alles nuut vir my. Ek was opgewonde om my verhaal van die Koninkryk die wêreld in te stuur, maar televisie was nog 'n vreesaanjaende drumpel in my lewe wat ek moes oorsteek.

Om dinge te vererger, het 'n hartverskeurende ding gebeur wat daardie dag selfs moeiliker gemaak het. Die vervaardiger wat daar was vir die weeklange opnames moes

**IS DAAR IEMAND ONDER
JULLE WAT LY? LAAT HOM
BID. (JAKOBUS 5:13,
1953-VERTALING)**

skielik daardie nag teruggaan huis toe. In 'n tragiese sameloop van omstandighede is sy jong seun doodgery deur die bure se voertuig toe hulle by die oprit uitgery het. Sy assistent wat daar was, het verduidelik wat gebeur het, en ons het besluit om niemand daarvan te sê totdat ons klaar is nie. Op 'n manier het ons tog daardeur gekom. Ons het drie programme opgeneem daardie dag, en ons was amptelik op televisie! Sjoel!

Toe ons ons televisie-uitsending begin het, het ons geen idee gehad hoe om vorentoe te betaal vir die lugtyd wanneer ons eers aan die gang was nie. Maar God het ons begin leer dat Hy nie net die \$300 000 aanvangskoste sou voorsien nie, maar ook sou aanhou voorsien vir die lugtyd. Ons het soveel gehad om te leer. Jy weet, ons het nooit eens daaraan gedink dat mense sou wou bydra tot ons televisie-bediening nie; dit is hoe naïef ons was.

Ek kan onthou hoe Tracy, my sekretaresse, ons van die kantoor af geskakel het kort ná ons uitsending begin het. Toe ek antwoord, kon ek hoor sy was baie ontsenu. Haar stem het gebewe. “Pastoor,” het sy gesê, “iemand wat die program gesien het, het vir ons ’n tjek vir \$500 gestuur. En, Pastoor, toe ek dit optel, was dieselfde salwing op hierdie tjek as op die geld wat jy van die reservaat in Ohio teruggebring het.”

“Is jy ernstig?” het ek gestotter. “Iemand het sowaar vir ons geld gestuur?” Dit het nooit by my opgekom dat mense geld sou stuur om die uitsending te ondersteun nie, totdat daardie tjek by ons aangekom het. Maar, loof die Here, mense het sedertdien aanhou om vir ons geld te stuur, wat die uitsending daaglik in elke tydsone op aarde moontlik gemaak het! Die onkoste het gestyg tot miljoene per jaar, maar God het altyd Sy woord aan my gestand gedoen. Hy betaal altyd die rekening.

Hierdie boek gaan daaroor om die stem van God te hoor en jou te laat lei deur die Gees van God. Ons TV-storie is ’n goeie voorbeeld van hoe die Heilige Gees mense lei om groter dinge te doen as wat hulle ooit gedink het moontlik is. Alles wat God in ons lewe gedoen het, spruit uit ons vermoë om nie net te begryp hoe Sy Koninkryk werk nie, maar ook om te kan hoor wanneer God vir ons die leiding, wysheid en antwoorde gee wat ons nodig het. Die storie wat ek jou nou net vertel het, sou nooit gebeur het as ek nie geweet het hoe om die Heilige Gees te hoor nie. Daar is tye wat ons almal moeilike situasies in die gesig staar wat vir ons hopeloos lyk. Maar God het die antwoord.

As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid.

– Jakobus 5:13, 1983-vertaling

Waarom bid? Want jy moet die antwoord, rigting en oplossing tot die probleem van God af hoor. Soos ek en Drenda soveel kere al ontdek het, God is in staat om meer te doen as wat ons ons ooit kon voorstel wanneer ons probleme moet hanteer. Hy sal jou help met unieke en soms vreemde oplossings en strategieë sodat jy die situasies kan oorkom wat vir jou dalk onmoontlik lyk. Baiekeer is jou vermoë om die antwoord te hoor die verskil tussen sukses en mislukking, tussen lewe en dood. In hierdie boek gaan ek baie verwys daarna om die stem van die Heilige Gees te hoor. Laat ek egter eers vir jou nog 'n illustrasie gee van hoe die Heilige Gees jou in moeilike tye kan help.

Toe ons met die bouprojek vir die Now-sentrum – 'n 6,5 miljoen dollar-projek – begin het, het ons aanvanklik 2,5 miljoen kontant ingesamel en ook geld gebruik wat ons in die bank gehad het. Ons het die ook die fondse gehad wat ingekom het tydens die agtien maande wat die bouprojek geduur het. Dit was 'n reuseprojek vir 'n kerk wat uit net 550 lidmate bestaan het. Ons het grond gebreek in die herfs van 2007, en alles het voor die wind gegaan tot in die lente van 2008. Jy onthou mos die resessie van 2008. Wel, ons het midde-in die resessie gebou. Die pryse van alles het hemelhoog gestyg. Net die staalpryse alleen was uiteindelik \$300 000 hoër as die kwotasie wat ons gekry het. Dit is maar net een voorbeeld. Die hele projek het ons begroting geheel en al laat ontspoor met die kommoditeitspryse wat die hoogte in geskiet het daardie jaar.

Nader aan die einde van 2008 het die banke in ons omgewing, eintlik die banke oor die hele land, begin om krediet te weier en lenings in te roep namate die resessie verdiep het. Ons bouer het ons eendag genader vir 'n betaling wat reeds deur ons bank goedgekeur was. Hy moes sy subkontraakteurs betaal, asook ander uitstaande fakture vir materiaal wat hy reeds aangekoop het. Die miljoen dollar-tjek sou gedek word

deur die goedgekeurde finansiering aangesien ons die kontantgedeelte van die fondse reeds uitgeput het. Maar daar was nie 'n miljoen dollar-tjek vir ons nie. Ons was geskok toe ons hoor dat die bank hulle aanbod teruggetrek het en die krediet geweier het. Weereens, dit was nie net ons bank nie; elke bank in die dorp het dieselfde gedoen. Die voorblad-opskrifte daardie week in ons plaaslike koerant het aangekondig dat ons bank in daardie week 550 werknemers afgelê het en baklei het om net die finansiële ineenstorting te oorleef.

Die situasie was dat ons bouer sy subkontrakteurs moes betaal asook vir materiaal wat hy reeds gebruik het. Daardie miljoen dollar-tjek was nie vir iets wat hy in die toekoms sou nodig kry nie. Hy het daardie miljoen dollar reeds uitgegee! Nou was daar ander maatskappye en gesinne wat nodig gehad het dat ons ons bouer betaal sodat hulle weer betaal kon word. Soos ons, het hy aanvaar dat die bank hulle verbintenis sou nakom. Wat nou? Wat doen jy in so 'n situasie? Ek het nie 'n miljoen dollar iewers beskikbaar gehad nie, en ek was nie van plan om by ons lidmate te gaan bedel vir die geld nie. Daarmee saam het die televisie-uitsendings ook duurder geraak, want ons het na baie ander netwerke toe uitgebrei; ons lugtyd het nou \$50 000 per maand beloop. Wat anders kon ons doen buiten wat Jakobus 5:13 ons aanraai om te doen, naamlik om te bid!

Dit het net so uitgewerk dat ons op daardie tydstip deur my besigheid nog 'n vakansie na Hawaii gewen het. Ek het 'n paar dae voordat ons sou vertrek, uitgevind dat die bank die krediet opgeskort het. Ons was op pad na die lughawe om ons vlug na Maui te haal, en ek moet erken, ek was steeds geskok. My gedagtes het teen 'n miljoen kilometer per uur gewerk. Maar terwyl ek deur die lughawe geloop het en in die versoeking was om jammer te voel vir myself, het ek die Here se stem gehoor. Hy het vir my

gesê: “Steek jou staf in die lug!” Ek het stil gaan staan en gedink oor wat God vir my probeer sê. Skielik het ek verstaan.

Dit is presies wat God vir Moses gesê het toe Israel nêrens heen kon draai toe Farao hulle teen die Rooisee vasgekeer het nie. God het vir Moses gesê om sy staf oor die see uit te steek, en toe hy dit gedoen het, het die see oopgegaan en vir die Israeliete ’n manier gegee om die Farao se weermag te ontvlug. Die staf wat Moses gedra het, het God se beloftes aan hom verteenwoordig, sowel as die gesag wat aan hom gegee is om sy taak uit te voer.

Ek het geweet wat God op daardie oomblik vir my sê. Ek was die leier, die pastor van hierdie kerk; ek het die gesag ontvang om hierdie situasie te hanteer. Ek moes my gesag opneem, opstaan en ’n manier vind. Toe ons in Hawaï aankom, kon ek net bid. Ek kon snags nie slaap nie. My gees was onrustig, en ek het geweet ek het in die Gees geworstel om die antwoord te kry wat ek nodig gehad het. Uiteindelik het Drenda met ’n idee vorendag gekom wat sy geglo het van die Here af was. Dank die Here vir my vrou! Sy was al soveel keer instrumenteel om die planne en rigting te vind wat ek in allerhande situasies nodig gehad het. Ek kan nie sê hoe waardevol sy vir my is en hoe lief ek haar het nie. Sy gee nooit op nie! Haar plan was eenvoudig dog diepgaande. Daar was geen waarborg dat dit sou werk nie, maar ons het dadelik werk gemaak daarvan. Die plan was dat ons saam ’n voorlegging sou voorberei vir ons bouer se bank, en hulle sou vra om vir ons die geld te leen. Ons voorlegging sou die bank wys wie ons was en waarom ons gevoel het die lening sou die beste wees vir albei van ons. Dit was ’n waagstuk, want soos ek gesê het, elke bank in die dorp het alle lenings gestaak. Ons het geredeneer dat as ons bouer nie betaal word nie, sou hy homself waarskynlik bankrot sou moes laat verklaar. Dan sou hy nie

in staat wees om enige lening wat hy by sy bank het, te kan betaal nie. Ons was oortuig dat dit die bank baie sou kos, en dat hulle dit ten alle koste sou wou vermy. Weereens, dit was nie ons bank nie, en hulle het geen verhouding of geskiedenis met ons gehad nie.

Ons het dus 'n blaaikaart gemaak wat die demografie en vinnige groei van ons area uiteengesit het. Ons het die bank ons geskiedenis en groeivooruitskattings gewys. Ons het ook die vele maniere aangedui waarop ons kerk 'n inkomste sou genereer buiten ons eredienste, hoe vinnig ons televisie-inkomste besig was om te styg en baie ander dinge wat ons gedink het hulle sou interesseer. Ons wou hulle gerusstel dat ons 'n risiko was wat tot hulle voordeel sou wees, self in moeilike tye soos daardie. Ons wou dit ook duidelik stel dat as die bouer nie betaal word nie, hulle die risiko kon loop van potensiële verliese wat ons hulle wou help voorkom. Ons het gevra om die visepresident wat in beheer was van die kommersiële leningsafdeling van die bank te sien. Ons het gebid en het met selfvertroue daar ingestap, met die seker wete dat dit die plan was wat die Heilige Gees ons gegee het, en ons saak gestel.

Ná ons voorlegging het hy tot ons verbasing sy sekretaresse gevra om net daar vir ons 'n tjek vir \$500 000 dollar uit te skryf om saam te neem. Dit was 'n buitengewone ding om te doen en nie hoe dinge gewoonlik hanteer word nie. Daar was geen onderskrywing nie, geen vorms nie, net 'n tjek vir \$500 000. Hy het gesê dat die ander \$500 000 onderskryf moes word, maar het ons verseker dat dit sal deurgaans aangesien hy die een is wat die besluit moes neem, en dit het ook. Ons het ons bouer betaal en die bouwerk voltooi.

Dit is moeilik om jou te sê hoe ek en Drenda gevoel het tydens die een uur lange rit terug huis toe met daardie tjek vir \$500 000 in ons sak. Ons was oorstelp van vreugde en het wonderlik gevoel! Daar is

geen woorde om te beskryf hoe ons op daardie oomblik gevoel het nie, maar ons was verwonderd oor wat die Heilige Gees pas gedoen het. Die eerste persoon vir wie ons gebel het, was ons bouer. Ek kan steeds die blydschap in sy stem hoor toe ons vir hom die goeie nuus gegee het. “Jy het wat gedoen?” het hy gesê? Hulle het jou daar die tjek net gegee?” Ons het albei geweet dat dit God is wat dit bewerk het.

**AS JY OOIIT WIL DEELHÊ
AAN DIE ONTSAGLIKE
POTENSIAAL VAN GOD SE
KONINKRYK, MOET JY LEER
HOE OM DIE STEM VAN DIE
HEILIGE GEES TE HOOR.**

Hoe het dit gebeur? Die Heilige Gees! God het die antwoorde wat jy nodig het, my vriend. As jy ooit wil deel hê aan die ontsaglike potensiaal van God se Koninkryk, moet jy leer hoe om die stem van die Heilige Gees te hoor. En dit is waarom hierdie boek gaan.

Om saam met die Heilige Gees te stap deur situasies in jou lewe is meer opwindend as enige James Bond-fiek wat jy al ooit gesien het! En net soos in die fik, weet jy wie op die ou einde wen, ongeag hoeveel spanningsvolle oomblikke daar mag wees.

HOOFSTUK 2

DIE KONINKRYK

Ek is seker jy het al gehoor van baie ligsinnige hofsake wat later van die hofrol geskrap is. Hier is 'n voorbeeld.

'n Gevangene in 'n tronk in Colorado het die Nasionale Voetbal-liga (NFL) vir meer as \$88 miljard (ja, *miljard*) gedagvaar. Die klagte spruit uit 'n beslissing wat gemaak is tydens 'n wedstryd tussen die Dallas Cowboys en die Green Bay Packers. Die skeidsregters het beslis dat 'n vangslag deur Dez Bryant (van die Cowboys) onvoltooid was. Die gevangene het nie saamgestem nie. Hy het beweer dat die NFL-skeidsregters nalatig opgetree het en dat hulle hul fidusiêre pligte versaak het. Waarom het die gevangene hulle vir \$88 miljard gedagvaar? Die nommer op mnr. Bryant se trui was 88!¹

Dis belaglik, nè? Ek dink enigeen kan insien dat daardie saak 'n doodloopstraat is. Maar wat bepaal of 'n saak geldig is of nie? Wel, volgens *law.com*, is die twee hoofredes waarom 'n saak van die rol geskrap word as daar 'n kwessie rondom jurisdiksie is, of as daar geen wetlike gronde is nie. Waarom haal ek wetlike kwessies op in 'n boek oor die Heilige Gees? As jy wil sien hoe die Heilige Gees in jou situasie werk, moet jy weet wat die wet sê. God se Koninkryk is presies dit, 'n koninkryk, wat funksioneer binne die grense van die Koninkryk. In my vorige twee boeke in hierdie reeks: *Jou finansiële rewolusie: Die krag van*

getrouheid en Jou finansiële rewolusie: Die krag van rus verduidelik ek die basiese beginsels waarvolgens die Koninkryk van God werk wat gesag en wetgewing betref. Maar om te verstaan wat ek sê wat die Heilige Gees betref, sal dit ons dalk help om terug te kyk en ons ten minste te herinner aan daardie beginsels. Kom ons begin met 'n vasvra.

Jesus het toe vir hulle gesê: “’n Profeet is nie sonder eer nie, behalwe in sy tuisdorp, en binne sy familiekring en in sy huis.”
*En **Hy kon nie** ’n enkele kragtige daad daar verrig nie, behalwe dat*
Hy ’n paar siekes gesond gemaak het deur hulle die hande op te lê.
Hy was verbaas oor hulle ongeloof.

– Markus 6:4–6, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Kan jy vir my sê waarom Jesus nie die mense in hierdie gedeelte kon genees nie? Die standaard godsdienstige antwoord is dat dit nie God se wil was om hulle te genees nie. God weet immers die beste, en as Hy hulle wou genees, sou Hy dit mos gedoen het, nie waar nie? Hy is mos God, of hoe? Sou jy ook aanneem dat daar mense daar was wat genesing nodig gehad het, maar nie gesond geword het nie? Ek dink dit word ook duidelik gestel in hierdie gedeelte. Om te weet waarom Jesus nie daardie mense kon genees nie, is ’n baie belangrike vraag, een wat beantwoord moet word. As ons die uiteinde van die verhaal lees, sien ons dat Jesus gesê het dit was hulle gebrek aan geloof wat gemaak het dat hulle nie genees is nie. Om Jesus se opmerking en gevolgtrekking te verstaan, moet ons ook ’n goeie begrip hê van wat geloof is en waarom dit hier op aarde nodig is vir die hemel om hier ook gesag te hê.

Kom ek som die kwessie in hierdie geval op. Dit was nie ’n gebrek aan mag, of gewilligheid aan Jesus se kant nie. Dit was ’n kwessie van

gesag. Die hemel het nie die wetlike gesag gehad om in daardie situasie te werk vir die meeste van daardie mense nie. Wag, voordat jy die boek regoor die kamer gooi en sê ek het geen idee waarvan ek praat nie, gee my net 'n minuut om te verduidelik.

Toe Adam en Eva op die aarde geplaas is, het hulle algehele en absolute gesag gehad oor die aardse ryk. Ek dink die volgende Skrifgedeelte bevestig my stelling:

U het hom 'n bietjie minder gemaak as die engele; U het hom met heerlikheid en eer gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel.

U het alles aan sy voete onderwerp. Want deurdat hy alles aan hom onderwerp het, het hy niks nagelaat wat hom nie onderworpe is nie.

– Hebreërs 2:7–8, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Let op dat die Bybel sê Adam is gekroon met heerlikheid en eer. Die term “gekroon” verwys na 'n posisie van gesag vanwaar Adam geheers het, nie dat hy 'n letterlike kroon gedra het in die Tuin van Eden nie. Maar ons kan aanneem dat daar 'n gloed of 'n ligkrans rondom hom was – net 'n gedagte. Adam het die heerlikheid (die salwing en majesteit van die Koninkryk) en die eer (posisie van gesag) van die Koninkryk van God gehad. En vanuit daardie twee dinge het hy namens die Koninkryk van God geheers met gedelegeerde gesag. Satan was reeds op aarde toe die mens geskep is, en het die mens verag. Hy het ook die gesag wat God aan die mens gegee het, begeer. Hy het geweet dat hy nie net die gesag by Adam kon oorneem nie; hy moes Adam bedrieg om sy kroon (sy gesag) vrywillig neer te lê.

Daarom het Satan toe vir Eva bedrieg, Adam het gevolg en hulle het teen God gerebelleer, en hulle het hulle posisie in God se Koninkryk verloor. Hulle het Satan gevolg en was nou onder die gesag van Satan

se koninkryk. Jy vra dalk: “Waarom het God Satan in die eerste plek toegelaat in die Tuin?” Ongelukkig moes Hy. Ek weet jy is dalk effens geskok deur daardie antwoord, maar jy sal sien dat dit waar is. Kom ons kyk na Genesis 2:8–9:

Die HERE God het ’n tuin aangeplant in Eden, in die ooste en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas. Die HERE God het uit die grond allerhande bome laat uitspruit – ’n genoeë om na te kyk en goed om van te eet. Die boom van die lewe was in die middel van die tuin, en ook die boom van die kennis van goed en kwaad.

– Genesis 2:8–9, 2020-vertaling

As ons dié gedeelte lees, wonder ons dalk waarom God die Boom van Kennis van Goed en Kwaad reg in die middel van die Tuin van Eden geplaas het langs die Boom van die Lewe. Eenvoudig gestel, vir God om met reg Satan se gesagsgebied binne te gaan, moes Hy die mens die keuse gee om God of Satan te dien. Om dit wettig te maak, moes die mens ’n keuse hê onder wie se gesag hy wil staan. Solank as wat die mens vir God – die Boom van die Lewe – gekies het, sou hy oor Satan heers. Daarom moes God die Boom van Kennis van Goed en Kwaad langs die Boom van die Lewe plaas.

Hier is ’n belangrike ding waarna ons moet oplet: Die mens kon nie op aarde geplaas word sonder vrye wil nie. Ek weet, Ons leer gewoonlik dat ons met vrye wil geskep is sodat God kon sien wie Hom liefhet. Dit bevat seker ’n mate van waarheid. Maar, die kern van die saak is dat dit onwettig sou wees sonder die vermoë om te kies. As die mens nie vrye wil gegee is nie, kon hy nie daar geplaas word nie. Daar is baie meer wat ek hieroor kon sê, maar dit is reeds in my vorige twee boeke behandel.

Adam kies dus om Satan se leuens te glo, hy verloor die Koninkryk van God en God konfronteer die mens in Genesis 3.

En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

– Genesis 3:17–19, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Prontweg gestel, God sê vir Adam dat hy, Adam, die aarde vervloek het. Omdat Adam absolute gesag oor die aarde gehad het, was hy die een wat die deur oopgemaak het vir Satan se heerskappy en vir God die deur gewys het. God se hande was nou afgekap, en Adam moes deur sy eie pynlike arbeid en sweet oorleef. Daar is een piepklein detail wat Satan vergeet het om vir Eva te noem toe hy haar versoek het. Dit was dat God reeds vir Satan veroordeel het, hom uit die hemel gegooi en verklaar het dat sy ewige tuiste die hel sou wees. Dit is belangrik dat jy dit verstaan. Soveel mense sal sê: “Hoe kan ’n liefdevolle God mense hel toe stuur?” Hy het nie, Adam het. Soos ons in die volgende Skrifgedeelte sien, was die hel nooit vir die mens bedoel nie.

“Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: ‘Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is.’

– Matteus 25:41, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Toe Adam en Eva onder Satan se jurisdiksie beland het, het hulle ook onder Satan se oordeel beland. Die hele mensdom het deur Adam onder Satan se heerskappy beland. Dink aan 'n beesboerdery. As een van jou koeie 'n kalfie kry, word daardie koei gebrandmerk as jou eien-dom omdat die hele trop aan jou behoort. So, Adam se hele nageslag het toe outomaties onder Satan se jurisdiksie gekom. Die normale godsdienstige begrip, of eerder gebrek aan begrip, is dat 'n mens se eindbestemming – hemel of hel – bepaal word deur hoe goed of sleg hulle is, en dit is verkeerd. Die feit is dat die mens se oordeel reeds bepaal is. Almal gaan hel toe. Nie oor enigiets wat hulle verkeerd gedoen het nie, maar oor dit wat Adam gedoen het. Nou, deur God se liefde vir die mans en vroue wat Hy geskep het, het Hy 'n reddingsplan deur Jesus Christus daargestel sodat hulle daardie oordeel kan vryspring en teruggebing kan word onder die gesag van God se Koninkryk.

*Hy wat ons **verlos** het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde . . .*

– Kolossense 1:13, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Ons moet daarop let dat God 'n wettige plan beraam het om ons van Satan se gesagsgebied en oordeel te bevry. Maar om daarvan gebruik te maak moet elke man, vrou en kind persoonlik kies om dit te doen deur die Naam van Jesus aan te roep. Christene, luister na my. Daardie gawe vrou wat op die hoek woon sal hel toe gaan tensy iemand vir haar vertel sy moet die Naam van Jesus aanroep voordat sy sterf. Daar gaan 'n klomp gawe mense in die hel wees. Dit is 'n leuen van Satan wat mense laat dink dat hulle die hel kan vryspring as hulle goeie werke doen. Die Naam van Jesus is die enigste Naam wat gegee is

vir mans en vroue sodat hulle gered kan word en Satan se oordeel kan vryspring. Ek wil dit ook duidelik maak dat toe Adam in sonde verval het, hy geestelik gesterf het en van God afgesny was. Hy het egter sy wettige besit van die aarde self behou. Aangesien dit die geval is, moet Satan demon-geïnspireerde mense gebruik, en God moet Geesvervulde mense gebruik om dinge uitgevoer te kry in die mens se koninkryk. Daarom, wanneer ons terugkyk, moet ons besef dat om hemel of hel toe te gaan 'n wetlike kwessie is; dis nie gegrond op hoe goed ons is nie, maar op die wetlike oorwinning wat Jesus aan die Kruis oor Satan behaal het. Hoewel Jesus dit vir ons wettig gemaak het om onder Satan se gesag uit te kom, moet elke mens die Naam van Jesus aanroep om dit vir hulleself toe te eien.

Ek weet ons het 'n paar paragrawe gelede hieroor gepraat, maar kom ons gaan terug na die vraag wat ons vroeër gevra het: “Waarom kon Jesus nie die mense in Markus 6 gesond maak nie?” Ek het gesê dit was 'n kwessie van gesag, en dit is. Aangesien Adam die geestelike gesag van die mens aan Satan oorhandig het, kan God nie net hier ingestorm kom wanneer Hy ook al wil nie; dit sal onwettig wees. Die Bybel maak dit duidelik dat die aarde God s'n is met alles daarin. Wat die koninkryk van die mens betref, het Hy egter nie wettige gesag oor hulle nie. Ons sien dit in Lukas 4:5–7:

Daarna bring die duiwel Hom op 'n hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld. Toe sê die duiwel vir Hom: “Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.”

– Lukas 4:5–7, 1983-vertaling

Ons sien hier dat Adam die wettige gesag oor die koninkryke van die wêreld aan Satan gegee het. Daarom kan God nie net doen wat Hy wil op aarde wat die mens betref nie. Maar as God 'n man of vrou kan vind wat in Hom glo, en absoluut oortuig is van die hemel se gesag, dan kan God Sy gesag deur daardie persoon uitoefen. Satan het reg aan die begin op dieselfde manier toegang verkry tot die aardse ryk deur die een wat wettige verblyfreg op aarde gehad het – Adam. Toe God sy verteenwoordiger, Adam, verloor het, moes Hy 'n ander toegang tot die aarde vind om sy reddingsplan in plek te stel, en daardie man se Naam was Abram.

Die Here het vir Abram gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.

Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek.

In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”

– Genesis 12:1–3, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Abram, of Abraham, was die deur wat God gebruik het om weer toegang te verkry tot die aardse ryk om sy reddingsplan vir die mensdom in werking te stel. God het 'n verbond gesluit met Abraham en sy nageslag, en deur daardie wetlike ooreenkoms het God toegang gehad om Jesus Christus na die wêreld te stuur, maar slegs deur Abraham se nageslag. Dit is waarom Jesus 'n afstammeling van Abraham moes wees en waarom Israel nie toegelaat is om met naburige nasies te ondertrou nie. Dit is ook die rede waarom die eerste boek van die Nuwe Testament niks meer is as 'n geslagsregister nie. Dit bewys dat Jesus inderwaarheid

'n wettige afstammeling is van Abraham, en bewys dus aan Satan dat Jesus wettiglik gekom het en die prys vir sonde betaal het.

Aangesien die mens steeds wettige beheer van die aarde het, wat nie verwar moet word met geestelike beheer nie, moet God en Satan mense gebruik om dinge gedoen te kry. Eenvoudig gestel, die mens is die enigste wettige entiteit op aarde. Maar net soos Satan toegang verkry het deur Adam en Eva wat sy leuens geglo het, so moet God ook mense vind wat sal glo wat Hy sê om Sy uitdrukking op aarde te bewerkstellig.

Wanneer 'n man of vrou in hulle hart volledig oortuig is van wat God sê eerder as wat Satan sê, noem ons dit geloof, en gee dit wetlike jurisdiksie aan God om deur daardie persoon op aarde te werk en Sy wil teen Satan se koninkryk te bewerkstellig. Daar is soveel meer om te sê, maar ek het in groot detail daaroor geskryf in my eerste twee boeke.

Die eintlike sleutel is dit: Aangesien Satan hier op aarde is, is hy altyd besig om sy koninkryk te verdedig en God se planne omvêr te gooi. Daarom werk God in die geheim om Sy planne en strategieë op aarde te implementeer. En dit is in die wete dat God in die geheim werk dat jy die grootste sleutel tot jou sukses en oorwinning in die lewe sal kry. Ek noem dit die Krag van Strategie!

HOOFSTUK 3

VERSTOM

Die foonoproep was van 'n man wat ek nog nooit ontmoet het nie. Hy het homself voorgestel en gesê dat hy en 'n paar ander mans my boek, *Faith Hunt*, en my lering oor die Koninkryk van God baie geniet het. Om die waarheid te sê, hy het my gevra of ek sou belangstel om na Montana te gaan en 'n Vrydagaand en Saterdagoggend met ongeveer 70 mans deur te bring. Voordat ek kon antwoord, het hy voortgegaan: “Ná jy die Saterdagoggendssessie afgehandel het, wil ek jou graag neem om wildsbokke te jag aangesien die jagseisoen begin het.” Wel, dit het my nie lank geneem om daardie vraag te antwoord nie. Hy het ook my seuns saamgenooi as hulle sou wou kom. In die daaropvolgende somermaande het hulle my gehelp om die korrekte lisensie te kry vir die jagtog wat daardie herfs op hande was. My seun Tim het besluit om ook saam te gaan, en hy het sy lisensie gekry.

Ek het uitgevind dat dit 'n Promise Keepers-groep was, en hulle was gefassineer deur die jagstories wat ek in my sessies gebruik het en hoe ek die bokke wat ek geskiet het, deur geloof ontvang het. Hulle wou meer hoor oor hoe ek my bokke altyd binne 30 tot 40 minute kry en hoe God my selfs geleer het om spesifiek te wees oor die tipe bok wat ek sou kry wat die geslag en die grootte van die horings betref. Ek moes erken die stories wat ek sien gebeur het, was amper ongelooflik, en as

ek dit nie met my eie oë gesien het nie, sou ek waarskynlik net so graag meer daarvan wou hoor.

Uiteindelik het die week van my besoek aan Montana aangebreek. Ek en Tim het opgevlieg en 'n paar van die groep se leiers ontmoet. Hulle was 'n klomp gawe mans wat die Here waarlik liefgehad het. Hulle het ons geneem om te gaan visvang en het ons ook na 'n skietbaan geneem om die visiere van die gewere wat hulle vir ons gereed gehad het, in te stel. Ek het in Ohio grootgeword, en was nie gewoond daaraan om oor 'n lang afstand te skiet nie. Ons wette laat slegs haelgewere toe om bokke mee te jag, en die afstand waaroor ons geskiet het, was amper altyd korter as 100 treë, meestal selfs minder as 50 treë. Toe hulle dus die teiken op 200 treë stel, was dit 'n aanpassing, maar na 'n rukkie se oefen kon ek die teiken tref en was ek gereed om te gaan.

Daardie aand het ek die sessie aangebied in 'n plaaslike skoolouditorium, en ook die volgende oggend. Die ouens was almal gretig om te hoor en te leer oor die Koninkryk van God, veral hoe God vir my die wette van die Koninkryk geleer het deur my jagtogte. Na middagete was hulle reg om te gaan jag. Ek het nog nooit wildsbokke gejag nie, en ek het seker nie verstaan wat die prosedure behels nie. In my ervaring gaan jag jy met hoogstens twee of drie ouens. Maar ons het drie of vier voertuie nodig gehad om almal daar te kry. Ek onthou hoe Tim my die aand vantevore gevra het: “Pa, is jy nie senuweeagtig oor die jagtog nie? Jy gaan vir hulle oor die Koninkryk leer en met sekerheid verklaar dat die Koninkryk op alle lewensterreine werk, maar wat as jy nie jou bok geskiet kry terwyl hulle almal toekyk nie?”

Ek het gesê ek is nie senuweeagtig daaroor nie. Ek en Drenda het reeds ons saad geplant en was in ooreenstemming oor daardie wildsbok; dit sou daar wees.

Op pad na die plaas waar hulle toestemming gehad het om te jag, het hulle verduidelik dat die wildsbok die vinnigste dier in Noord-Amerika was en die tweede vinnigste op aarde – net die jagluiperd is vinniger. Hulle het ook gesê 'n wildsbok het uitstekende sig en hulle beste verdediging is om te hardloop. Sou hulle jou dus raaksien, is hulle binne sekondes skoonveld. My permit was vir 'n bokram, en Tim het 'n permit gehad vir 'n bokooi.

Die plan was om tot op die plaas te ry, dan na die hoë grond toe op te ry, en vandaar te voet tot bo te stap en af te kyk in van die valleie om te sien of ons enige diere kan raaksien. Met ons staptog na die bopunt het ons 'n trop wildsbokke 'n ent daarvandaan gesien. Die terrein in ag genome, het ons gevoel ons kan naby genoeg kom deur in die lae klowe te hou terwyl ons nadergaan. Ons sou baie versigtig teen die laaste hoogte moes opsluip, en onself dan stadigaan teen die kruin moes optrek om te kan skiet as die wildsbokke steeds daar was wanneer ons daar aankom. Wanneer ons eers daar was, sou ons oor 'n afstand van 200 tot 250 treë moes skiet wanneer ons in posisie is.

Ek en Tim het 'n hele ent stadig op ons mae gekruip na die kruin van die heuwel wat uitgekyk het oor die kloof waar ons die bokke gesien het. Ons plan het sowaar gewerk; die trop het ons nie gewaar nie. Ek het my geweer gelig, maar dit was moeilik om dit stil te hou danksy die afstand en die feit dat ek uitasem was van die kruip. Uiteindelik het ek die ram in my visier gehad en die sneller getrek. Dit was mis. Die trop het verward gelyk toe ek 'n tweede skoot afgevuur het. Dit was weer mis. Die trop was nou aan die beweeg toe ek die derde skoot en toe 'n vierde skoot afgevuur het. Dit was elke keer mis. Toe ek 'n vyfde keer wou skiet, het ek net 'n klik gehoor. My ammunisie was op.

In die harwar het ek nie opgelet dat die hele trop wegbeweeg het en buite trefafstand was nie. Almal behalwe die ram waarna ek geskiet het.

Dit het heeltemal stil gestaan net 'n paar treë van waar hy met die eerste skoot was. Ek het Tim paniekerig gevra om sy geweer te leen. Ek het nou regop gestaan en geskiet sonder om te dink. Die ram het neergeslaan. Ek was terselfdertyd opgewonde en verlig. Die ram was myne. Toe ek oor my skouer terugkyk, het ek tot my verbasing gesien hoe 'n groep ouens almal opgewonde uitroep en saam met my bly is. Party was op hul selfone en ek kon hoor een van hulle sê: “Ja, dit was net soos in *Faith Hunt*, dit het niks langer geneem as 40 minute nie, en die ram het botstil gestaan, net soos in die boek.” Hulle het almal gekom om te sien hoe die Koninkryk funksioneer. Ek het hulle immers vir ure lank daaroor onderlig, en hulle wou sien hoe dit werk. Wel, ten spyte van my swak skote het dit steeds gewerk en dit het geloofwaardigheid verleen aan dit wat ek vir hulle geleer het. Tim het sy bokooi daardie namiddag gekry met 'n perfekte skoot na 'n bok wat gehardloop het. Ons was albei so opgewonde! Montana is beeldskoon, en ek en Tim het 'n Koninkryk-ervaring gehad. Ek het die wildsbok se kop laat monteer en dit bo my lessenaar gehang om my aan die Koninkryk en God se getrouheid te herinner.

**DIE WÊRELD IS HONGER
OM DIE REGTE, EGTE
KONINKRYK TE SIEN, EN
GOD HOU OOK DAARVAN OM
HULLE TE VERBAAS.**

Waarom vertel ek jou 'n jagstorie in hierdie boek? Want God wil jou gebruik om sy Koninkryk vir al jou vriende, bure en familie te demonstreer. Hulle wil almal sien hoe dit werk. Die wêreld is honger om die regte, egte Koninkryk te sien, en God hou ook daarvan om

hulle te verbaas. Om hulle verstom te laat staan, moet jy leer hoe God se Koninkryk funksioneer en hoe die Heilige Gees vir jou die antwoorde en geleenthede gee wat jy nodig het om almal, selfs jouself te verbaas.

Soos ek later uitgevind het, die leiers van die mannegroep het my laat kom vir die spesifieke rede om die Koninkryk te demonstreer aan baie van die ouens wat in 'n godsdienstige groef vasgeval het. Ek het later uitgevind dat baie hulle harte daardie dag vir die Here gegee het na aanleiding van dit wat ek hulle geleer het. Die Heilige Gees het daardie plan in plek gestel en Hy sal jou ook help met jou planne vir sukses.

Kom ek vertel vir jou nog een storie, maar hierdie een kom net so uit die Bybel en sal weer illustreer hoe God jou wil verras met bonatuurlike planne en strategieë. Dit sal dan vir ander rondom jou die bewys wees van Sy realiteit en liefde.

Op 'n dag toe Jesus langs die Gennesaretmeer staan en die skare vorentoe beur om die woord van God te hoor, sien Hy twee skuite aan die kant van die meer lê. Die vissers het uitgeklim en was besig om die nette uit te spoel. Jesus klim toe in een van die skuite, die een wat aan Simon behoort, en vra hom om dit 'n entjie van die oewer af weg te stoot.

Nadat Hy gaan sit het, het Hy die skare van die skuit afgeleer.

Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: "Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang."

"Meneer," antwoord Simon, "ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi."

En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur. Hulle wink toe vir hulle maats in die ander skuit om te kom help. Hulle het gekom en albei die skuite so vol gemaak dat hulle amper gesink het.

Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor Jesus se knieë neer en sê:

"Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens."

Hy en almal wat saam met hom was, was stom verbaas oor die

groot klomp vis wat hulle gevang het. Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus wat saam met Simon gewerk het, was net so verbaas. Toe sê Jesus vir Simon: “Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.”

– Lukas 5:1–10, 1983-vertaling

Petrus, Jakobus en Johannes het die hele nag lank uit op die see, maar het niks gevang nie. Hulle was ervare vissermanne wat as’t ware op die water grootgeword het en dit baie goed geken het; tog het hulle met leë hande teruggekom. Maar natuurlik eindig die storie nie daar nie. Jesus leen Petrus se boot sodat Hy daaruit kan preek, en dan sê Hy vir hulle om hulle nette uit te gooi in die diep water vir ’n vangs. Petrus is effens geskok en noem dat hulle die hele nag lank visgevang het maar niks daarvoor kan wys nie, maar omdat Jesus so gesê het, sou hy dit doen. Toe Petrus sy nette uitgegooi het, sê die Bybel het hy soveel vis gevang dat sy net begin skeur het en sy vriende hom moes kom help. Die Skrif sê verder dat sy vriende se nette ook amper geskeur het en dat albei bote so vol vis was dat hulle amper gesink het. Die Bybel sê dat daardie ervare vissermanne so verstom was oor daardie dag se visvangs dat hulle dit laat vaar en Jesus gevolg het.

Dit is een van my gunstelingstories in die Bybel, want dit demonstreer duidelik die verskil tussen die twee koninkryke, die koninkryk van die duisternis en die Koninkryk van God. Die koninkryk van die duisternis, Satan se heerskappy, is ’n gebroke, verarmde, “werk die hele nag en vang-niks nie”-koninkryk. Dit is vol van pynlike arbeid en sweet, net om te oorleef. Ek noem dit die “aarde se vloekstelsel”, daargestel deur Adam se rebellie, vergeleke met die wonderlike prentjie van die Koninkryk van God en wat dit voortbring. Kyk goed na die twee uiterstes, en besef dat God vir jou deur nommer twee gegee het, die Koninkryk.

Nou ja, elke Christen sal hande klap en uitroep: “Ja, God se Koninkryk is wonderlik; kyk net na daardie vangs!” Maar baie min sal vra hoe Jesus dit gedoen het, en die meeste weet nie dat hulle dieselfde gesag en vermoë gegee is om dieselfde vlak van voorsiening te beleef as Petrus, Jakobus en Johannes daardie dag nie. Die standaard-antwoord is dat Jesus dit kon doen omdat Hy Jesus is. Maar wag, ons het reeds gesien Jesus kon nie almal in Markus 6 genees nie want die hemel het geen gesag daar gehad nie. Nee, daar was geestelike wette van die Koninkryk wat daardie dag daar gefunksioneer het, wat daardie vangs laat gebeur het.

Maar hier is die ding. Die meeste Christene wat ek ontmoet, dink nie eens daaraan dat dit moontlik is om dieselfde dinge te doen wat Jesus gedoen het nie. En as hulle daaraan dink, het hulle geen idee hoe Hy dit reggekry het nie. Ek het ’n sêding wat ek in my konferensies gebruik: As jy iets nie vir iemand kan leer nie, kan jy dit nie leef nie. Wat ek bedoel, is as jy nie kan verduidelik hoe iets gebeur het nie, sal jy dit nooit kan dupliseer nie. So, hoe het daardie groot vangs gebeur? Kan jy dit verduidelik? As jy daardie soort sukses wil “vang”, moet jy uitwerk hoe daardie visse daar beland het. Die meeste mense is egter geskok wanneer ek sulke dinge sê. Maar wat het Jesus gesê?

“Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.”

– Johannes 14:12, 1983-vertaling

Toe Jesus gesê het ons kan dieselfde dinge doen as wat Hy doen omdat Hy na die Vader gaan, het Hy verwys na die Heilige Gees wat oor ons sou kom ná Sy dood en opstanding. Dit is dieselfde Heilige

Gees wat oor Hom gekom het met Sy doop in die Jordaanrivier, wat Hom in staat gestel het om die kragtige daade van God te doen wat ons sien as ons sy bediening volg. Aangesien ons weet dat Sy mag verhinder is in Markus 6 deur die mense se ongelooft, maar nie verhinder is in Lukas 5 wat die visvangs betref nie, moet ons die wette van die Koninkryk bestudeer sodat ons kan bepaal wat die vloei van die Heilige Gees in 'n gegewe situasie verhinder of fasiliteer. Kom ons kyk dus na die verhaal en vind uit of ons Koninkrykwette en -beginsels kan identifiseer en daaruit kan leer.

As jy my eerste boek gelees het, sal jy weet wat hier op 'n geestelike vlak gebeur het toe Petrus sy boot vir Jesus gegee het om te gebruik. Petrus se skuit, eintlik sy hele visvangbesigheid, het van koninkryk of gesagsgebied verwissel! Ja, toe Jesus die skuit in sy bediening gebruik het, het Petrus se skuit onder die gesagsgebied van die Koninkryk van God gekom. Toe die skuit eers onder die Koninkryk se gesagsgebied gekom het, het die Heilige Gees wettige gesag gehad om vir Jesus 'n Woord van Kennis te gee aangaande die teenwoordigheid van die skool visse daar in die diep water. Die massiewe visvangs was die gevolg van 'n bonatuurlike plan en strategie van die Heilige Gees wat deur Jesus aan Petrus gegee is op daardie dag. Ek noem dit geheime kennis, en daardeur het Petrus, Jakobus en Johannes daardie dag die grootste vang van hulle lewe gehad. Om die waarheid te sê, die Bybel sê dat daardie ervare vissermanne verstom was.

Ek glo dat Jesus vir jou ook 'n verstommende lewe wil gee, 'n lewe wat die Koninkryk demonstreer vir die mense rondom jou sodat hulle ook vir Jesus sal sien en leer ken. Ek glo dat die leë skuite van godsdienstigheid mense nooit na God toe sal aantrek nie. God wil hê mense moet die goedheid van Sy Koninkryk ervaar sodat hulle kan sien en

glo dat Hy goed is en bereid is om almal wat na Hom toe kom, aan te neem. Jesaja praat daarvan wanneer hy die volgende profesie gegee het, wat na die Kerk verwys:

*. . . sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, ’
n planting van die HERE, tot sy verheerliking.*

– Jesaja 61:3b, 1953-vertaling

So, wat is die boodskap wat ek wil hê jy moet leer uit die visvangstorie in Lukas 5? Daar is baie geestelike wette wat jy kan raaksien in daardie verhaal, maar as jy net aan hierdie een gedagte kan vashou, sal dit jou lewe verander:

Enigeen kan visvang as Jesus vir hulle sê presies waar om hulle nete uit te gooi!! Of kom ons sê dit anders: Enigeen kan visvang as Jesus vir hulle sê waar die vis is en hoe om hulle te vang!

Mense sê vir my: “Gary, dis nou goed en wel, maar Jesus is nie meer hier nie.” Nee, maar dieselfde Heilige Gees wat daardie dag vir Hom gesê het waar die vis is, leef in jou as jy ’n gelowige is. Luister na wat Jesus vir sy dissipels gesê het toe Hy hulle daarop voorberei het dat Hy moet weggaan.

*“Ek sê dit nou al lank vir julle, terwyl Ek nog by julle is;
en wanneer die Raadgewer, die Heilige Gees, kom wat die Vader in
my Naam sal stuur, sal Hy julle in alle opsigte onderrig en julle ook
herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Ek laat vir julle vrede na;
my vrede deel Ek met julle. Ek gee nie soos die wêreld gee nie.
Julle moet nie ontsteld of beangs word nie.”*

– Johannes 14:25–27, NLV

Wat was Jesus se vrede? Dit was die Heilige Gees wat Hom gewys het hoe om elke situasie wat Hy teëgekom het, te hanteer. Jesus het die Heilige Gees die Raadgewer genoem. My vriend, hierdie Raadgewer woon in jou en sal jou nooit verlaat nie. Luister jy na Hom? Jy sal saamstem dat God waarskynlik die antwoord het vir enige situasie waarin jy jou mag bevind. Jesus sê hierdie Raadgewer kan jou leer en jou raad gee oor alle dinge. Volgens *Strong's Exhaustive Concordance of the Bible* (3875), beteken die Griekse woord wat hier met Raadgewer vertaal is, letterlik een wat ontbied is, of geroep is om by jou te wees, veral om tot iemand se hulp te kom. Dit beteken ook een wat iemand se saak voor 'n regter bepleit, 'n advokaat vir die verdediging, 'n regsadviseur, iemand wat regshulp verleen. In die ruimste sin van die woord beteken dit 'n helper, iemand hulp verleen, of 'n assistent.

**JESUS HET DIE HEILIGE GEES
DIE RAADGEWER GENOEM.
MY VRIEND, HIERDIE
RAADGEWER WOON IN JOU
EN SAL JOU NOOIT
VERLAAT NIE.**

Ek weet nie van jou nie, maar ek kan so 'n assistent gebruik, of hoe? Die Heilige Gees was Petrus se antwoord toe hulle die hele nag visgevang het sonder enige resultate. En die Heilige Gees was my antwoord toe ek geen idee gehad het waar om die geld te kry wat ek nodig gehad het om uit die skuld

te kom nie. Nadat ek my gesin vir jare in so 'n finansiële verknorsing gedompel het, was dit die Heilige Gees wat my een nag in 'n droom gewys het om die maatskappy vir wie ek gewerk het, te verlaat en my eie maatskappy van die grond af te begin.

Dit was die Heilige Gees wat vir my gesê het dat die missie van hierdie maatskappy sou wees om God se goedheid te verkondig en mense

te help om uit die skuld te kom. Op daardie oomblik was dit die gekste idee waarvan ek ooit gehoor het. Ek gaan mense help om van hulle skuld ontslae te raak? Ek was die nommer 1-voorbeeld van wat om nie met geld te doen nie. My lewe was 'n finansiële nagmerrie. Maar dit is wat Hy vir my gesê het om te doen. Daarom, in geloof, het ek en Drenda die eerste tree gegee en basies dieselfde gesê as Petrus: “Here, dit maak geen sin nie, maar omdat U so sê, sal ons dit doen.” Deur die raad van die Heilige Gees te volg, het die nuwe maatskappy met rasse skrede vooruitgegaan en die geld voorsien wat ek en Drenda nodig gehad het om uit die skuld te kom. Daardie maatskappy is steeds aan die gang en vandag – 30 jaar later – maak dit elke jaar steeds honderde duisende dollar wins.

Luister, ek is nie so slim nie, en jy ook nie, maar God het vir jou dieselfde Heilige Gees gegee om jou te help met die antwoorde wat jy in jou lewe nodig het. Maar soos ons in hierdie boek sal sien, het ons ook 'n aandeel daaraan. Ons moet saam met die Heilige Gees werk om God se wil te laat geskied.

Ongelukkig, uit my ervaring met mense, blyk dit dat baie Christene nie antwoorde het vir die probleme wat hulle moet hanteer nie. Hulle probeer maar net in hulle eie krag werk om 'n oplossing te vind, en na al hulle gesukkel het hulle niks of amper niks om daarvoor te wys nie. Hulle het nooit gehoor dat die Heilige Gees daar is om hulle in elke lieue situasie by te staan nie. Hoewel die meeste Christene sal sê: “God sal my help om dit of dat te doen,” verstaan hulle nie *hoe* Hy hulle help nie. Hulle weet ook nie hoe om die antwoorde te hoor wat hulle nodig het nie. So baie besef nie dat hulle saam met God moet werk om die antwoorde wat hulle nodig het te bereik nie. Hulle wag steeds vir God om iets aan hulle probleem te doen terwyl die antwoord reeds binne-in hulle is.

Mense sal byvoorbeeld, wat geld betref, sê God gaan hulle voorspoedig maak. Ek sê: “Wonderlik!” Hoe gaan God die geld vir jou gee?” Aanvanklik voel hulle in die gesig gevat dat ek so ’n vraag durf vra, asof ek hulle geloof in twyfel trek. Maar ek hou aan. “Waar gaan die geld sy opwagting maak? Hoe gaan God dit by jou uitkry?” Wanneer ek aanhou vra vir ’n antwoord, het hulle geen idee nie. Dit is in die haak om vir ’n tyd lank nie te weet nie, maar uiteindelik het jy ’n antwoord nodig. Jy kan nie ’n oes insamel wat jy nie kan sien nie. Onthou, Jesus was baie spesifiek toe Hy vir Petrus gesê het waar die vis is, en Hy het selfs vir Hom gesê hoe om die vis te vang: “Gooi jou net uit.” Uiteindelik moet jy weet waar om jou net uit te gooi as jy die vis wil vang.

Omdat mense tipies ’n “posbus-mentaliteit” het en dink dat God dit net eenvoudig sal doen, bly hulle finansiële situasie in dieselfde wanfunksionele gemors vir tien of twintig jaar sonder dat enigiets ooit verander. Dit is jammer. Wil jy weet waarom dit dieselfde bly? Dit is omdat hulle nooit geleer is om vis te vang op die Heilige Gees se manier, die Koninkrykmanier, nie. Hulle weet nie hoe die Heilige Gees werk in die aardse ryk om hulle te help om sukses te behaal nie. Hulle weet nie watter rol hulle moet speel en watter rol die Heilige Gees speel om die sukses te behaal wat hulle so desperaat nodig het nie.

Dit is soos die man wat ek eendag tydens my etensuur gesien het. Hy was massief, en het seker maklik 170 kg geweeg. Hy het ’n beenstut gedra en twee kieries by hom gehad. Hy kon beswaarlik beweeg. Nadat hy sy kaasburger geëet het, het hy vir ’n sny grondboontjebottertert gevra. Ek het geskok gesit en luister toe hy vir die tert vra. Ek weet nie mooi wat hy gedink het nie, maar hy het genoeg tert gehad. Dit was baie duidelik, en dit was besig om hom dood te maak. Hy het sukkel-sukkel van die tafel af opgestaan en stadig en pynlik uit die restaurant

gestap. Dit is hoe ek Christene vandag sien lewe – hulle hoor die belof-
tes maar hou aan om die gif te eet, en dan wonder hulle waarom dinge
nie uitwerk nie.

My vriend, jy het die antwoord!
Die Heilige Gees, God Self, leef in
jou en voorsien jou van enige ant-
woord wat jy nodig het. Mense vra
vir my of hulle met Susan of Sally

**DIE HEILIGE GEES, GOD SELF,
LEEF IN JOU EN VOORSIEN
JOU VAN ENIGE ANTWOORD
WAT JY NODIG HET.**

moet trou, of hulle hierdie of daardie werk moet aanvaar, of hulle moet
trek of bly waar hulle is, hulle aandeel moet verkoop of nog aandeel
moet aanskaf. Die Heilige Gees in jou het die antwoorde. Dit is die
doel van hierdie boek, om te leer hoe die Heilige Gees ons help en hoe
die Koninkryk funksioneer wat die stem van die Heilige Gees betref.

Kom ons vat dus saam:

**Enigeen kan visvang as Jesus vir hulle sê waar die vis is en hoe
om dit te vang – selfs jy!**

Karol verduidelik in hierdie e-pos hoe haar lewe verander het:

*Vandag 'n jaar gelede het ek Kersgeskenke gekoop met kredietkaarte. Ek
het die kaarte tot op die limiet gebruik omdat ek nie geld gehad het om
geskenke vir my dogter, wat steeds in Kersvader geglo het, te koop nie. Ek
het in voortdurende ang en hartseer geleef, en ek het vir pastoor Gary
geskryf en vir hom gesê dat hierdie “saai”-ding nie werk nie, dat niks
gebeur het nie. Hy het geduldig vir my teruggeskryf dat ek moet wag, dat
die oes tyd neem en dat dit gewoonlik nie oornag gebeur nie.*

*Vandag, 'n jaar later, koop ek geskenke vir my hele familie en
betaal ek kontant daarvoor. Ek koop geskenke van \$300 tot \$400
en ek eer die paar mense wat my in daardie moeilike tye gehelp het.*

Verlede jaar het ek vir 'n paar maande in 'n keldervertrek gebly by vriende wat my uitgehelp het. Ek het nie eens geld gehad vir kos of brandstof nie. Maar nou bly ek in 'n pragtige, deftige woonstel, en my yskas is vol kos.

Op 3 Desember was dit my dogter se verjaardag, en ons het haar na Hershey-park in Pennsilvanië geneem. Ons het haar beste vriendin saamgenooi en in die Hershey-hotel gebly, en ons het kontant betaal vir alles. Ek kon ook vir haar 'n pragtige geskenk koop wat my meer as \$400 gekos het, nadat iemand my verlede jaar verneder het deur vir my \$30 te gee om haar verjaardag te vier.

Ek kan nie eens hierdie verhaal neerskryf sonder om te huil nie. Ek is so dankbaar teenoor pastoor Gary en sy vrou, Drenda. Hierdie jaar was die beste jaar van my lewe. Die dinge wat God in my lewe gedoen het is wonderlik. Ek kan 'n boek skryf met al my stories. Dankie dat julle my geleer het dat ek die hemel hier op aarde kan beleef en uitelef.

Die volgende e-pos is een van die verstommendste stories van die Koninkryk wat ek al gehoor het; dit kom van Sharon in Michigan.

Pastoor Gary, ek skryf dit namens my man en myself. Ek wil net dankie sê dat jy en jou vrou so 'n absolute inspirasie vir ons was. Ons het van jou gehoor op Sid Roth se televisieprogram ongeveer drie of vier jaar gelede. Ons het deur 'n baie moeilike tyd gegaan. My man het sy werk verloor na agtien jaar se diens, en ons het pas 'n huis van \$280 000 gebou toe dit gebeur het. Ons was kniediep in die skuld en stres.

Ons het jou CD bestel, en dit het ons deurgedra. Ons het geleer dat skuld verlamrend kan wees en 'n mens se lewe en gesondheid

drasties kan beïnvloed. Ons kon nie ons weg daaruit sien nie. Hoewel ons nie ons huisverband kon betaal nie, kon ons vir twee jaar daar bly voordat ons moes trek. Dit in sigself was 'n seëning.

Om 'n lang storie kort te maak, my man was in staat om sy vorige werk terug te kry na vier jaar, omdat hy die geloof behou het en God se belofte geglo het, en deurdat jy en jou vrou ons gehelp het met julle CD's waarna ons geluister het.

My man het sy werk teruggekry, asook sy salaris terugwerkend vir daardie vier jaar! Daar was geen prokureur of enige hofspraak daarvoor nodig nie. Hy het ook al sy verlof van daardie vier jaar teruggekry. Om die waarheid te sê, die eerste ding wat hulle van hom vereis het, was om met verlof te gaan! Wel, met sy terugwerkende salaris kon ons kontant betaal vir 'n beter huis as die een wat ons verloor het. Dankie vir alles wat julle doen.

Van Andrew in Missouri:

In Mei, twee jaar gelede, het ek 'n moeilike tyd deurgemaak. Ek was nie gelukkig in my vorige werk nie en het 'n nuwe posisie in eksterne verkope aanvaar. Die skuldeisers het aan die deur geklop, ek het beswaarlik genoeg geld gehad vir kos en brandstof, die einde van die maand was op hande, en die huurgeld moes binnekort betaal word. Wat ek WEL gehad het, was 'n stapel CD's van Gary van die Revolution 2.0-reeks. Ek het eendag in 'n ereidiens gesit, en ek wou saai, maar ek het net \$23 op my naam gehad en skaars genoeg brandstof vir die week. Dit het nie goed gegaan by die werk nie, en ek het vir God gesê dat ek wil saai, maar dat ek net nie die geld gehad het om dit te doen nie. Ek het 'n stem binne my hoor sê dat ek (God) meer

kan doen met \$23 as wat jy kan. God het my oortuig om \$20 te saai en Hom te vertrou vir 'n goeie oes.

Daardie Donderdag het ek uitgehelp met iemand anders se rekening. Ek was bereid om te help selfs al sou ek nie veel kry nie al het ons ook enige produkte verkoop gekry. Aan die einde van die dag het my opsiener vir my gesê dat hy die hulp waardeer en dat ek al die verkope van die dag onder my naam kon opskryf (ingeval jy gewonder het, dit gebeur nie juis waar daar kommissie by betrokke is nie). Raai wat? Die totale wins wat ek sou ontvang, was . . . \$2 000!!! Dit was 'n 100-VOUDIGE OES in minder as 'n week!

God is waarlik getrou, en 'n klein bietjie is baie wanneer God deel is daarvan. Sedertdien was ek baie getrou in die gee van my tiendes en offergawes met 'n vrolike gesindheid en vol verwagting vir groei.

'n Paar maande nadat dit gebeur het, is ek geseënd met 'n nuwe posisie wat PRESIES was waarvoor ek gesaai het. Ek het aanbeweeg van net-net deur die maand kom tot om my inkomste te vervierdubbel in net twee jaar. Loof die Here – Hy kry al die eer daarvoor. En so terloops, die bank besit nie meer my kar nie, en ek ry vandag 'n splinternuwe motor wat AFBETAAL is!!!

Hier is 'n getuienis uit Korea:

Beste pastoor Gary

Ek het 'n doellose lewe geleef, en ek kon nie enigiets op my eie bekostig nie. Ek het van aalmoese geleef, en wanneer mense moeg geraak het om my te help, was my enigste hoop om 'n pakkie koekies en 'n bottel koeldrank te kry. Dit was al wat ek kon bekostig vir my en my twee

kinders. Ek kon nie bekostig om ons huur of ons rekeninge te betaal nie. Ek kan steeds onthou toe ek die eerste keer 'n lewendige stroming van 'n Faith Life-kerkdiens gesien het. Ek het vir julle aanlynpastoor verduidelik hoe benard my situasie was, en al wat hy gesê het, was dat ek vir God moes vra om my te wys hoe en waar ek moet visvang, net soos Hy vir Petrus gewys het toe hy sy belasting moes betaal. Om 'n lang storie kort te maak, ek besit nou 'n Afrika-restaurant en 'n haarsalon, alles omdat ek na pastoor Gary se leringe geluister het. Die lof behoort aan die Here!

Hierdie is 'n paar wonderlike stories! Maar jy sê dalk: “Dit is fantasies, Gary. Ja, dinge werk uit vir ander mense, maar nie vir my nie.” Wel, jou storie is nog nie klaar geskryf nie! Kom ek vra jou: Terwyl jy hierdie hoofstuk sit en lees, hou jy desperaat vas aan jou stoel in die vrees dat jy gaan wegsweef? Nee, natuurlik nie. Hoekom? Want jy verstaan die wet van swaartekrag, en jy weet dit is op almal van toepassing. Die Koninkryk van God werk ook so. Jy kan leer wat daardie wette is. Jy kan leer om die unieke strategieë te onderskei wat jou lewe kan verander in 'n verhaal van God se mag. Ons het reeds vasgestel dat dit die Heilige Gees se insig en hulp is wat hierdie stories moontlik maak. Kom ons begin dus ons reis met 'n oorsig van die basiese beginsels oor die Heilige Gees se werking, en dat sal ons in meer besonderhede kyk oor hoe om die strategieë te onderskei wat ons nodig het.

HOOFSTUK 4

DIE BASIESE BEGINSELS: MOET NÊRENS GAAN DAARSONDER NIE!

As jy van plan is om 'n lewe vol van die Heilige Gees se strategieë en Geeservulde oorwinnings te ervaar, moet jy in die eerste plek wedergebore wees en in die tweede plek, die Doop met die Heilige Gees ervaar het. Ja, dit is twee heeltemal verskillende werkings van dieselfde Heilige Gees. As dit vir jou totaal vreemde konsepte is, is dit in die haak. Ek sal dit stap vir stap verduidelik. Maar ek wil dit reg aan die begin duidelik maak: Jesus het gesê dit is so belangrik om die Doop met die Heilige Gees te ontvang, dat Hy gesê het jy moet nêrens heengaan daarsonder nie! Ek het nie so gesê nie, Jesus het in Handeling 1:

“Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

– Handeling 1:4b–5, 1983-vertaling, klem bygevoeg

*“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees
oor julle kom, en julle sal my getuies wees.”*

– Handeling 1:8, 1983-vertaling

Let op dat Jesus sê: “Moet nêrens heengaan daarsonder nie – dit is noodsaaklik!” Hy het basies gesê: “Jy het hierdie krag nodig om God se werke te doen, om ’n getuie vir die Koninkryk te wees.” Tog is daar vandag ’n menigte Christene wat nog nie gehoor het van die Doop met die Heilige Gees nie, ’n menigte Christene wat in die kerk grootgeword het, maar steeds nie gehoor het dat ons die Doop met die Heilige Gees nodig het nie. Of hulle het in die kerk grootgeword, en het gehoor dat die Doop met die Gees nie vir vandag se gelowiges bedoel is nie, dat wonderwerke iets van die verlede is.

Ek het grootgeword in ’n kerk wat dit geleer het en het nooit gehoor van die Doop met die Heilige Gees nie. Ek het so baie e-posse gekry van mense oral oor die wêreld wat ook nog moes hoor van daardie kragtige waarheid. Baie van die e-posse wat ek ontvang, bevraagteken die geldigheid van hierdie gawe vir vandag. Dit is waarom ek hierdie waarheid aangaande die Doop met die Heilige Gees hier op papier aanspreek.

Ek glo die Bybel is baie duidelik oor hierdie aspek, en ek wil die Bybel self die praatwerk laat doen. Dit sal al jou vrae beantwoord. Maar eers wil ek vir jou die agtergrond gee van hoe ek die waarheid oor die Doop met die Heilige Gees ontdek het.

Toe ek jonger was, was ek honger vir die dinge van God (ek is steeds, al is ek ouer), en was ek ’n lidmaat van ’n genootskaplike kerk. Ons het elke Sondagoggend deur die gewoonlike godsdienstige roetines gegaan. Dalk is dit ook jou ervaring. Ek onthou ’n paar gesange gevolg deur ’n oomblik van stille oordenking. Ons het altyd die Onse Vader-gebed hardop gesê, en

daarna het die predikant gepreek. Dit is gevolg deur 'n slotgesang, en die seën wat uitgespreek is. Elke diens het op dieselfde manier verloop.

Die mense daar was wonderlik, en ja, hulle was regtig lief vir God. Maar ek het nooit waarlik die realiteit van die evangelie ervaar nie. Ek het nie gesien dat mense se lewens dramaties verander of dat hulle deur die krag van God genees is nie. Jy kan sê dat ek nie juis die demonstrasie van die Koninkryk van God gesien het nie.

Daar was ek dus – honger vir God se dinge, agtien jaar oud, en bestuurder van my pa se pizza-winkel. Een aand het 'n man in die winkel ingekom en my na 'n herlewingsdiens genooi. Dit is gehou by 'n klein Metodistekerk in my dorp, en die gasspreker was 'n evangelis wat gepreek het oor hoe Jesus vandag steeds dieselfde dinge doen as wat Hy gedoen het toe Hy op aarde was.

Dit het my aandag getrek, want dit is wat ek wou ervaar. 'n Aantal van my vriende was lidmate van die kerk, en ek het besluit om die herlewingsdiens by te woon. Ek het dalk nie daardie aand van die Doop met die Heilige Gees gehoor nie, maar ek was diep geraak deur die teenwoordigheid van God in daardie diens. My vriende wat daardie kerk bygewoon het, het my aangemoedig om op 'n Sondag terug te kom, wat ek gedoen het. Ek het so lief geraak vir daardie kerk, dat ek dit my nuwe geestelike tuiste gemaak het.

'n Paar weke na die herlewingsdiens het ek 'n groep vroue ontmoet wat die kerk bygewoon en ook 'n weeklikse Bybelstudie gehou het. Hulle het gepraat oor iets wat hulle die Doop met die Heilige Gees genoem het, en verskeie ander dinge waarvan ek nog nooit gehoor het nie. Ek was so gretig om te hoor van hierdie krag waarvan hulle gepraat het, dat ek hulle gevra het of ek hulle vrouebybelstudie kon bywoon. Hulle Bybelstudiegroep het soggens bymekaargekom, en aangesien ek saans in die pizza-winkel gewerk het, het ek besluit om te gaan.

Toe ek daar kom, het ek uitgevind dat ek inderdaad die enigste man daar was en ook die enigste agtienjarige, maar dit het nie vir my saak gemaak nie. Ek het die Bybelstudie bygewoon omdat ek honger was vir God. Ek het *so* baie vroe gevra.

Die vroue was baie geduldig met my. Hulle het saam met my deur die Bybel gegaan en vir my in my *eie* Bybel vir my gewys dat die Doop met die Heilige Gees ook vir vandag bedoel is en dat die krag van God vandag beskikbaar is net soos dit was toe Jesus op aarde was. Die beste was toe hulle vir my gesê het die Doop met die Heilige Gees is vir *alle* gelowiges – dit is vir enigeen wat daarvoor vra.

Nadat ek die Bybelstudiegroep vir 'n paar weke bygewoon het, het hulle vir my vertel 'n landswyse bediening met die naam Women's Aglow het 'n byeenkoms beplan in ons stad. Women's Aglow was en is steeds 'n organisasie wat baie oor die Heilige Gees leer. Hierdie vroue was van plan om dit by te woon, en hulle het my genooi om saam met hulle te gaan. Dit was in 'n tyd toe mense van alle denominasies bymekaar sou kom om van hierdie Doop met die Heilige Gees te hoor en dit te ervaar, aangesien dit iets was waaroor grootliks in Pinksterkerke gepraat is. Daardie tyd word deur baie mense die Charismatiese Vernuwings genoem, waar die lering oor die Heilige Gees onder verskillende denominasies heen versprei het.

Toe ek die Women's Aglow-byeenkoms bygewoon het, het ek honderde vroue gesien wat byeenkom. Ek was natuurlik in die minderheid aangesien ek 'n man was, maar die teenwoordigheid van God was tasbaar in daardie vergadering.

Ek was verwonderd om van mense te hoor hoe hulle genees is, en ek het verstom gestaan en kyk hoe sommige mense vir wie daar gebid is, op die grond neergeval het. Dit was iets wat ek nog nooit voorheen gesien het nie, en ek was nuuskierig en 'n bietjie verward daaroor. Ek het uitgevind

dat mense dit “val in die Gees” noem. Hoewel dit in ’n menslike sin ietwat vreemd was vir my, het die mense met wie dit gebeur het vol blydschap opgestaan en was hulle duidelik aangeraak deur die Here. Later het ek by die vroue gehoor dat ons vlees nie die krag van God kan hanteer nie, en dus soms oorweldig word deur wat hulle “die salwing” genoem het.

Hulle het my gewys waar dit in Jesus se eie bediening gebeur het. In Johannes 18:4b–6 (1983-vertaling) toe die soldate Jesus wou arresteer, het Jesus gevra:

“Vir wie soek julle?”

“Jesus van Nasaret,” antwoord hulle Hom.

*“Dit is Ek!” sê Hy toe vir hulle . . . Toe Jesus dan vir hulle sê: “Dit is Ek!”
het hulle teruggedeins en op die grond neergeval. (klem bygevoeg)*

Tydens die lofprijsing was die vroue rondom my almal so opgewonde, en ek het gehoor hoe baie mense rondom my in tale gespreek en die Here geloof het. Die hele ervaring was so nuut vir my dat ek vir die grootste deel van die byeenkoms net in verwondering gestaan het. Hoewel daar baie aspekte van die byeenkoms was wat ’n bietjie vreemd was vir my, kon ek nie die ongelooflike, tasbare teenwoordigheid van God ontken nie. Ek was so opgewonde om te ontdek dat die realiteit van die evangelie, die krag van God, steeds op aarde gefunksioneer het, net soos in die Bybel.

Daardie dag het die spreker gevra dat enigiemand wat hierdie gawe van die Heilige Gees wou ontvang, vorentoe sal kom vir gebed aan die einde van die byeenkoms. Ek het vorentoe gegaan sodat die vroue vir my kon bid. Terwyl hulle gebid het, is ek oorweldig deur die teenwoordigheid van God wat al sterker geword het. Toe ek my aan Sy teenwoordigheid oorgee, was ek verbaas om myself in die Gees te hoor bid, en om woorde

te sê wat ek nie verstaan het nie. Ek het daardie aand 'n hele tydjie in tale gebid. Ek was so oorweldig deur die ervaring dat ek vir almal wou vertel wat met my gebeur het! Maar toe ek vir my vriende by die kerk daarvan vertel het, was hulle nie so opgewonde nie. Hulle het gesê dat die spreek in tale van die duiwel was, of dat dit iets van die verlede was. Hulle het my gewaarsku om weg te bly van daardie “Holy Rollers” af!

Daardie tyd was kerke nie ontvanklik vir die gawes van die Heilige Gees nie, en die heersende doktrine was dat wonderwerke saam met die apostels verbygegaan het. Maar ek het nou begryp dat God se krag nie iets van die verlede was nie!

Kort voordat hierdie Women's Aglow byeenkoms plaasgevind het, is ek in beheer geplaas van die jeugbediening in daardie klein Metodistegemeente. Ek het nie nodig gehad om veel meer te doen as om elke Sondagand 'n jeugbyeenkoms te fasiliteer nie. Ons het gewoonlik 'n paar speletjies gespeel, verversings geniet en 'n kort Bybelstudie gehou. Ek was self ook nog net 'n jongmens, maar ek was ywerig vir die dinge van God en was bereid om te help.

Daar was gewoonlik so vyftien kinders in die groep, en ná my ervaring daardie dag by die Women's Aglow byeenkoms wou ek vir hulle vertel van hierdie Doop met die Heilige Gees wat ek ervaar het. Ek het besef dat, soos ek, die meeste van hulle nog nooit eens daarvan gehoor het nie. Ek het ook geweet hulle gaan nie daarvan hoor in die Sondagoggend-erediens by daardie spesifieke kerk nie.

Voordat ek vir jou vertel wat volgende gebeur het, dink ek ek moet jou vinnig vertel hoe ek destyds gedink het. Ek het nie die predikant se toestemming gekry om met die jeuggroep daaroor te praat nie. (Ek besef nou ek moes dit gedoen het.) Ek het ook nie vir hom vertel wat met my gebeur het nie.

Ek het nie probeer om in opstand te kom teen my kerk nie, en ek het nie probeer om agter my predikant se rug te gaan nie. Ek was net opgewonde. In daardie stadium het ek nie regtig verstaan hoe kontroversieel die onderwerp was nie, en ek het vir seker nie gedink die predikant sou daarteen wees nie.

Die Sondagaand ná ek die Doop met die Heilige Gees ontvang het, het ek beplan om die jeuggroep te vertel wat met my gebeur het. Ek wou ook vir hulle party van die Skrifgedeeltes in die boek Handeling wys waar daaroor gepraat word. Ons het in 'n kring op die vloer gesit terwyl ek my ervaring met hulle gedeel het en deur sommige Skrifgedeeltes gegaan wat die ervaring bevestig.

Daardie spesifieke aand het die predikant ook die jeuggroep bygewoon en aan my linkerkant gesit terwyl ek van my ervaring vertel het. Dit was nie vir my snaaks dat my predikant by die jeuggroep was nie. As my predikant het ek gedink hy is in elk geval vertrouwd met dit wat ek sou deel.

Ek het dus vir hulle vertel van die byeenkoms waarheen ek gegaan het en oor die dinge wat ek gesien het. Ek het nie regtig in besonderhede ingegaan oor die spreek in tale nie. Ek het in die plek daarvan eerder op Handeling 1:9 gefokus waar ons lees dat ons *krag* sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons kom om 'n getuie vir Hom te wees. Ek het nie eintlik geweet hoe om die byeenkoms af te sluit nie; ek het daarom die kinders gevra om hulle hande op te steek as hulle die Doop met die Heilige Gees wil ontvang.

Ek het op daardie oomblik nie geweet wat om te doen nie. Ek bedoel, ek het nooit gesien hoe enigiemand 'n persoon bedien met die Doop met die Heilige Gees nie buiten dit wat ek by die Women's Aglow konferensie gesien het nie. Ek dink ek het in daardie stadium dalk twee of drie Bybelverse daarvoor geken.

Ek het daarom net gesê: “As jy die gratis geskenk van die Heilige Gees wil ontvang, steek jou hand op. Kom ons buig ons hoofde en bid saam.” Dit is al wat ek gesê het. Ek het nie aan hulle geraak of hulle voorgesê hoe om die Heilige Gees te ontvang nie. Ons het ons hoofde gebuig en gebid. Natuurlik het ons ons oë toegemaak om te bid soos enige “goeie” genootskaplike Christen geleer is.

Nadat ek “Amen” gesê het, het ek ’n rumoerigheid onder die kinders gehoor. Ek het my oë oopgemaak en gesien dat party van die kinders gehuil het, party het geruk, en sewe van hulle het in tale begin praat. En daar was ’n buitengewone gloed op hul gesigte. Hulle het geskyn soos gloeilampies! Ek was geskok!

My predikant, wat tot op hierdie punt niks gesê het nie, het my op die skouer getik en gevra of hy onmiddellik met my kan praat. Ons het na die kamer langsaaan gegaan, en hy het my in die oë gekyk en gesê: “Dit is van die duiwel af. Jy kan nie meer die jeugleier hier wees nie. Ons gaan nie sulke dinge duld nie.”

Ek het gedink: *Hoe kan jy sê dis van die duiwel af? Kyk net na daardie kinders! Hulle gloei!* Jy kan die salwing fisiek op hulle gesigte sien. Natuurlik het ek destyds nie eens geweet wat die woord “salwing” beteken nie. Ek het net geweet hulle gloei, en ek het nie aan hulle geraak of vir hulle gesê hoe om op te tree nie. Dit was baie ontmoedigend en verwarrend vir my dat my predikant my so berispe het, en ek het nie geweet wat om te doen nie.

Die volgende Sondag het ek weer kerk toe gegaan. Ek het egter nie op my gewone plek aan die voorkant van die kerk gaan sit nie, maar in een van die agterste banke. Ek het geweet ek is soort van in my predikant se slegte boekies as gevolg van wat in die jeuggroep gebeur het, en ek het gedink ek moet maar liever ’n lae profiel handhaaf totdat ek dinge goed deurgedink het.

Tydens die Sondagoggend-erediens was daar die gewone oomblik van oordenking. Dit was 'n baie stil en gewyde oomblik van gebed in my kerk. Almal se hoofde was gebuig, en daar was nie 'n geluid in die kerk nie. Jy kon 'n speld hoor val. Dit was op daardie oomblik wat ek gevoel het hoe iemand my op die skouer tik. Ek het op die punt van die bank gesit, en iemand het klaarblyklik in die paadjie langs my gestaan en my op die skouer getik.

Ek was eers geskok om te dink dat iemand gedurende hierdie baie stil en gewyde gebedstyd na my toe geloop het. Toe ek opkyk, was ek verbaas om een van die kinders te sien wat die vorige week die jeuggroep bygewoon het. Ek het ook geweet hy was een van die sewe wat die Doop met die Heilige Gees ontvang het. Hy het na my gekyk en gesê: “Kom ons gaan.” *Kom ons gaan? Waarheen?* het ek gedink.

Tot my verbasing was daar dieselfde gloed op sy gesig as die aand toe hy die Doop met die Heilige Gees ontvang het. Ek het geweet God was op die punt om iets te doen. Maar ek was nie seker dat dit die tyd of plek was nie, aangesien ek reeds in die moeilikheid was by die predikant. Ek het ook geweet dat dit ons nie maar net kon doen wat ons wou in die Sondagoggenddiens nie. Toe sê hy: “Ek gaan vir my ma bid.”

Ek het eindelijk begin verstaan wat aan die gang is. Ek het sy ma geken. Sy was 'n klein, skraal vroultjie wat al baie lank siek was. Sy het vyf werwels in haar rug gehad wat besig was om te verkrummel, en die dokter se enigste hoop was om al vyf aan mekaar vas te maak. Dit was 'n baie groot operasie, en my vriend was haar enigste kind. Natuurlik was hy besorg oor sy ma.

Nadat hy die Doop met die Heilige Gees ontvang het, was Hy seker dat Jesus sy ma sou genees. Toe hy sê “Kom ons gaan”, het ek dus gedink hy gaan na sy ma toe loop, sy hande op haar sit en saggies vir haar bid. Maar dis nie wat hy gedoen het nie. Hy het na sy ma toe gestap,

haar van die kerkebank af opgetel, en haar tot voor in die kerk gedra.

Hy het haar voor in die kerk neergesit en so hard as wat hy kan vir haar in tale begin bid. Onthou, dit alles het gebeur gedurende die “stil” oomblikke van oordenking, wat glad nie meer so stil was nie. Ek was geskok! Toe het hy na my toe gedraai en gesê: “Verduidelik vir hulle wat aan die gang is.”

Ek het nou verstaan waarom hy my by hom wou hê. Aangesien ek die een was wat hom van die Doop met die Heilige Gees vertel het, het hy gereken ek kon die gemeente daarvan vertel na hulle hom in tale vir sy ma hoor bid het.

Daar was ek dus, voor in die kerk as sy segsman, en daar was hy, besig om in tale vir sy ma te bid. Ek het nie regtig geweet wat om te sê nie, veral aangesien my predikant na my gesit en gluur het. Ek het eenvoudig vir die gemeente vertel dat sy ma siek was en dat hy besig was om in tale vir haar te bid, en dat ons in die Bybel daarvan kan lees. En weet jy wat? Sy is oombliklik genees in die kerk daardie oggend!

Dit was alles danksy die geloof van ’n seun wat nie regtig omgee het wat enigiemand anders van hom gedink het as hy vir sy ma bid nie. Hy was oortuig dat die Heilige Gees steeds lewend en aktief was en sy ma kon genees.

“DIE WOORDE WAT EK MET JULLE PRAAT, PRAAT EK NIE UIT MY EIE NIE; MAAR DIT KOM VAN DIE VADER WAT IN MY BLY EN SY WERKE DOEN.” (JOHANNES 14:10B, 1983-VERTALING)

Selfs al is sy oombliklik genees, het die kerk dit nie aanvaar nie. Baie van hulle het eintlik na die tyd na my toe gekom en gesê: “Wel, ek het nie omgee dat hy vir sy ma gebid het nie, maar daardie vreemde taal, ons kan die tale-ding nie hanteer nie”. Wel, ek kan jou waarborg die duiwel haat ook die tale-ding en ek

hoop dat ek jou voor die einde van die boek kan help verstaan waarom hy die spreek in tale soveel haat.

Dalk het jy in 'n kerk grootgeword waar tale en die gawes van die Gees nie beoefen is nie. Of dalk het jy grootgeword met die lering dat spreek in tale nie meer vir vandag bedoel is nie of iets van die verlede is. Hierdie vrae is nie moeilik om te beantwoord nie. Die Bybel is baie duidelik daaroor. Kom ons kyk dus deeglik na die Woord en ontdek die waarheid van die Doop met die Heilige Gees. Kom ons gaan terug na die verse wat ons aan die begin van die hoofstuk gelees het.

“Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.

Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

– Handeling 1:4b–5, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Daar is verskeie belangrike dinge in hierdie verse:

1. Die Doop met die Heilige Gees is nie dieselfde as die doop met water nie.
2. Jesus het gesê dit is uiters belangrik. Om die waarheid te sê, Hy het dit eintlik duidelik gemaak dat jy niks daarsonder kan doen nie.

Onthou, Jesus het pas sy dissipels beveel om te gaan en die evangelie aan al die nasies te verkondig, maar hulle sal nie die Koninkryk van die hemel kan demonstreer of bevestig sonder hierdie Doop met die Heilige Gees nie. Daarom het Hy gesê: “Bly hier totdat julle hierdie bemaagtiging ontvang het.”

*“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea
en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

– Handeling 1:8, 1983-vertaling

Krag! Die Griekse woord wat hier vir “krag” gebruik word, is *dunamis* en dit is waar ons woord vir dinamiet vandaan kom. Ons sien dus dat God se krag oor ons kom om Sy werk te doen. Vroeër in Jesus se bediening het Hy genoem dat die krag, of salwing waaronder Hy gefunksioneer het, van Sy Vader af kom.

*“Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie;
maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.”*

– Johannes 14:10b, 1953-vertaling

“Dit verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie.”

– Johannes 5:19, 1983-vertaling

Jy sien, Jesus self het daardie bemagtiging van die Gees van God nodig gehad. Die woord “salwing” beteken *om aan te smeer*. Jesus het daardie salwing by die Jordaanrivier van Sy Vader ontvang toe die Heilige Gees op Hom gekom het in die vorm van ’n duif.

Dit was eers ná Jesus die salwing ontvang het dat Hy in staat was om die werke van die Koninkryk te doen. As *Jesus* dit nodig gehad het, het ons dit ook nodig! Daardie krag sal getuig deur die demonstrasie dat God werklik is aan dié wat Hom nie ken nie.

Die Bybel sê ook dat jy krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees **OOR JOU KOM**, nie wanneer Hy *in* jou gekom het toe jy wedergebore is nie.

Baie mense is verward wanneer ons oor die Doop met die Heilige Gees, want hulle is onder die indruk dat hulle reeds die Heilige Gees ontvang het toe hulle Christus aangeneem het. En die waarheid is dat hulle *wel* die Heilige Gees ontvang het toe hulle wedergebore is. Die Heilige Gees het hul gees lewend gemaak vir God en een gemaak met God.

Ons is lewend gemaak vir God deur die krag van die Heilige Gees in ons binneste wanneer ons weergebore word. Let egter op dat hierdie Skrif sê wanneer die Heilige Gees oor jou kom. Dit is 'n belangrike saak wat ons later in hierdie boek sal behandel: Om wedergebore te word en om gesalf en gedoop te word met die Heilige Gees is twee verskillende dinge. Ons kan 'n beter perspektief hierop kry as ons na Johannes 20:21–22 (1953-vertaling) kyk:

“Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!”

Hier sien ons hoe Jesus na sy opstanding sy dissipels groet, op hulle blaas en vir hulle sê om die Heilige Gees te ontvang. Dit is die oomblik waarop hulle wedergebore word en hulle gees in hulle binneste lewend raak vir God. Tog sê Jesus ook vir hulle om te wag vir die Doop met die Heilige Gees, wat later oor hulle sal kom.

As hulle die volheid van die Heilige Gees ontvang het toe Jesus op hulle geblaas het, waarom sou Hy hulle dan aansê om in Jerusalem te wag totdat hulle die Heilige Gees ontvang het wat oor hulle sou kom soos Hy belowe het? Weereens, dit is twee verskillende gebeure en twee verskillende funksies, maar dieselfde Gees. Ek wil ook beklemtoon dat Jesus Self ook met die Heilige Gees gedoop moes word voordat Hy Sy

bediening kon begin en effektief kon wees in dit wat Hy gekom het om te doen. Voordat Jesus met die Heilige Gees gedoop is, is daar geen rekord van 'n enkele wonderwerk wat Hy gedoen het nie.

Het Jesus die brood aan die etenstafel vermeerder toe Hy 'n kind was? Het Hy wonderwerke gedoen toe Hy 'n baba was? Het Hy Sy babakos vermeerder toe dit op was omdat Hy steeds honger was? Nee! Hy het nie. Waarom nie? Die eenvoudige en eerlike antwoord is: Hy *kon nie*.

Dit was nie totdat Hy die Heilige Gees by die Jordaanrivier ontvang het dat Hy wonderwerke begin doen het nie. Jy sien, Jesus het as 'n mens na die aarde gekom. Hy het nie gekom as die Seun van God in Sy mag en glorie nie. As 'n mens was Hy beperk soos wat elke mens beperk is. Hy kon niemand genees of wonders doen nie, net soos ek en jy nie vanuit onself enige wonderwerke kan doen nie.

Anders as in ons geval, was Jesus se gees egter nie dood teenoor God toe Hy as 'n baba gebore is nie. Sy gees was altyd lewend vir God; Hy het nie nodig gehad om wedergebore te word nie. Net soos ons, het Hy egter steeds nodig gehad om met die Heilige Gees gedoop te word voordat Hy Sy bediening kon begin.

Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."

– Matteus 3:16–17, 1983-vertaling

Onthou, ons dink aan Jesus as die Koning van die konings en die Here van die Here, maar dit is nie die posisie waaruit Hy bedien het nie. Dit was eers nadat die Heilige Gees oor Hom gekom het by die Jordaanrivier dat die wonderwerke begin het.

Jou bediening (want *elke* gelowige is geroep om die werke van Jesus te doen) kan nie begin totdat jy met die Heilige Gees gedoop is nie – jy het die krag van die Heilige Gees nodig om dinge gedoen te kry. En jy het die vermoë om in die Gees te bid nodig om te weet hoe om dit te doen, soos ons later sal bespreek.

Natuurlik kan jy mense help om wedergebore te word deur vir hulle te vertel wat die Bybel oor God se verlossing sê. Baie Christene wat nie met die Heilige Gees gedoop is nie, is effektief as hulle die Goeie Nuus van die evangelie met ander deel, maar hulle het nie die krag om die Koninkryk te demonstreer soos Jesus gedoen het nie. Dit veroorsaak baie gevalle van swak en oneffektiewe prediking.

Toe Jesus die Fariseërs gekonfronteer het oor hulle ongeloof, het Hy verwys na die wonderwerke wat Hy gedoen het. Hy het gesê:

*Glo My dat Ek in die Vader is en die Vader in My,
anders glo My ter wille van die werke.*

– Johannes 14:11, CAB23-vertaling, klem bygevoeg

Jesus het basies gesê dat hierdie demonstrasie van die Koninkryk 'n einde bring aan alle argumente; die kwessie is afgehandel. Natuurlik het elke gelowige volle wetlike reg op alles waarvoor Jesus betaal het, genesing ingesluit. Elke gelowige kan elke belofte van God in geloof ontvang (deur saam te stem met die hemel), en hulle het nie die Doop met die Heilige Gees nodig om iets van God te ontvang nie.

Maar as jy wil hê daardie krag moet deur jou na ander vloei, en as jy wil vloei in die gawes van die Gees, moet jy die krag van daardie salwing hê! As jy die voordeel wil ervaar van hemelse geheimenisse deur in tale te bid, moet jy die krag van daardie salwing hê. Ek besef jy verstaan dalk nie wat ek bedoel wanneer ek praat van bid in tale nie.

Moenie dat dit jou afskrik nie; ek sal dit later ten volle verduidelik.

My dogter Amy lei die lof en aanbidding by ons kerk, Faith Life Church, in New Albany, Ohio. Vir 'n hele paar jaar het sy 'n toestand gehad wat almal van ons dronkgeslaan het – haar buik het stadigaan al groter geword en uitgesteek. Ons was by baie dokters, maar niemand kon uitvind wat dit veroorsaak nie. Almal het gesê dit is maar net hoe haar liggaam gemaak is.

Dit het egter aangehou totdat dit regtig gelyk het asof sy ses maande swanger was. Amy het in daardie tyd X-strale laat neem, en dit was duidelik sigbaar op die X-straalplate dat daar 'n massiewe gewas in haar buik was. Toe sy die X-straalplate sien, het Amy geweet die volgende stap was, medies gesproke, om te opereer. Sy was egter kort tevore getroud, en het geweet dat daardie soort operasie haar potensieel kon verhinder om ooit kinders te hê. Dit was nie vir haar 'n opsie nie. Sy het haar lewe lank daarvan gedroom om 'n ma te wees. Ons kon ook op die X-strale sien dat die gewas haar organe eenkant toe druk, en dit het vir Amy probleme veroorsaak met haar spysvertering asook ernstige nierprobleme. Sy het besluit om die Woord van God ernstig op te neem en tyd te maak om spesifiek te fokus op dit wat die Bybel oor genesing sê. In daardie selfde tyd het ek by Faith Life-kerk gepreek oor genesing. Aan die einde van daardie reeks het Amy die ouderlinge gevra om vir haar hande op te lê en vir haar vir genesing te bid volgens Jakobus 5:14–15, wat ons toe gedoen het.

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

– Jakobus 5:14–15, 1953-vertaling

Amy was oortuig van wat die Woord van God sê, en het haar genesing vir haarself toegeëien toe ons vir haar hande opgelê het. Hoewel daar geen fisieke manifestasie van haar genesing was op die oomblik wat ons vir haar gebed het nie, was sy oortuig sy is genees.


Twee weke later het sy gaan slaap met nog geen fisieke bewyse dat sy genees is nie, maar sy het die volgende oggend met 'n skok opgestaan. Sy het ses kilogram en 23 cm om haar middel verloor in haar slaap. Haar geknoopte senuwee in haar rug was nou ook geheel en al normaal. Sy is oombliklik genees!

Hierdie foto's wys die ongelooflike genesing wat plaasgevind het. Die foto links is hoe Amy gelyk het toe sy gaan lê het. Die foto regs is hoe sy gelyk het ná sy opgestaan het.



VOOR

DAARNA



Jy kan op die foto links sien hoe haar rug gelyk het voor haar genesing. Die foto regs is 'n X-straal wat geneem is 'n week nadat sy genees is. Let op die dramatiese verandering in haar ruggraat!

Amy was toe en is steeds ons lof- en aanbiddingsleier by Faith Life-kerk. Jy kan jou indink wat gebeur het die volgende Sondag toe sy kerk toe gekom het – mense het na haar gestaar! Mense het in die portaal gaan stilstaan en geskok gevra wat met haar gebeur het, of sy 'n nuwe liggaam gekry het! Die hele kerk was daardie Sondag in skok terwyl Amy die aanbidding gelei het, en daardie demonstrasie van die Koninkryk van God het baie na die Here toe gelei en baie mense is genees.

Jy sal saamstem, mense het nodig om die Koninkryk van God in werking te sien. In Handeling 1:8 sien ons dat die salwing, hierdie Doop met die Heilige Gees, onontbeerlik is.

*“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea
en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

– Handeling 1:8, 1983-vertaling

Wat Jesus betref, was dit noodsaaklik vir die demonstrasie van die Koninkryk van God.

*En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam
sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle
opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie;
op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.*

– Markus 16:17–18, 1953-vertaling

Om slange op te tel en dodelike gif te drink, verwys na Satan se koninkryk en is ’n direkte verwysing na vrees. Satan se koninkryk is verslaan. Jesus sê nie dat ons regtig gevaarlike slange moet optel en gif moet drink nie; Hy gebruik daardie frase as ’n voorbeeld van die mag wat ons gegee is oor die vyand. Ons moet God se gesag en die mag in Satan se grondgebied inneem en mense gaan vry maak!

Let op dat Jesus sê “**hierdie tekens**” sal kenmerkend wees van hulle wat glo. As mense hierdie *tekens* (demonstrasies) van die Koninkryk sien, sal hulle vra hoe dit moontlik is. ’n Teken wys na iets. In sigself is dit nie die antwoord nie, maar dit wys na Jesus, wat wel die antwoord is!

Hierdie tekens bring ’n einde aan alle argumente oor of Jesus die Here is of nie – HY IS! En wanneer mense sien dat Hy is, sal hulle bely en na God toe draai. Dit is waarom ek en jy die Doop met die Heilige Gees nodig het, en nie as gelowiges daarsonder doeltreffend kan funksioneer nie!

Noudat ons die fondament gelê het vir waarom jy die Doop met die Heilige Gees nodig het, kan ons die Skrifgedeeltes ondersoek wat verwys na hierdie salwing.

HOOFSTUK 5

BYBELSE BEWYSE

Een van die beste maniere om die Doop met die Heilige Gees te verstaan, is om te kyk na die lewens van dié wat dit ontvang het op Pinksterdag soos wat dit in Handeling opgeteken is. Terwyl ons elke Skrifgedeelte bestudeer, sal jou geloof en vertroue al sterker word dat dit ook vir jou bedoel is.

En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galiléërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotamië, Judéa en Kappadocië,

*Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by
Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en
Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.
En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat
kan dit tog wees? Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn.
– Handeling 2:1–13, 1953-vertaling*

Die eerste ding wat ek wil hê jy moet sien, is dat die Bybel sê **almal van hulle** is met die Heilige Gees vervul! Tweedens hulle het *almal* in tale gepraat. Dalk het jy gehoor dat mense die Pinksterdag beskryf en verduidelik waarom almal in tale gespreek het. Party hou vol dat dit 'n eenmalige ervaring was vir die Kerk omdat daar mense van baie verskillende nasies teenwoordig was. Die evangelie moes daarom aan almal in verskillende tale verkondig word.

As jy egter na die Skrif kyk, sal jy sien dit sê die 120 wat in die bovertrek bymekaar was, het gepraat oor die wonderlike werke van God. Hulle het nie die evangelie verkondig nie, hulle was net besig om God te prys.

*“Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God praat.”
Almal was verstom en verward, en het mekaar gevra: “Wat beteken dit tog?”
– Handeling 2:11b–12, 2020-vertaling*

Die mense wat daar was en gehoor het hoe die dissipels God in hul eie taal loof en prys, was almal verbaas en verbysterd. Petrus het toe opgestaan en die boodskap van verlossing verkondig, en 3 000 is daardie dag by die getal van gelowiges gevoeg. As die dissipels dan op daardie dag in tale *gepreek* het, sou Petrus nie nodig gehad het om dit te doen nie. Maar totdat Petrus opgestaan het om te preek, het hulle nie geweet wat dit wat hulle

gehoor het, beteken nie. Tale was destyds nie bedoel om die evangelie mee te verkondig nie, en dis ook nie bedoel om vandag die evangelie mee te verkondig nie. Ons sal in 'n volgende hoofstuk kyk na die voordele van spreek in tale, maar vir nou wou ek net 'n algemene argument aanspreek.

Ek wil weer beklemtoon dat die Bybel sê *almal* het die Doop met die Heilige Gees ontvang en *almal* het in tale gepraat. As die Bybel dit net daar gelaat het, kon ons dalk gewonder het of die spreek in tale vir die hele Kerk bedoel is. Maar die Bybel doen dit nie. Ons sien eerder dat hierdie verskynsel voortduur en bedoel is vir *elke lieve persoon* wat die Doop met die Heilige Gees ontvang het na Pinksterdag.

Laat ek jou vertel van een van die mans wat teenwoordig was op Pinksterdag – sy naam was Filippus.

*Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle
gegaan het, die evangelie verkondig. So het dit gebeur dat Filippus
by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het.
Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien
wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister.*
– Handeling 8:4–6, 1983-vertaling

Hier sien ons hoe Filippus die Koninkryk demonstreer en die mense luister. Dit is hoe dit vandag veronderstel is om te wees! Wanneer mense die tekens *sien*, wanneer hulle die *bewyse* van die Koninkryk *sien*, sal hulle baie goed oplet na wat jy sê.

*Onrein geeste het met groot geskreeu uit baie mense uitgegaan,
en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak.
Daar was groot blydschap in daardie stad.*
– Handeling 8:7–8, 1983-vertaling

Let op dat Filippus opgetree het uit die krag wat hy pas in Jerusalem ontvang het. Daar was tekens waar hy ook al gegaan het, en God se krag was daar vir almal om te sien. Hy het daardie *dunamis* (Grieks vir “krag”) ontvang; hy was nou in staat om ’n getuie te wees vir die Koninkryk van God.

Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.
– Handeling 8;14–17, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die Woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes soontoe gestuur. Met hul aankoms het hulle vir die nuwe gelowiges gebid om die Heilige Gees te ontvang, want die Heilige Gees het nog nie op enigeen van hulle gekom nie. Tog sê die Bybel dat demone gevlug het, mense is genees, kragtige daade van God het plaasgevind, en die mense het in Jesus geglo en is met water gedoop. Maar dit sê ook dat die Heilige Gees nog nie OP enigeen van hulle GEKOM het nie.

Sien, Filippus het verlossing verkondig en hulle het dit aanvaar en ontvang, maar hulle het nog nie Doop met die Heilige Gees ontvang nie. Hulle is wedergebore, maar kyk na die bewoording: “Die Gees het NOG NIE OP EEN VAN HULLE GEKOM NIE.” Daar is daardie verskil weer – die Heilige Gees *in* ons (om wedergebore te wees) en die Heilige Gees *op* ons met daardie gawe van krag.

Die Bybel sê nie waarom Filippus nie vir hulle vertel het van die Doop met die Heilige Gees nie. Dit is moontlik dat hy Jerusalem dadelik verlaat het nadat hy self met die Heilige Gees gedoop is en nog nie besef het dat dit vir alle gelowiges bedoel was nie. Wat die rede ook al was, dit was duidelik dat die mense die evangelie aanvaar en geglo het en met water gedoop is. Hulle was dus wedergebore. Let egter op hoe belangrik dit vir die apostels was dat die gelowiges in Samaria net soos hulle die Doop met die Heilige Gees moet ontvang – onmiddellik.

Hulle eerste gedagte was nie om vir hulle te sê hoe hulle moet aantrek nie. Hulle het nie gesê: “Kom ons vertel vir hulle hoe om soos heiliges aan te trek of wanneer om kerkdienste te hou nie.” Hulle was nie bekommerd dat die nuwe gelowiges se teologie perfek is nie. Wat was die eerste ding waaroor hulle besorg was? Die Doop met die Heilige Gees! Hulle het dus die moeite gedoen om dadelik daarheen te gaan en hierdie gelowiges van die Doop met die Heilige Gees te vertel.

Toe het Petrus en Johannes hul hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Net daar en dan het hulle die Heilige Gees ontvang. Wat was die bewys? Ek glo dit was dieselfde as wat dit vir die ander was: om in tale te spreek.

Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied en gesê: “Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.”
Maar Petrus antwoord hom: “Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy jy kan die gawe van God met geld koop? In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou gesindheid teenoor God is nie reg nie.
Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe. Ek sien jy is

deur afguns vergiftig en deur die sonde verstriek.”
Toe sê Simon vir die apostels: “Bid julle tog vir my tot die
Here, sodat niks van wat julle gesê het, my tref nie.”
– Handeling 8:18–24, 1983-vertaling

Toe Simon sien dat die Gees aan die gelowiges gegee word met handoplegging, het hy die apostels geld aangebied om vir hom daardie soort krag te gee. Simon moes iets gesien het, ’n bewys dat iets gebeur het toe hulle die Heilige Gees ontvang het. Hy wou daardie krag hê.

Dit sê nie dat hulle net daar in tale begin spreek het nie, maar iets sigbaar het gebeur, iets wat hulle kon sien. Simon het iets kragtig gesien gebeur, en hy wou die vermoë hê om dit te laat gebeur. Ek glo sy opmerkings wys dat hulle die Doop met die Heilige Gees ontvang het en net soos al die ander en in tale begin praat het. Ek wil weer beklemtoon hoe belangrik die kerk in Jerusalem die Doop met die Heilige Gees beskou het – dit was lewensbelangrik!

Met Paulus se bekering op die pad na Damaskus, is ’n man met die naam Ananias gestuur om vir hom te bid.

Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus
die hande opgelê en gesê: “Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou
verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat
jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.”
– Handeling 9:17b, 1983-vertaling

Die Bybel sê nie dat Paulus in tale gespreek het toe hy die Doop met die Heilige Gees ontvang het nie, maar ons weet dat hy in tale

gespreek het, en ek glo hy het dit net soos al die ander ontvang. Jy wil dalk weet waarom ek daarvan oortuig is. Dit is maklik. Paulus self het in 1 Korintiërs 14 geskryf:

Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal.

– 1 Korintiërs 14:18, 1953-vertaling

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat Paulus in tale gespreek het toe hy met die Heilige Gees gedoop is. Wanneer jy deur die boek Handelingte lees, sal jy ontdek dat hierdie doop dag ná dag in die Kerk gebeur het. Dit was nie beperk tot Pinksterdag nie.

Later, in Handelingte 10, word Petrus gestuur na die huis van nie-Jode en word hy gelei om die evangelie aan hulle te verkondig. Onthou, dit was hoogs ongewoon vir Petrus, 'n Jood, om in 'n nie-Jood se huis in te gaan. Hy het slegs gegaan omdat 'n visioen van die Heilige Gees hom daarheen gelei het.

En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae te bly.

– Handelingte 10:44–48, 1953-vertaling

Terwyl Petrus die evangelie van Christus aan hierdie nie-Jode verkondig het, het die Heilige Gees op almal gekom wat die boodskap gehoor het. Jy kan nie die Gees van God sien nie. Hoe het hulle dan geweet dat die Heilige Gees oor hulle gekom het? Die teks sê dat die besnyde gelowiges wat “saam” met Petrus daar was, verstom was dat die gawe van die Heilige Gees uitgestort is selfs op die nie-Jode, want hulle het gehoor dat hulle in tale spreek en God prys.

Wat was dus die bewys dat die Heilige Gees daar was? Petrus kon nie anders nie as om te sien wat reg voor sy oë was, dat God hierdie mense aangeneem het. Die feit dat hy gesien het hulle spreek in tale al het hy hulle nog nooit bedien het met die Doop met die Heilige Gees nie, was die enigste bewys wat hy nodig gehad het. Petrus het *geweet* hulle het die Heilige Gees ontvang net soos hy, en hulle het in tale gebid.

Jy sal 'n groot verskil sien tussen wat die hedendaagse kerk as belangrik beskou en wat die kerk in Bybelse tye as belangrik beskou het. Een van my gunstelingverse wys baie duidelik dat almal met die Heilige Gees gedoop moet word, en bevestig sonder skroom dat dit 'n afsonderlike werk van die Heilige Gees is, en nie verwar moet word met wedergeboorte nie. Ons lees in Handeling 19:

En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Efeze gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.

– Handeling 19:1–2, 1953-vertaling

Toe Paulus die dorp Efese binnegegaan het, het hy 'n paar dissipels daar gevind en hulle gevra: “Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?” Dit was Paulus se eerste bekommernis toe hy hierdie gelowiges teëgekom het.

Paulus het besef dat om wedergebore te word, heeltemal anders is as om met die Heilige Gees gedoop te word en in tale te spreek as bewys daarvan.

Waarom sou dit die eerste ding wees wat Paulus vir hulle gesê het? Want dis dieselfde ding wat Jesus in Handeling 1:4 gesê het! Hy het basies gesê: “Moet nêrens heen gaan daarsonder nie!” Wat het die apostels in Jerusalem gedoen toe hulle uitgevind het dat die mense in Samaria die Woord gehoor het? Hulle het gesê: “Ouens, julle moet dadelik soontoe gaan. Ons moet seker maak alles is reg daar. Gaan soontoe en maak seker dat hulle die Doop met die Heilige Gees ontvang!” Toe Paulus op pad was deur Efese, het hy 'n klompie dissipels daar ontdek. Die eerste ding wat hy vir hulle gevra het, was: “Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle gelowig geword het?”

Hulle antwoord was: “Nee, ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.” Paulus het hulle toe gevra watter doop hulle ontvang het. Hulle antwoord was: “Die doop van Johannes.” Paulus het gesê Johannes se doop was 'n doop van bekering en het vir mense gesê om te glo in die Een wat ná hom kom. Dit is, glo in Jesus.

Toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus (die waterdoop). Daarna het Paulus sy hande op hulle geplaas en het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het in tale gespreek. Let op wanneer Paulus die vraag vra, aanvaar hy dat hulle in Jesus glo. Dit is hoekom hy gevra het: “Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?” Hy het verstaan die Doop met die Heilige Gees is heeltemal iets anders as wedergeboorte.

**EK GLO DAT DIT 'N
KONTROVERSIËLE
ONDERWERP IN BAIE KERKE
IS, NIE OMDAT DIT NIE IN DIE
BYBEL STAAN NIE, MAAR
OMDAT DIE DUIWEL
DIT HAAT.**

Ek glo dat dit 'n kontroversiële onderwerp in baie kerke is, nie omdat dit nie in die Bybel staan nie, maar omdat die duiwel dit haat.

As dit die krag, die deur is tot die vermoë om lewens te verander en 'n getuie vir die wêreld te wees, dan verset jy jou teen die god van hierdie wêreld, en ons weet wat hy daarvan sal dink. Die Doop met die

Heilige Gees gee vir ons 'n opgaartenk vol krag – God se krag – om die werke van Jesus te doen sodat God verheerlik kan word!

HOOFSTUK 6

KAN ALMAL IN TALE BID?

Dalk het jy gehoor iemand sê hulle spreek nie in tale nie en glo ook nie dat enigeen in tale kan of behoort te spreek nie. Dan haal hulle 1 Korintiërs 12:27–30 aan om hulle oortuiging te staaf. Hulle sal uitwys dat Paulus self gesê het nie almal spreek in tale nie. Kom ons gaan kyk na die teks en bepaal of dit regtig is wat Paulus gesê het.

Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale. Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?

– 1 Korintiërs 12:27–30, 1953-vertaling, klem bygevoeg

In hierdie brief verduidelik Paulus vir die kerk in Korinte hoe om op 'n ordelike manier te funksioneer sodat almal in die kerkbyeenkomste bedien kan word. In daardie stadium het elkeen beter probeer wees as

die ander met hulle geestelike gawes en hulle gunstelingpredikers. Paulus het hulle probeer leer hoe om as 'n liggaam te funksioneer in liefde en eensgesindheid. Kom ons kyk nou dieper na hierdie verse:

*Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.
En God het sommige in die gemeente gestel [ek stel voor jy onderstreep
hierdie frase]: in die eerste plek apostels, ten tweede profete,
ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van
gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.
– 1 Korintiërs 12:27–30, 1953-vertaling, klem bygevoeg*

Paulus gaan hier nog aan, maar ek gaan hier stilstaan, want ek wil 'n bietjie gesels oor die frase “in die gemeente”. Hy praat hier oor die eintlike kerkbyeenkoms. Ons kan dit bevestig in 1 Korintiërs 14 waar Paulus dieselfde frase gebruik:

*Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal;
maar IN DIE GEMEENTE wil ek liever vyf woorde met my verstand
spreek om ook ander te onderrig, as tienduisend woorde in 'n taal.
– 1 Korintiërs 14:18–19, 1953-vertaling, klem bygevoeg*

Paulus sê: “Ek dank God dat ek meer in tale spreek as almal van julle, ‘maar in die gemeente’ . . .” Daar is daardie frase weer, en dit is duidelik dat Paulus hier praat van die byeenkoms van die gelowiges en nie van die universele Liggaam van Christus nie. Ons stem almal saam dat Paulus deel is van die algehele Liggaam van Christus, die Kerk. Natuurlik is hy. En hy sê hy is bly dat hy meer in tale spreek as al die gelowiges in Korinte. Hy sê dit omdat die gemeente daar hulle verlekker

het in hul nuwe vermoë om in tale te spreek, en hulle was buite orde en besig om verwarring te veroorsaak.

Eintlik sê hy: “Haai mense, ek spreek meer as enige een van julle in tale, maar daar is ’n manier om dit “in die gemeente” te beoefen sodat dit ordelik geskied en nie verwarring veroorsaak nie.” Hy gaan voort deur te sê dat in die gemeente (die samekoms van gelowiges) sal hy eerder met sy verstand spreek (in hulle omgangstaal) sodat ander gestig of opgebou kan word.

Tydens die kerkdiens self sal party mense funksioneer in die gawe van tale en uitleg, soos 1 Korintiërs 12 sê, maar almal sal nie, en behoort nie, daardie gawe te beoefen tot stigting van die hele Liggaam nie. Paulus sê selfs dat op die meeste drie mense in ’n kerkdiens in tale mag spreek en dit uitleê.

En as iemand in ’n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitleê.

– 1 Korintiërs 14:27, 1953-vertaling

Wanneer Paulus dus sê dat nie almal in tale spreek nie, verwys hy na “die gemeente” of die byeenkoms van die gelowiges.

Jy moet verstaan dat elke gelowige die vermoë het om in tale te bid, maar dat nie almal die salwing het om die gawe van tale en uitleg in ’n kerkdiens te beoefen nie. As jy wel daardie salwing het om die gawe van tale in ’n diens te beoefen, sê die Bybel jy moet bid dat jy dit ook kan uitleê.

Daarom moet hy wat in ’n taal spreek, bid dat hy dit kan uitleê.

– 1 Korintiërs 14:13, 1953-vertaling

Ek glo die persoon wat in tale spreek is die waarskynlikste kandidaat om dit ook in die erediens te interpreteer, want die boodskap vloei reeds deur hulle.

Waarom behoort jy in tale te bid? Die duiwel haat gelowiges wat weet hoe om in die Gees (in tale) te bid, en ek wil seker maak jy verstaan hoekom.

Toe Paulus gesê het hy is bly dat hy meer in tale spreek as enigiemand anders, was daar sekerlik 'n rede daarvoor. Paulus het 'n opmerking gemaak in 1 Korintiërs 14 waarna ons moet oplet:

*Hy wat in 'n taal spreek, **stig** homself;
maar hy wat profeteer, **stig** die gemeente.*

– 1 Korintiërs 14:4, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Kom ons delf 'n bietjie dieper. Wat beteken dit om gestig te word? Die woord “gestig” beteken om te leer, te onderrig, op te bou – veral geestelik of moreel.²

Jy sal saamstem dat daar baie kere is wanneer jy raad nodig het om te weet watter rigting jy moet inslaan, om 'n situasie te verstaan of die regte besluit te neem. Om in tale te bid, kan jou daarmee help. Dit kan jou opbou en voorligting verskaf. Paulus maak hierdie punt baie duidelik in Romeine 8:26–27 (1983-vertaling):

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. (klem bygevoeg)

Paulus sê ons het 'n probleem en 'n swakheid: “Ons weet nie hoe om te bid nie.” Jy vra dalk: “Hoekom is dit 'n swakheid?” In 1 Johannes 5:14–15 (1983-vertaling) sien ons waarom:

En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil

vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.

**DIE GEES STAAN ONS OOK
IN ONS SWAKHEID BY:
ONS WEET NIE WAT EN
HOE ONS BEHOORT TE BID
NIE . . . (ROMEINE 8:26A,
1983-VERTALING)**

As ons nie God se wil ken of seker is wat Sy wil is nie, kan ons nie in geloof (in ooreenstemming met God) funksioneer nie. En as ons nie in geloof kan funksioneer nie, is ons beslis swak, aangesien ons sonder geloof nie God se genade en krag vir onself kan toeëien nie. Paulus sê om nie te weet hoe om te bid nie, is 'n toestand van swakheid waarmee bid in tale kan help. Kom ons kyk nog een keer na ons teksvers:

*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by:
ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie . . .*

– Romeine 8:26a, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Ons swakheid is dat ons nie weet hoe om te bid nie! Die Bybel sê nie vir ons met wie ons moet trou, waar ons moet woon, of watter werk ons moet doen nie. Sonder om God se wil te ken kan ons nie weet en glo dat ons van God sal ontvang wanneer ons bid nie. Weereens, dit is 'n groot swakheid! Ons het geen vertroue in God wanneer ons nie weet wat Sy wil

is nie. Maar daar is 'n manier waarop ons God se wil in elke situasie in ons lewe kan onderskei. Daar is 'n manier waarop ons seker kan wees van God se wil sodat ons in geloof en vertroue kan funksioneer.

Dit is waarvan Paulus praat. Hierdie opbou of onderrig waarvan hy praat, beteken om toegang te hê tot daardie soort kennis – die kennis wat deur die Gees van God kom. En ons skakel in by wat die Gees vir ons sê deur in die Gees, of in tale te bid. Kom ons lees verder om nog van Paulus se raad in Romeine 8:26b–27 (1983-vertaling) te volg:

Die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Paulus sê nie dat ons sug wanneer ons in die Gees bid nie, maar hy verwys na die voorafgaande verse:

Ons weet immers dat die ganse skepping nog steeds aan die kreun is soos iemand met geboortepyne. Wat meer is, ons wat die Gees as voor-smaak en waarborg van ons toekomstige heerlijkheid ontvang het, kreun ook in ons binneste in ons smagting om van ons verganklike liggame verlos te word. Noudat ons verlos is, sien ons uit na ons toekomstige heerlijkheid.

Want as jy iets reeds het, hoef jy nie meer daarna uit te sien nie. Maar as jy dit nog nie het nie, sien jy gretig en volhardend daarna uit.

So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie. Hy wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, dat Hy volgens die wil van God vir die heiliges intree.

– Romeine 8:22–25, NLV, 26–27, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Paulus gebruik die woord “kreun” hier as ’n illustrasie van wat binne-in ons gebeur. Ons kreun soos ’n vrou wat geboorte skenk. Ons skenk geboorte aan iets van die Gees van God in ons. Ons verkry iets nuut, iets wat nie voorheen daar was nie. Jy kan ook sê iets wat nie uit onself is nie. Ons “skenk geboorte” aan die kennis van wat ons nie weet nie, iets nuut, iets uit ons eie gees deur die proses van bid in die Gees. Die Bybel sê vir ons dat God se Gees God se volmaakte wil afbid vir enige situasie, deur ons menslike gees, met onuitspreeklike versugtinge (wat nie in verstaanbare taal gesê kan word nie).

Wat ons dus hier ontdek, is dat die Heilige Gees vir ons intree met ’n gekreun (om geboorte te skenk) deur onverstaanbare woorde, woorde wat ons nie kan begryp of uitspreek nie (of tale). En Hy wat ons harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy (God se Gees) pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. Die Gees van God bid die volmaakte wil van God af op elke situasie **deur jou eie gees wanneer jy in tale bid**.

Ons is dus in ’n posisie van swakheid wanneer ons nie die wil van God ken nie. Geloof kan nie vrygestel word totdat ons die wil van God ken nie. Paulus sê as ons in die Gees bid, bid God se eie Gees deur ons vir Sy volmaakte wil in ons lewens in enige situasie.

Wanneer God se Gees deur ons bid in tale, hoe word ons dan opgebou, aangesien ons nie weet wat ons sê nie? Die antwoord kry ons in ’n ander brief wat Paulus geskryf het:

Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.

– 1 Korintiërs 2:9b–13, 1953-vertaling

Eerstens sê Paulus dat ons toegang het tot die dinge wat ons nooit gehoor, gesien of gedink het nie, soos ek met jou gedeel het. Maar hy gaan voort en vertel vir ons hoe dit werk:

Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.

– 1 Korintiërs 2:11, 1953-vertaling

Voordat ek hierdie aspek van die Skrif hanteer, moet ons eers die basiese beginsels verstaan van hoe ons aanmekaargesit is. Volgens 1 Tessalonisense 5 bestaan ons uit drie dele: gees, siel en liggaam:

En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

– 1 Tessalonisense 5:23, 1953-vertaling

Ons gees is die deel van ons wat aan God verbind is; ons siel is ons verstand, wil en emosies, en ons liggaam is ons liggaam. Paulus sê dat ons siel (verstand, wil en emosies) en gees so nou verbind is dat ons gees weet wat ons dink.

Die teenoorgestelde is ook waar. Ons verstand kan gedagtes optel wat uit ons gees voortspruit. Paulus sê God se Gees ken God se gedagtes en dat ons God se Gees ontvang het sodat ons mag weet wat God uit genade aan ons gegee het.

Ons het tog nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat van God kom, sodat ons kan weet wat God genadiglik aan ons geskenk het. Ons praat ook oor hierdie dinge, nie met woorde wat menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer, terwyl ons geestelike dinge met geestelike dinge beoordeel.

– 1 Korintiërs 2:12–13, 2020-vertaling

Paulus gaan voort deur te sê dat ons uitdrukking gee aan hierdie onbekende kennis – kennis wat ons nie gehad het nie, maar wat deur die Gees van God aan ons geopenbaar is – deur woorde wat die Gees ons leer. Dit is nie woorde wat ons sou sê met ons natuurlike begrip of taal nie, maar geestelike woorde. Ons weet dat Paulus praat van die spreek of bid in tale wanneer hy sê ons bid met geestelike woorde, want hy gebruik dieselfde definisie om die spreek in tale in 1 Korintiërs 14:14–15 (1953-vertaling) te beskryf:

Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.

Paulus gebruik die frase “met die gees bid” want hy verwys na die spreek in tale. Ons kan aanvaar dat Paulus ook verwys na dieselfde spreek in tale wanneer hy sê ons praat met woorde wat die Gees ons leer.

Want hy wat in ‘n onbekende taal spreek, spreek nie met mense nie, maar tot God; want niemand verstaan hom nie; maar in die gees spreek Hy verborgenhede.

– 1 Korintiërs 14:2, CAB23-vertaling, klem bygevoeg

Ek sê weer, Paulus sê ons gees het die vermoë om dinge te spreek wat ons nog nooit gesien, gehoor of kennis van het nie, of soos hy dit noem, “verborgenhede”. Ander vertalings vertaal dit met “geheimenisse”. Let ook op in hierdie vers dat Paulus sê ons bid hierdie geheimenisse met ons eie gees, nie God se Gees nie. Hoe beland iets waarvan ons nie weet nie in ons gees? Dis maklik! Deur God se Gees, wat nou een is met ons gees.

Watter mens ken die verborge dinge van ‘n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God.

– 1 Korintiërs 2:11, 1983-vertaling

**DIE DOOP MET DIE HEILIGE
GEES IS GOD SE GEHEIME
WAPEN! ONS KAN SY
WIL AFBRING AARDE TOE
SONDER DAT DIE DUIWEL
WEET WAT AANGAAN.**

Wanneer ons gees God se gedagtes “hoor”, dan “hoor” ons verstand ook daardie gedagtes. Wanneer ons verstand God se gedagtes hoor, noem ons dit “openbaring”, om “verlig” te wees of soos Paulus dit stel, “gestig” of “opgebou”. Nou weet

jy waarom Paulus gesê het hy is bly hy spreek meer in tale as enigiemand anders; hy ontvang die voordeel om God se wil te ken in elke situasie.

Dit is waarna Paulus verwys in 1 Korintiërs 2:15–16 (2020-vertaling):

*Die geestelike mens beoordeel egter alle dinge, hoewel hyself
deur niemand beoordeel kan word nie. “Want wie het die
gedagte van die Here geken, om vir Hom te kan voorskryf?”
Wat ons betref, ons het die denkwysse van Christus.*

Ons is nie beperk tot ons menslike oordeel nie, maar ons kan oor alle dinge oordeel met God se hulp. Dit is wonderlike nuus! Deur in die Gees te bid (in tale) het ons die vermoë om om geheimenisse te ontvang, dinge wat ons nie weet nie, en met daardie kennis kan ons die regte oordele vel of besluite neem oor alle dinge!

Die Doop met die Heilige Gees is God se geheime wapen! Ons kan sy wil afbring aarde toe sonder dat die duiwel weet wat aangaan. Om in die Gees te bid is eintlik deel van ons geestelike wapenrusting in Efesiërs 6:18a (1953-vertaling):

. . . terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees.

Om in die Gees te bid, help ons om strategieë agter te kom wat ons in staat sal stel om die vyand te sistap of met unieke en ongewone taktiek vorentoe te beweeg.

Die voordeel hiervan is dat ons die regte besluite in ons lewe kan neem deur in te skakel op Christus se gedagtes. Ek dink jy sal met my saamstem dat dit onontbeerlik is! Dit is wat my persoonlike ervaring my geleer het!

Kom ek gee jou 'n voorbeeld: Ek kan onthou dat ek iewers 'n enorme besluit moes neem wat my besigheid betref. 'n Verkoopsverteenvoerder saam met wie ek gewerk het, wat een van my verkopers verteenwoordig het, het gedreig om my maatskappy hof toe te vat omdat ek nie saam met hom na 'n nuwe maatskappy wou skuif nie. Hy wou hê ek moet aanhou om met hom sake te doen wanneer hy my huidige verkoper se besigheid verlaat. Ek het van hom gehou, maar ek het gevoel my lojaliteit lê by die maatskappy vir wie hy gewerk het, en nie by hom persoonlik nie. Die maatskappy vir wie hy gewerk het, het hom toestemming gegee om al sy kliënte saam met hom te neem. Ek sou dus niks verkeerd doen deur saam met hom te skuif nie. Ek het egter nie daarvan gehou om gedwing te word om te gaan nie. Sy huidige maatskappy het my nog altyd billik behandel.

Hy het gedreig om my te dagvaar omdat hy my 'n paar maande vantevore vertel het dat hy gaan skuif, en my gevra het om saam met hom te gaan. Sonder om eintlik daaroor te dink, het ek gesê ek sal. Hy het gesê dat hy op my ondersteuning staatgemaak het toe hy die besluit geneem het om na 'n ander maatskappy te skuif. Maar noudat die tyd nader gekom het vir hom om te gaan, het ek ongemaklik begin voel daaroor. Ek het dus vir 'n paar dae lank in die Gees daaroor gebid. Ek kon egter nie die antwoord gehoor wat ek nodig gehad het nie.

Ek en Drenda neem die kinders dikwels na 'n pretpark met die naam van Cedar Point – inderwaarheid die grootste pretrit-park in die Verenigde State. Dit is net 'n paar uur se ry van ons af, en ons gaan gewoonlik 'n paar keer per jaar daarheen. Dit was 'n Vrydagaand, en ek moes teen Maandag die finale besluit neem. Ek het dus besluit dit sal goed wees om my gedagtes af te lei en vir Drenda na die pretpark te neem vir die aand. Terwyl ek in die ry gestaan het, sonder om eens te dink aan die besluit

wat ek teen Maandagoggend moes neem, het ek skielik geweet wat om te doen. Dit was glashelder. Die Heilige Gees het met my gepraat, en ek het by die moedermaatskappy gebly. Die verkoopsverteenvoordiger se maatskappy het binne 'n paar maande bankrot gespeel.

Hier is dus 'n belangrike sleutel tot sukses – bid! En bid dikwels in die Gees sodat dit goed met jou sal gaan en jy die regte besluite sal neem, en ook die geheime strategieë sal ontdek wat jy nodig het om te wen.

Bid sonder ophou.

– 1 Thessalonisense 5:17, 1953-vertaling

HOOFSTUK 7

DIE SKATKIS

Ek onthou nog die dag toe ek vir Dan ontmoet het. Hy het agter in die kerk gestaan, in die heel laaste ry saam met my niggie Jennifer. Ek het later uitgevind dat hulle in 'n verhouding was. Ek kon egter uit Dan se gesigsuitdrukking aflei dat hy totaal vreemd gevoel het. Om die waarheid te sê, hy het meer as net ongemaklik gelyk. Ek het later uitgevind ons kerk was net so effens anders as die genootskaplike kerk wat hy in daardie stadium bygewoon het. Namate hy egter van die Koninkryk begin hoor het, het hy begin ontspan, en uiteindelik is hy en my niggie getroud.

In daardie stadium het Dan op 'n plaas van ongeveer 570 hektaar in sentraal-Ohio geboer, en dit het nie goed gegaan met die boerdery nie. Hy het nie eintlik 'n wins gemaak nie en was baie bekommerd daaroor. Maar nadat hy aanhou hoor het van die Koninkryk en hoe die Heilige Gees kan help, het hy eendag na Jennifer toe gegaan en gesê: “Ek wil dubbel soveel as gewoonlik vir die kerk gee.” Jennifer was geskok, maar ook opgewonde. Dit is dus wat hulle gedoen het.

Daardie jaar het dieselfde 570 hektaar 128% meer wins opgelewer as die vorige jaar. Dit was eintlik soveel hoër dat hulle 'n nuwe kar sowel as nog 'n plaas kontant kon koop. Dan was so opgewonde! Hy het gesê dit sou sy pa tien jaar geneem het om daardie nuwe plaas af te betaal, en hy het dit pas kontant gekoop. Ek het vir Dan gevra wat gebeur het en om vir my die storie te vertel.

Dit blyk dat na Dan en Jennifer begin het om dubbel soveel te gee, hulle ook gebid het en vir God gevra het wat om te doen. Dan sê eendag terwyl hy deur die gewone stapel pos gaan wat hy elke dag kry, met die meeste daarvan advertensies aan boere, het hy 'n kaartjie in die asblik gegooi, maar dadelik gevoel hy moet dit weer uithaal. Daar was niks spesiaal aan daardie kaartjie nie, net nog 'n advertensie vir plaasgereedskap. Dit het boere uitgenooi na 'n byeenkoms om die gereedskap te bespreek.

Dan het 'n vreemde drang gevoel om te gaan, en ná hy by die vergadering was, het hy die gereedskap gekoop wat geadverteer is. Dit was 'n nuwe produk wat aanplanting makliker gemaak het, iets te doen met die plasing van die saad en die voorbereiding van die grond. Dan het vir my die wetenskaplike redes probeer verduidelik waarom dit so doeltreffend was om 'n groter oes te verseker, maar halfpad deur sy verduideliking het ek reeds die draad van sy storie verloor. Hy het dit egter verstaan, wat al is wat saakgemaak het. Dan het my vertel dat hy in daardie stadium slegs die tweede boer in Ohio was wat die gereedskap gekoop het. Daardie gereedskap het egter die wêreld se verskil gemaak, en 'n 128% groei in opbrengste was die gevolg. Dan het daarna nog meer grond aangeskaf, en vandag verbou hy duisende hektaar. Hy het nou baie stories oor hoe die Heilige Gees hom gehelp het om besluite te neem wat hom vinniger laat vorder het as wat hy hom ooit kon voorstel.

Hoe het Dan sy plaas wat so swak gevaar het verander in een wat 'n wins toon? Hy het sy Raadgewer, die Heilige Gees, se raad gevolg. Die hartseer ding is dat die meeste Christene daardie storie hoor en nie 'n idee het hoe dit gebeur nie. Dit is waarom dit vir my so belangrik was om hierdie boek te skryf. Nee, die meeste Christene sal God se

grootheid vier, erken dat dit God is wat dit bewerkstellig het, maar nie naasteby weet hoe om dit self te ervaar nie. Uiteindelik het ons 'n klomp Christene wat ontnugter is met God en Hom vir hulle probleme blameer. “Waar is God? Ek weet nie waarom God my nie help nie,” is 'n refrein wat ek dikwels hoor.

Ek hoop jy besef teen hierdie tyd dat die Koninkryk volgens wette, en nie volgens gunste nie, funksioneer. God soek nie uit vir wie Hy gaan seën en wie Hy nie gaan seën nie. Dan is nie een van God se uitverkore kinders en daarom meer spesiaal vir God as jy nie. Jy het dieselfde wetlike regte as Dan in God se Koninkryk. Net soos elkeen die reg het om saad te saai en te oes, sal die Koninkryk van God werk vir elkeen wat weet hoe om die wette van die Koninkryk te gebruik. Jy is 'n lid van God se huishouding en 'n burger van Sy groot Koninkryk en jy het toegang tot alles wat Hy het.

Kom ek vertel vir jou waarom so baie van God se kinders in die lewe misluk. Hulle weet nie hoe die Koninkryk van God werk nie, en hulle weet nie hoe om die Heilige Gees te hoor nie.

*So sê die Here, jou Verlosser, die Heilige van Israel:
Ek is die HERE jou God, **wat jou leer wat heilsaam is,**
wat jou lei op die weg wat jy moet gaan.*

– Jesaja 48:17, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Dan se sukses is nie iets wat Dan uitgedink het nie. Dit was 'n unieke Heilige Gees-strategie wat onderskei is omdat Dan stappe gedoen het om Koninkrykwette toe te pas, en hy en sy vrou geluister het om die Heilige Gees te hoor praat en hulle met 'n plan te help. Ek wil hê jy moet dit neerskryf:

DIE HEILIGE GEES HET DIE PLAN!

Daar is niks kragtiger as om 'n plan te hê nie. Sonder 'n plan is die prentjie net 'n droom. Maar met die plan kan die droom bewaarheid word.

'n Gesin sien ruim leefareas, 'n groot, moderne kombuis en dalk 'n wonderlike huis in hulle geestesoog, een met baie slaapkamers, alles pragtig afgewerk. Maar op daardie punt is dit niks anders as 'n droom of 'n prentjie nie. Daardie prentjie moet geteken word en dan op 'n plan aangedui word. As die bouer eers die bloudruk het, kan die huis gebou word.

Vir die een of ander rede het die meerderheid gelowiges wat ek noem 'n posbus-mentaliteit. Wanneer hulle bid en God vra vir die geld wat hulle nodig het, soos Dan gedoen het, verwag hulle dat dit in hulle posbus sal aanland, of nog erger, dat iemand dit vir hulle sal gee. Hulle het nie 'n idee wat die proses behels nie.

Ja, natuurlik moet jy eers die prentjie in jou kop hê. Maar daar is 'n proses wat moet plaasvind om daardie prentjie in die werklikheid te omskep sodat jy dit in die werklikheid kan geniet. Die antwoord is 'n plan of die strategie wat nodig is om dit te laat gebeur. Kom ek gee vir jou 'n voorbeeld. As ek vir jou sê ek kan jou finansiële probleme baie vinnig oplos en dat jy jou pen en papier moet reghou omdat ek vir jou gaan sê wat om te doen, sal jy jou pen en papier gaan haal en regskuif om die antwoord te hoor. Ek wil sover gaan om te sê dat vir die meeste mense wat hierdie boek lees, sal dit wat ek vir jou gaan sê waarskynlik hulle finansiële spanning sal laat wegsmeel en hulle skuldvry sal maak voor die jaar verby is. Nou hou jy daardie pen nog 'n bietjie stywer vas, en jy luister aandagtig om seker te maak jy mis niks van wat ek gaan sê nie.

Die antwoord is eintlik baie eenvoudig, verduidelik ek. Maak net 'n netto wins hierdie jaar van 10 miljoen dollar. Jy sal waarskynlik vir

'n oomblik na my staar en dan saggies begin lag. Ek aanvaar dan dat jy lag omdat 10 miljoen nie genoeg is nie, en voeg dan by: "Wel, as dit nie genoeg is nie, maak dit 25 miljoen." Nou lag jy sommer kliphard. Hoekom? Kom ek sê jou wat nounet gebeur het. Vir die meeste mense sal 10 miljoen beslis genoeg wees om hulle uit die skuld te kry, maar hulle lag, want hulle kan nie sien hoe op aarde hulle 10 miljoen in 'n jaar gaan maak nie. Die 25 miljoen-opsie laat jou nog harder lag, want dit is vir jou so onwaarskynlik dat dit eintlik belanglik is.

Maar kom ons sê ek besit 'n uitvoermaatskappy, en ek bied aan om jou \$1 000 te gee vir elke bal wat jy in 'n boks pak en toeplak om te versend. Kom ons aanvaar jy kan 500 bokse per dag hanteer, en ek sluit ook 'n kontrak in vir twaalf maande teen dieselfde tarief. Dit is natuurlik geweldig oorvereenvoudig om die gedagte te illustreer, maar sal my punt tuisbring.

Kom ons ons aanvaar jy het inderdaad daardie kontrak in die hand, en ek maak dieselfde stelling as voorheen, naamlik dat die antwoord op jou finansiële probleme is

**KOM EK SÊ WEER -
EK DINK JY HET NODIG OM
DIT WEER TE HOOR -
GOD HET JOU PLAN!**

om 10 miljoen dollar netto wins in 'n jaar te maak. Wat sal jou reaksie nou wees? Hierdie keer gaan jy nie lag nie. Jy sal eerder uitroep van vreugde en opwinding. Hoekom? Want dit sal maklik wees om 10 miljoen te maak met so 'n kontrak. Selfs om 25 miljoen te maak sal maklik wees, en 'n 100 miljoen sal ook moontlik wees. Wat het verander? Net een ding: Jy het 'n plan. Net soos die stelling wat ek vroeër gemaak het, dat enigeen vis kan vang as Jesus vir jou wys waar en hoe, is dit hier die geval. As jy eers 'n plan het, 'n plan wat jy kan sien moontlik is vir jou om uit te voer, is jou probleem opgelos.

*Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester,
spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie,
om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.*

– Jeremia 29:11, 1953-vertaling

Kom ek sê weer – ek dink jy het nodig om dit weer te hoor – God het **JOU** plan!

'n Paar maande gelede het ek die voorreg gehad om een van my vennote te ontmoet by 'n kerk waar ek gepreek het. Hulle het aan die einde van die diens na my toe gekom met 'n vraag, of liever 'n stelling: “Dit het nie gewerk nie! Ek het gesaai, ek was in ooreenstemming met my man om my elandbul te kry, en ek het nie een gekry nie.” Sy het vir my vertel hoe sy gesaai het vir 'n spesifieke eland, 'n bul, en vir 'n goeie skoot om die eland te tref. Ek het dus vir haar nog 'n paar vrae gevra, en uiteindelik het ek gevra of sy enigszins 'n eland gesien het die dag wat hulle gaan jag het. Sy het gesê: “Ja, die presiese soort elandbul waarvoor ek gesaai het, het gekom en dwars voor my kom staan op die die perfekte afstand vir my skoot.”

Ek was ietwat geskok toe ek dit hoor, en het vir haar gevra wat volgende gebeur het. Sy sê toe dat sy die perfekte skoot gehad het, maar sy het 'n vriend gevra om haar visier in te stel en aanvaar dat die vriend dit gedoen het. Sy het dit nie self nagegaan nie en die skoot was mis. Vir my was dit nou baie duidelik, maar nie vir haar nie.

Ek dink dit is die geval vir baie gelowiges. Om die een of ander rede verstaan hulle nie die proses of die rol wat hulle in die oes speel nie. Ek moes vir haar verduidelik dat God sy deel gedoen het, sy het net haar aandeel nagelaat. Sien, God kan vir jou die plan gee, maar jy moet jou deel doen vir die plan om te werk. Dit is jy *en* God!

*Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat **verborge** is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.*

– Matteus 13:44, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Daar is soveel Koninkrykwaarhede in hierdie Skrifgedeelte! Maar eers moet ons 'n definisie kry vir 'n skat. Volgens die woordeboek is 'n “skat” 'n waardevolle of kosbare besitting van enige aard. Skatte hoef nie stukke goud te wees nie; dit kan enigiets wees wat jy op 'n gegewe oomblik nodig het. Hierdie Skrifgedeelte sê die Koninkryk is soos 'n skat, of jy kan sê alles wat jy in die lewe nodig het, is in daardie Koninkryk. Waar is daardie Koninkryk dan? In hierdie Skrifgedeelte, sê Jesus dit is weggesteek in 'n veld. Sjou, sou jy nie graag wou weet waar daardie veld is nie? Die goeie nuus is dat Jesus vir ons sê waar die veld is en ook hoe om die skat wat daarin versteek is, te kry.

As ons na die gelykenis van die saaiër kyk in Markus 4, sien ons hoe Jesus leer hoe geloof in die mens se hart ontstaan. Daar gebruik Hy 'n analogie wat die mens se gees met grond vergelyk en die Woord van God met saad wat in die grond gesaai word. As ons daardie selfde analogie gebruik, kan ons aanvaar dat die grond waarna hier in Matteus 13 gepraat word, ook na die gees van die mens verwys. Ek wil jou net vir 'n oomblik herinner wat ons in hoofstuk 6 geleer het: As ons wedergebore word, word ons menslike gees een met God se Gees, en dit stel ons in staat om in te skakel op God se gedagtes. Die skat in die veld is nie net tot ons beperk nie, maar sal alles insluit wat God is aangesien ons in die Gees een is met Hom.

*“Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,”
en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het*

God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet. Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God. Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het.
– 1 Korintiërs 2:9–12, 1983-vertaling

En dan voeg 1 Korintiërs 2:16 by dat *ons die denke van Christus het* (CAB23-vertaling)! Jesus bevestig waar hierdie skat is in Lukas:

En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.
– Lukas 17:20–21, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.
– 1 Korintiërs 6:19–20, 1983-vertaling

Kom ek som op wat ek probeer sê:

DAAR IS 'N SKAT IN JOU!

Hoe groot is die skat? Dis 'n skat wat veel groter is as wat jy in jou wildste drome kan dink! Onmeetbaar groot!

*En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat
ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk . . .*

– Efesiërs 3:20, 1953-vertaling

Hier is waar ons onself sal moet oefen om anders te dink. Hierdie skat is groter as wat ons ons kan voorstel! Ons het onself ge oefen dat, wanneer ons iets nodig het of hulp nodig het, ons buite onself kyk om die antwoord te vind. Maar nou leef die Heilige Gees – God Self – in ons en is Hy ons Helper. Ons het reeds bespreek hoe bid in die Gees (in tale) ons onderrig en geheimenisse openbaar. Maar so baie mense sukkel om te begryp presies hoe ongelooflik kosbaar hierdie soort hulp kan wees of dat God regtig die antwoord in elke area van hulle lewe wil wees,

Toe jy wedergebore is, het jy 'n lid van God se eie gesin en 'n burger van Sy groot Koninkryk geword. Hy het jou alreeds alles gegee wat Hy het! Lukas 12:32 sê inderdaad daar is geen rede om bang of angstig te wees nie, aangesien jou Vader graag die Koninkryk vir jou wou gee. Wat ter Koninkryk? Sy Koninkryk!

**DIT BEHOORT REEDS ALLES
AAN JOU, MY VRIEND, DIE
HELE KONINKRYK. GOD
KAN NIE ENIGIETS BYVOEG
BY DIT WAT HY REEDS VIR
JOU GEGEE HET NIE. JY HET
REEDS ALLES!**

*Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n
welbehag daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.*

– Lukas 12:32, 1953-vertaling

Dit behoort reeds alles aan jou, my vriend, die hele Koninkryk. God kan nie enigiets byvoeg by dit wat Hy reeds vir jou gegee het nie. Jy het

reeds alles! Baie mense tree op asof hulle God pla as hulle Hom vra om betrokke te wees by hulle daaglikse lewens. Maar dit is pure onkunde. As ek vir jou sê jy is 'n landsburger van die Verenigde State, en jy sê: "Wel, ek weet nie so mooi nie. As ek hier kom bly sal ek iemand veront- rief as ek voordeel wil trek uit wette van die land wat my toelaat om my besigheid hier te bedryf." As 'n landsburger is jy reeds geregtig op al die wette en voorregte wat die hele land jou bied. Dit is alles joune! Moenie terughou nie. Eien vir jou toe al die voordele wat reeds wetlik joune is!

Waarom word die Koninkryk van God met 'n skat vergelyk?

Want as jy toegang het tot die hemel se kennis, sal jy weet wat om te doen in elke situasie met unieke, Godgegewe strategieë. Kom ek gee vir jou nog 'n voorbeeld van hoe dit werk.

Toe ek en Drenda van die Koninkryk begin leer het, het ons lewens dramaties verander. Om heeltemal uit die skuld te kom was soos 'n vars briesie, en die lewe het 'n totaal nuwe geur gehad. Die wonder van 'n kontantbetaling vir ons 22 hektaar grond was soos 'n droom, dit was wonderlik, maar ons moes steeds 'n huis daarop bou. Ons het niks ge- weet van huisbou nie, en ons het nie regtig geweet waar om te begin nie. Maar ons het begin bid oor HOE om die huis te kry wat ons op daardie eiendom moes hê. Ons sou die Heilige Gees vertrou om ons te help.

Ons wou heeltemal skuldvry bly, en het dus onkonvensionele ma- niere verken om te bou. Een van die metodes om 'n pragtige huis teen verminderde prys op te sit, was om 'n huis te bou met voorafvervaardigde modules. Die huis word vooraf in 'n fabriek vervaardig en dan op jou eiendom aanmekaargesit. Hierdie huise is van die dieselfde kwali- teit as 'n houthuis maar teen 'n verminderde prys danksy die doel- treffende boumetodes wat by die fabriek gebruik word. Ons het dus na twee of drie van hierdie maatskappye gekyk en na die modelle wat

hulle aangebied het. Ná ons navorsing gedoen en na hierdie voorafvervaardigde modulêre huise gekyk het, het ons gevoel dis die roete wat ons moes volg en ons het 'n maatskappy en model gekies wat ons gedink het goed sou lyk op ons eiendom. Ons was gereed om die kontrak te teken met ons tuiskoms van 'n tuisonderrig-konferensie in Virginië waarheen ons as sprekers genooi is. Ons het besluit om die planne saam te vat sodat ons al die besonderhede wat ons dalk kon miskyk kon bespreek, en om seker te maak dit is die regte ding voordat ons die kontrak met ons tuiskoms teken.

Ek kan nie meer onthou hoe dit gekom het dat ons genooi is om by daardie konferensie in Virginië te praat nie, maar ons is genooi om by een van die tuisonderrig-gesinne tuis te gaan terwyl ons daar was. Toe ons by hulle pragtige suidelike-styl huis opdaag en ons nuwe vriende ontmoet het, het ons opgemerk hoe ongelooflik hulle huis was. Ons het uitgevind dat hulle die huis self gebou het. “Is julle kontrakteurs?” wou ek weet. “Nee,” was die antwoord. Die man het ons ingelig dat hy 'n rekenmeester was by 'n groot plaaslike maatskappy. “Wel, hoe het julle geweet hoe om julle eie huis te bou?” het ek gevra.

Hulle het oor verskeie dinge begin gesels, en in die loop van die gesprek het ons vir hulle vertel dat ons ook 'n huis wou bou en die kontrak gaan teken sodra ons terug is by die huis. Hulle was opgewonde om dit te hoor en het ons oor ons nuwe huis begin uitvra. Ons het vir hulle oor die Koninkryk begin vertel, en hoe ons lewe verander het. Ons het ook gesê dat ons die 22 hektaar grond kontant gekoop het en hoe opgewonde ons was om uiteindelik uit daardie plaashuis uit te trek.

Ons het genoem dat ons die planne saamgebring het, en hulle het gevra om dit te sien. Natuurlik was ons maar te bly om hulle insette te kry. Ons het die planne gaan haal en dit op die kombuistafel uitgesprei.

Dit was nie lank voor die vrou gesê dinge begin het soos “Nee, hierdie area is te klein” of “julle het ’n groter kombuis nodig,” of “het julle gedink oor die huis wanneer die kinders begin grootword? As pastors, het julle regtig ’n groter onthaalarea nodig.” Hulle het ons eintlik gewys dat die huis wat ons beplan het, nie die regte huis was om te bou nie, en ons moes saamstem met alles wat hulle aan ons uitgewys het.

“Wel, hoe kan ons ’n groter huis bou met die geld tot ons beskikking?”

“Dis maklik,” het hulle gesê, “bou dit self!”

Toe ek daardie woorde hoor, het ek amper gelag. “Ek my eie huis bou?” Soos ek genoem het, ek het niks van huisbou geweet nie. Maar hulle het ons bemoedig, en gesê dat dit nie moeilik is nie. Hulle het ons vertel van ’n boek met die titel *Save up to \$50,000 or more as your own General Contractor: How to Plan, Subcontract and Build Your Dream House* deur Warren V. Jaeger.

Toe ons by die huis kom, het ons besluit om nie die kontrak te teken vir die voorafvervaardigde huis nie. Ons het die boek bestel en dit gelees, en mooi gedink oor elke hoofstuk. Ons het ook begin kyk na pasgemaakte huisplanne. Uiteindelik het ons ’n plan gekry waaroor ons gaande was en dit begin opdeel in ’n stap-vir-stap plan om die huis te bou. Ons het met vriende en mense gepraat wat ons weet ook gebou het. Eindelik het ons besluit dat ons dit kon doen. Ons het na die bouplanne gekyk en onself afgevra: “Wat kan ons self doen om hierdie huis binne ons begroting te hou?” Dit klink ongelooflik, maar ek het besluit om self die hele huis te bedraad, ten spyte van die feit dat ek in my lewe nog nooit ’n 12/2-koord hanteer het nie. ’n Vriend wat weet hoe elektriese bedrading werk, het vir my vertel dat dit maklik was en gesê hy sal my wys hoe.

Omdat ek bedags besig was met my maatskappy, het Drenda besluit dat sy die algemene kontrakteur sou wees wat met die subkontraakteurs

werk. Ons het 'n kontrakteur aangestel om die huis se raamwerk op te stel, en die res was vir ons om te doen. Die dae wat gevolg het, was van die mees intense maar opwindendste dae van ons lewe. Om 'n lang storie kort te maak, ons het ons huis gebou met twee keer die oppervlak van die voorafvervaardigde huis wat ons beplan het. Ons het soliede houtdeure gehad, hardhoutvloere, soliede houtkroonlyste en pragtige kombuiskaste wat op bestelling gemaak is met nuwe vlekvrystaal toebehore. Ons het uitgewerk dat ons meer as \$200 000 bespaar het deur self te bou!

Vandag is ek so bly dat ons die Heilige Gees gevra het om ons met 'n plan te help. Die resultate was en is so ver bo wat ons op ons eie gedroom het moontlik is. Ek is steeds verwonderd oor hoe God dit alles bymekaar gebring het deur daardie besoek aan Virginië, en hoe ons by die gesin beland het wat pas hulle eie huis self

gebou het. Ek is oortuig dat, as dit nie gebeur het nie, ons waarskynlik die voorafvervaardigde huis sou gekies het. Ek sê nie dit sou nie vir 'n tyd lank vir ons gewerk het nie, maar ons sou daardie huis gou ontgroeï het. Die huis wat ons gebou het, is steeds 'n voorbeeld vir my van hoe die Heilige Gees jou in elke situasie sal help en vir jou die plan en leiding sal gee wat jou verwagtinge sal oortref!

Kom ek sê dus nog 'n laaste keer . . .

God het JOU plan!

Jy sê dalk: “Gary, dis alles goed en wel, maar Matteus 13:44 (2020-vertaling) sê die plan is weggesteek!” Ja, dit sê so, en dit is tot jou voordeel. Lees wat sê Jesus in Matteus 13:

**EK SÊ ALTYD GOD SE
GEHEIME IS *VIR* JOU
VERSTEEK, NIE *VAN* JOU
NIE! SATAN WOON IN DIE
DUISTERNIS EN KEN NIE
GOD SE PLANNE NIE.**

*Die dissipels het vir Jesus kom vra: “Hoekom gebruik U gelykenisse as U met die mense praat?” Hy het hulle geantwoord: “Aan julle **is dit gegee** om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.”*
– Matteus 13:10–11, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Hierdie geheime kennis is vir *jou* bedoel en nie vir die duiwel of bose mense wat dit sal misbruik of God se planne wil verhinder nie. Die Bybel sê Satan sal van taktiek verander as hy kan agterkom wat God besig is om te doen.

Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie.
– 1 Korintiërs 2:7–8, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Ek sê altyd God se geheime is *vir* jou versteek, nie *van* jou nie! Satan woon in die duisternis en ken nie God se planne nie. Hy kan net reageer op dit wat God doen. Teen die tyd dat hy uitvind wat aan die gang is, is dit te laat! Wanneer jy dus weer ’n bietjie senuweeagtig raak wanneer die sperdatum nader kom en jy steeds nie ’n antwoord het nie, kan jy weet dat God nooit te laat is nie. Wat jy as n vertraging sien, werk in jou guns deurdat die antwoord verborge bly tot dit tyd is om geopenbaar te word.

*“God se koninkryk is soos ’n skat wat in ’n stuk grond **WEGGESTEEK** lê. Iemand kry dit daar, maar **steek dit dadelik weer weg**. Oorstelp van blydschap gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie stuk grond.”*

– Matteus 13:44, NLV, klem bygevoeg

Ons het reeds gepraat oor wat en waar die veld is en waarom die skat versteek is. Ons het ook geleer hoe om daardie geheime dinge van God te hoor deur in die Gees te bid en te luister vir die stem van die Heilige Gees. Maar ons Skrifgedeelte praat van nog ’n belangrike beginsel in hierdie proses waarvan jy moet weet. Om dit te verontagsaam, was al die ondergang van baie goeie en edel planne en het al vernietigende gevolge gehad in mense se lewens. Jy sal in ons Skrifgedeelte sien dat wanneer die man die skat, die idee, die rigting of die plan van God hoor, hy dit weer wegsteek. **HY DOEN NIE DADELIK IETS DAARAAN** nie! Hy vertel nie dadelik al sy vriende en bure wat hy van die Here gehoor het of van sy nuwe, opwindende planne nie. In elk geval nie nou al nie. Die Bybel sê hy gaan verkoop alles wat hy het, en koop dan die veld. Eenvoudig gestel, hy wil nie hê enigeen moet weet waar die skat is totdat dit werklik syne is nie. Deur te wag totdat dit syne is, verseker hy dat niemand dit van hom kan steel nie.

Die Skrif openbaar ook dat wanneer hy die eerste keer die skat ontdek, hy nie in ’n posisie is om daarvoor te betaal nie en deur ’n proses van voorbereiding moet gaan sodat hy dit uiteindelik kan koop. Hierdie beginsel strek verder as net die finansiële aspek daarvan om eenvoudig vir iets te betaal. Dit gee vir ons ’n belangrike lewensbeginsel en leer ons hoe om op te tree wanneer die Heilige Gees vir ons wys wat om te doen om sukses te behaal.

Die Skrifgedeelte sê wanneer jy die idee of rigting hoor, moet jy nie iets daaraan doen totdat jy die kapasiteit het om dit in besit te neem

nie. Ek dink ons kan almal maklik sien hoe dit op geld van toepassing is. As jy nie genoeg geld het om die grond te koop nie, gaan jy vir seker nie vir iemand sê van die skat wat jy daarin ontdek het nie. As dit bekend raak dat daar 'n skat begrawe is, kan jy maar seker wees dat iemand anders die grond gaan koop. In plaas daarvan sal jy gaan en doen wat dit ook al verg om die geld te kry sodat jy die grond kan koop terwyl jy die waarheid oor die versteekte skat vir jouself hou.

Dieselfde beginsel geld vir elke aanduiding of opdrag wat God vir jou gee. Dikwels is Christene so ingestel op die uiteinde, dat hulle die begin misloop. Die Heilige Gees openbaar baiekeer 'n idee aan ons, nie om op daardie oomblik iets daaraan te doen nie, maar om ons die kans te gee om voorbereid te wees sodat ons die geleentheid waarlik kan benut. Die voorbereidingsfase van enige onderneming is die belangrikste deel van die proses. Op die gebied van sport word wedstryde gewen of verloor op grond van hoe goed 'n span gedurende hulle oefensessies vir die wedstryd voorberei wanneer niemand kyk nie. Maar jy sal met my saamstem dat oefensessies nie pret is nie; dit is uitmergelend en uitputtend. In vergelyking daarmee is almal gaande oor die opwinding van die wedstryd, die skare, die ligte en die gevoel wat jy ervaar wanneer jy wen.

Ongelukkig verander daardie drome in pyn en hartseer wanneer die voorbereiding agterweë gebly het. Ek kan nie vir jou sê hoeveel mense ek al gesien het wat hulle lewens laat skipbreuk ly het deur nie aan hierdie beginsel gehoor te gee nie. Ek het gesien hoe mense wat waarlik deur God geroep is, mense wat God se salwing op hulle het, uitgaan en 'n kerk begin wanneer hulle nie emosioneel of finansiëel daarop voorbereid is nie. Dit eindig in ramspoed in plaas van die droom wat hulle daarvoor gehad het. Ek het gesien hoe mense hoor hoe God vir hulle 'n idee gee vir 'n besigheid, en dan – oortuig dat hulle sukses gaan

behaal – wegspring en uit hulle huidige werk bedank sonder om dinge eers goed deur te kyk en behoorlik voor te berei. Net om uiteindelik bankrot te speel. Die hartseer van hierdie verhare is dat God die skuld kry, en die betrokke persone raak ontnugter, nie net met hulleself nie, maar ook met God. Ek is nie seker waarom so baie mense dink sukses kom oornag nie. Maar mense moet onderrig word in hierdie proses van sukses wat in hierdie een eenvoudige Skrifgedeelte aangedui word.

Mense kom na my toe en sê: “Haai, Pastoor, God het vir my gesê dit is my kerk hierdie.” En dan sien jy hulle nooit weer nie. “Haai, Pastoor, God het vir my hierdie wonderlike besigheid-idee gegee.” Die volgende wat jy hoor, is dat hulle huis en kar deur die bank teruggeneem is. Dit is NIE wat God vir jou in gedagte het nie.

Wanneer die Heilige Gees vir ons ’n idee gee, beteken dit nie ons moet op daardie oomblik opspring en aan die werk spring nie. Die meeste van die tyd is die bedoeling dat ons daardie droom moet wegsteek en moet voorberei om dit in besit te neem. Gewoonlik het ons nie alles wat nodig is om daardie visie suksesvol uit te voer nie. Voorbereiding kan dalk ’n week of selfs jare duur. Dit hang net af van wat God vir jou gewys het om te doen. Jy moet verstaan dat voorbereiding en tydsberekening net so belangrik is as die idee self!

Ek weet dat in my geval God my geroep het om die evangelie te verkondig toe ek 19 jaar oud was. Ek het ’n visioen gehad waarin ek gesien het hoe ek ’n Bybel vashou en hoe die Here drie keer vir my sê: “Ek roep jou om my Woord te verkondig.” Dit was ’n baie lewendige en kragtige ervaring. Maar die Here het nie vir my gesê om op daardie oomblik uit te gaan en te begin preek nie. In plaas daarvan het Hy vir my gesê om kollege toe te gaan en te studeer. Jy sien, ek het basies gedruip op hoërskool met ’n gemiddeld van 1.3. Ek was ook besonder

skaam en het dit vermy om tussen mense te wees. Ek wil dit baie duidelik maak. Ek het nie naastenby die volwassenheid gehad om 'n pastor vir mense te wees nie! Ek het dus kollege toe gegaan, en dit was moeilik, baie moeilik. Maar ek het vasgebyt en ná vier jaar my graad verwerf.

Toe ek klaar was met kollege, het ek gewonder of dit nou tyd was om te preek. Maar die Here het vir my gesê Hy wil hê ek moet by 'n plaaslike finansiële maatskappy gaan werk wat versekering en sekuriteite verkoop. Hoewel dit vir my geen sin gemaak het nie, het ek geweet dat ek God se stem gehoor het, en die werk aanvaar. Dit was selfs moeiliker as kollege! Ek moes elke dag mense bel wat ek nie ken nie en so het ek geleer om my vrees vir mense te oorkom. Dit was ook moeilik om net vir kommissie te werk. Om eerlik te wees, ek het elke dag lus gehad om te bedank, maar ek het geweet ek kon nie. Na 'n paar jaar het ek eindelijk goed geraak in wat ek gedoen het. Om die waarheid te sê, ek en Drenda het die tak opgebou dat dit die beste presteer het uit die 5 000 takke landswyd van die maatskappy vir wie ons gewerk het.

Dit was toe dat God vir my gesê het nou is die tyd om 'n kerk te begin. Dit het God 21 jaar geneem om my voor te berei vir die visie wat Hy vir my gegee het toe ek 19 jaar oud was. Toe ek eers as pastor gewerk het, het ek verstaan waarom soveel voorbereiding nodig was. Dit was baie moeiliker as wat ek gedink het dit gaan wees. Maar danksy my opleiding met mense en om verwerping in die sakewêreld te hanteer, kon ek getrou bly aan God se roeping op my lewe. Elke opdrag sal nie 21 jaar se voorbereiding verg nie, maar die beginsel van voorbereiding bly dieselfde.

Met die beginsel van voorbereiding in gedagte, parafraseer ek graag Matteus 13:44 só:

Die Koninkryk van die hemel in jou gee vir jou die kennis of toegang tot die kennis van die geheim, of verborge dinge wat God weet.

Jy kan toegang verkry tot hierdie kennis deur die Gees van God, God Self wat in jou woon. Wanneer iemand daardie geheime kennis wat vir hom 'n skat of 'n antwoord is, hoor of ontdek, gaan steek hy dit weer weg in sy hart en verstand. En dan werk hy in sy blydschap met al sy krag en deeglike voorbereiding om die rigting en opdrag wat aan hom geopenbaar is, na te streef, en so sy antwoord in besit te neem en vir homself toe te eien. (klem bygevoeg)

HOOFSTUK 8

BEVORDERING – 'N MOEILIKE PLEK

My vriend en pastoor, Peter en sy vrou, Bev, wat 'n groot kerk in Nieu-Seeland het, was in die Verenigde State vir 'n vinnige besoek. Dit was Kerfeestyd en hulle was van plan om vir 'n paar dae in Colorado Springs by die Broadmoor-hotel tuis te gaan om te ontspan en die Kerslandskap te geniet. As jy nog nie by die Broadmoor-hotel was nie, dit is een van Amerika se beste vakansieplekke en is teen die Rocky Mountains gesetel. Hulle is ook bekend vir hulle fantastiese Kersversierings. Pastoor Peter het ons geskakel om ons te laat weet hulle gaan daar wees en te vra of ons by hulle wil aansluit. Ons het die kans gretig aangegryp en drie van die wonderlikste dae daar deurgebring.

Wanneer ek en pastoor Peter bymekaar is, praat ons gewoonlik baie oor die bediening aangesien hy op my beheerraad is, en dit was ook hierdie keer die geval. Ons het albei gesels oor ons planne vir die komende jaar en sommer net idees uitgeruil. Uiteindelik het die tyd aangebreek om totsiens te sê, iets wat altyd moeilik is met sulke liewe vriende. Ek en Drenda het gewoonlik een keer per jaar by hulle in Nieu-Seeland gaan kuier, of ten minste elke tweede jaar. Daardie jaar was ek egter reeds baie besig en ek het nie beplan om te gaan kuier nie.

Ons het dus tuis gekom – gereed om die nuwe jaar met groot verwagting aan te pak. Interessant genoeg het ek op 9 Januarie 'n droom gehad waarin ek gehoor het dat pastoor Peter my gaan nooi om in Februarie by sy kerk te preek. Ek onthou dat ek gedink het dit is hoogs ongewoon, want ek het pas drie dae saam met hom deurgebring en hy het niks daarvan gesê nie, en Februarie was maar net 'n paar weke ver. Ek het vir Drenda vertel wat die Here vir my gesê het terwyl ons kombuis toe stap vir ontbyt.

My rekenaar was op die kombuistoonbank, en ek het dit so terloops aangeskakel. Terwyl ek my koffie sit en drink, het 'n e-pos van pastoor Peter ingekom. Ek was verbaas om te sien dat pastoor Peter my nooi om by hulle jaarlikse finansiële konferensie te kom praat, wat oor net drie weke was. Natuurlik was ek verras, maar danksy die droom was ek nie geskok nie. Ek het vinnig na my kalender gekyk om te sien of dit enigszins moontlik was, want ek sou baie reis rondom die tyd wat Peter my genooi het om Nieu-Seeland toe te kom. Ek en Drenda was reeds bespreek op 'n vlug na Buenos Aires in Argentinië 'n paar dae voordat ek in Aukland moes wees. Die enigste manier waarop ek betyds daar sou kon land, was om direk ná die konferensie in Buenos Aires na Sydney in Australië te vlieg en vandaar 'n vlug na Aukland te haal. Ek sou self nooit so 'n reis beplan nie, maar omdat die Here met my gepraat het, het ek geweet ons moes gaan.

Ons reis na Argentinië was 'n korporatiewe reis wat geborg is deur een van my verkopers met wie my maatskappy sake doen. Dit was 'n goeie geleentheid en ons het die tyd benut om op te vang met vriende wat ek gewoonlik net so een keer per jaar sien. Argentinië het in daardie tyd taamlik ernstige finansiële probleme ondervind, en daar was onlusse in die stad. Dit was nietemin 'n wonderlike besoek aangesien ek nog

nooit vantevore daar was nie. Ons vlug na Sydney was sestien uur lank, die langste vlug wat ek nog ooit gehad het. Ons het bo-oor die Suid-pool gevlieg wat asembenemend was, want ek wou nog altyd daardie deel van die wêreld vanuit die lug sien.

Tydens ons vlug, terwyl ek uitgekyk het na 'n landskap van slegs ys en sneeu onder ons, het ek besef ek vlieg met 'n Argentynse lugredery, 'n lugredery wat ook finansiële probleme ondervind het en gesukkel het

**ALMAL WAT HULLE DEUR
DIE GEES VAN GOD LAAT
LEI, IS KINDERS VAN GOD.
(ROMEINE 8:14)**

om 'n bestaan te maak. Vir 'n oomblik het die gedagte by my opgekom dat indien hierdie lugredery kortpaaie gekies het in die instandhouding van hulle vliegtuie en ons in hierdie deel van die wêreld sou neerstort, dit nie baie goed sou wees nie. Maar ek het geweet ek is in veilige hande – die Here self het my opdrag gegee om hierdie reis te onderneem.

Met ons aankoms in Sydney het ons 'n vinnige oproep na pastoor Peter en Bev gemaak, en was geskok om te hoor dat hy in die hospitaal was ná 'n ernstige hartaanval. Hy sou glad nie kon preek tydens hulle groot finansiële naweek nie en hy het my gevra of ek al die sessies sou kon waarneem. Nou het ek verstaan waarom die Here my na Nieu-Seeland laat kom het, en ek was verwonderd oor hoe die Heilige Gees ons voetstaple lei. Dit is 'n goeie herinnering van wat Romeine 8:14 sê:

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

– Romeine 8:14, 1983-vertaling

Onthou, ons praat van die vermoë om leiding, idees en konsepte van die Heilige Gees te kry. Daar is nie 'n beter storie in die Bybel om

my volgende punt te illustreer oor hoe Heilige Gees vir jou die antwoorde kan gee wat jy nodig het, as Daniël se storie nie. Kom ons volg die verhaal wat in Daniël 2 begin:

In die tweede regeringsjaar van koning Nebukadnesar het hy 'n droom gehad wat hom so ontstel het dat hy nie kon slaap nie.

Toe het hy die towenaars, die voorspellers, die goëlaars en die sterrekykers laat roep om sy droom vir hom uit te lê. Hulle het toe voor die koning kom staan en hy het vir hulle gesê: “Ek is ontsteld oor 'n droom wat ek gehad het en ek wil weet wat die droom beteken.”

Die sterrekykers het die koning in Aramees geantwoord: “Mag die koning baie lank lewe! Vertel ons die droom, dan sal ons dit vir u uitlê.”

Die koning sê toe vir die sterrekykers: “Ek het klaar besluit: as julle my nie die droom en sy uitleg kan gee nie, sal julle aan stukke gekap word en sal van julle huise puinhope gemaak word. Maar as julle die droom en sy uitleg gee, sal julle baie geskenke en groot eer van my ontvang. Gee my dus die droom en sy uitleg.”

– Daniël 2:1–6, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Die sterrekykers het die koning geantwoord: “Daar is geen mens op aarde wat aan u eis kan voldoen nie. Geen koning, hoe groot of magtig hy ook mag wees, het dan ook al so iets van enige toenaar, voorspeller of sterrekyker verwag nie. Wat u vra, is te moeilik, daar is niemand wat dit vir u kan doen nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder die mense nie.”

Toe het die koning woedend geword en opdrag gegee om al die koninklike raadgewers van Babel om die lewe te bring. Daar is toe

'n proklamasie uitgevaardig dat die koninklike raadgewers doodgemaak moet word. Ook Daniël en sy vriende is gesoek om doodgemaak te word.

– Daniël 2:10–13, 1983-vertaling

*Daarna is Daniël huis toe en het hy vir sy vriende Gananja, Misael en Asarja vertel wat aan die gang is en hulle gevra om die God van die hemel om genade te smee oor die geheim van die droom sodat Daniël en sy vriende nie saam met die ander koninklike raadgewers doodgemaak sou word nie. Toe is die geheim aan Daniël geopenbaar in 'n nagtelike visioen, en Daniël het die God van die hemel geprys. Daniël het gesê: “Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort, Hy wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en die verstand aan dié wat insig het, **wat ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by Hom is die lig.**”*

– Daniël 2:17–22, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Daniël is in 'n situasie van lewe en dood, 'n dodelike posisie. Maar hier vind ons 'n belangrike sleutel tot jou volgende bevordering. God het dit gebruik om Daniël se bevordering te bewerkstellig, nie sy ondergang nie. Daniël kon, deur die Heilige Gees se geheime kennis, vir koning Nebukadnesar die droom en die uitleg gee. Die koning is baie bly en dankbaar, soos ons in die volgende gedeelte kan sien:

Toe het koning Nebukadnesar diep voor Daniël gebuig, aan hom eer betoon en opdrag gegee dat daar 'n graanoffer en 'n wierookoffer aan hom geoffer moet word. Die koning het vir Daniël gesê: “Werklik, julle God is die

grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak.”

Die koning het hoë eer aan Daniël betoon, vir hom baie en groot geskenke gegee en hom aangestel as goewerneur van die hele provinsie Babel en as hoof van al die koninklike raadgewers. Op versoek van Daniël het die koning vir Sadrag, Mesag en Abednego in beheer geplaas van die administrasie van die provinsie Babel. Maar Daniël self het in die paleis gebly.
– Daniël 2:46–49, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Wat was die resultaat daarvan dat Daniël God se stem kon hoor? Bevordering en rykdom!

Ons sien dieselfde resultaat in ’n ander verhaal in die Bybel, die verhaal van Josef. Josef was in ’n soortgelyke situasie as Daniël. Hy is die kans gegee om die Farao se droom te interpreteer. Nadat hy suksesvol was om die droom uit te lê en om ’n administratiewe plan te verskaf om Egipte te red van die komende hongersnood wat die droom voorspel het, kry ons die Farao se reaksie in Genesis 41:

Toe sê die farao vir Josef: “Noudat God dit alles aan jou bekend gemaak het – daar is niemand so verstandig en wys soos jy nie – sal jy self hoof van my hofhouding word, en aan jou bevele sal my hele volk gehoorsaam wees. Net wat die troon betref, is ek jou meedere.”
– Genesis 41:39–40, 2020-vertaling

In albei hierdie stories was die versoeking aan die begin groot om hopeloos te voel, maar die uiteinde was bevordering en rykdom. Eenvoudig gestel, die wêreld sal baie geld spandeer aan mense wat groot

probleme oplos. Die Heilige Gees in jou help jou graag reg te midde van groot probleme! Moenie bang wees wanneer die gebeur nie, maar begin om die Here te prys, want Hy sal jou help net soos Hy vir Daniël en Josef gehelp het! Ek sê altyd God kry die eer, en ek kry die betaling! Ek hou baie van wat Daniël oor die Here sê: “**Hy wat . . . ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by Hom is die lig** (Daniël 2:22, 1983-vertaling).” Daniël sê dat die lig by Hom is. Dis soos wanneer jy in die nag in donkerte uitstap na buite, en jy skakel die lig aan – jy kan dadelik sien waar jy loop! Vrees word deur die lig ingehaal en jy weet waar jy moet trap. Paulus impliseer in hierdie vers dat God praat en ons in tye van moeilikheid help.

*Julle weet dat, toe julle nog heidene was,
julle blindelings na die **stom** afgode meegevoer is.*
– 1 Korintiërs 12:2, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Paulus sê afgode kan nie praat nie, maar God praat wel!

Jy wonder dalk waarom ek hierdie hoofstuk noem: Bevordering – ’n moeilike plek. Dit is omdat dit in die moeilike plek is waar die Heilige Gees in jou die antwoorde het. Dit is die moeilike plek wat vir jou die perfekte geleentheid bied om die oplossing te gee. Die moeilike plek is die perfekte situasie vir jou volgende bevordering! Ongelukkig skram baie gelowiges weg van moeilike plekke. Baie dink eintlik as hulle hulself in ’n moeilike situasie bevind, hulle God gemis het.

Ek onthou toe ons met ons televisie-uitsendings begin het, en die rekeninge \$9 000 per maand was. Ek het gedink dis ’n klomp geld om elke maand bymekaar te skraap, en toe raak die rekeninge meer as \$20 000 per maand, en toe \$50 000 per maand. Eendag, terwyl ons

almal saam gebid het, het my dogter Amy deur die gawe van profesie begin praat.

“Die oes is te groot vir jou. Ek is besig om jou te strek. Slegs deur My Gees kan jy verstaan wat op die punt is om te gebeur! Sal jy in geloof uitstap en my toelaat om jou te lei na moeilike dinge wat bokant jou begrip is, wat onmoontlik is?”

Voordat ek vir jou die storie vertel, en gebaseer op dit wat jy nou weet, kan jy dalk vir my sê hoe ons dit moes interpreteer? BEVORDERING! Ek hou baie daarvan dat God vir my ’n keuse gegee het. Hy het gevra of ek bereid sou wees om enduit saam met Hom te stap. Hy wou hê ek moes inkoop op dit wat Hy beplan. As ek nee gesê het, is ek seker Hy sou iemand anders gevra het. Maar ek sal veel eerder self bevorder wil word. Wat van jou?

Wel, ek het daardie dag gesê: “Ja, Here, U weet ek sal.” ’n Paar weke daarna het die Daystar-netwerk vir ons ’n daaglikse tydgleuf aangebied waar ons in die verlede ’n weeklikse uitsending gehad het. As ons dit sou neem, sou ons TV-rekeninge die hoogte inskiet na \$200 000 per maand. Gegronde op daardie profetiese woord en die salwing van die Heilige Gees in my binneste, het ek ja gesê. Almal het vir my gesê ons sal vir die eerste paar maande ’n bietjie agter raak met ons lugtyd-rekeninge totdat mense bewus raak van jou program. Dit is presies wat gebeur het, maar dalk net ’n bietjie ernstiger as wat ons voorsien het. In vyf maande se tyd het ons met \$500 000 agterstallig geraak met ons lugtydrekeninge. Ons lugtydaankoper het inderwaarheid vir my ’n e-pos gestuur om te sê sy prokureurs het effens senuweeagtig begin raak oor die rekeninge wat laat betaal word.

Ek het ernstig begin om met God te worstel hieroor aangesien die naam van my uitsending *Fixing the Money Thing* was! Ek het ietwat

moedeloos geraak en vir Drenda gesê ek sal dalk moet terugsky op ons televisie-uitsendings. Maar sy het geantwoord: “Wat het God gesê? Hy het mos gesê Hy sal daarvoor betaal, nie waar nie?” Vir ’n paar dae was dit al wat sy te sê gehad het wanneer ek met haar daaroor gepraat het. Ons het gebed, en hoewel ek nie in daardie stadium antwoorde gehad het nie, het ek God se vrede ervaar. Daardie week het ek ’n droom gehad waarin ek stapels tjeks gesien het. Die snaakse ding was dat ek nie net stapels tjeks gesien het nie, maar ek het ook die bedrae op die tjeks gesien en wie dit uitgeskryf het. Toe ek wakker word, het ek geweet die rekeninge is betaal, en ek het vrede ervaar. Net daardie naweek – wat maar ’n gewone naweek was – het die \$500 000 ingekom, net soos die droom my gewys het. Die bedrae wat ek gesien het en die persone wat die tjeks uitgeskryf het, was alles akkuraat.

Jy sien, moeilike plekke is nie ’n slegte ding nie! Dis plekke van bevordering, my vriend. Mense sê vir my hulle is bang om uit te stap na die moeilike plekke want hulle is bang hulle maak ’n fout. Maar die Heilige Gees kan jou waarsku van potensiele foute as jy na Sy stem luister.

Ek onthou toe ek my huisverband-maatskappy ’n paar jaar gelede bestuur het, dat ’n kliënt die ekwiteitskapitaal uit sy huisverband in ’n maatskappy wou belê waaroor ek my bedenkinge gehad het. Ek onthou dat een van my verkoopsverteenvoorders met my daaroor gepraat het terwyl ek met die trappe opgestap het na die verbandkantore. Ek het skielik gevoel die Heilige Gees sê vir my wat om daaraan te doen. Ek het vir my verteenwoordiger gesê: “Jy kan die transaksie doen, maar laat die kliënt ’n brief teken as deel van die leningspakket wat dit duidelik maak ons is nie deel van die beleggingsmaatskappy nie en dat ons net die lening namens die kliënt aangaan.” Ons het verder ook gesê dat ons geen verantwoordelikheid aanvaar vir die veiligheid of prestasie van die

genoemde belegging nie, en dat ons ook nie aanraai dat die kliënt in daardie maatskappy belê nie. Ongeveer ses maande later het die hele ding ineengestort. Die beleggingsmaatskappy het al die kliënt se geld verloor. Die beleggingsmaatskappy en ook my eie maatskappy is gedagvaar. Toe die prokureur egter die brief sien wat ek die kliënt laat teken het, is die dagvaarding teen ons teruggetrek.

JY KAN DIE HEILIGE GEES VERTROU OM JOU TE HELP EN TE LEI DEUR ALLERHANDE SITUASIES.

Dit was die Heilige Gees wat my daardie dag op die trappe in my spore gestuit het en vir my gewys het om vir my verteenwoordiger te sê dat d daardie brief deel van die leningspakket moet uitmaak. Jy kan

die Heilige Gees vertrou om jou te help en te lei deur allerhande situasies. Soos Jesus gesê het: “Moenie bang wees nie.”

Ek het hierdie storie in een van my ander boeke vertel, maar dit is die moeite werd om dit te herhaal. Op ’n dag was ons gesin op die punt om te vertrek op ’n driedag-naweek. Almal was al in die kombi, en net toe ek die enjin wou aanskakel, het die Heilige Gees vir my gesê om die voertuig te skuif. Daar was nog een van ons karre in die oprit langs die kombi. Die Heilige Gees het vir my gesê om die kar op die gras te trek. Dit was baie vreemd. Ek het gedink: *Waarom sal die Heilige Gees vir my sê om die kar van die oprit af op die gras te trek?* Ek het gee idee gehad hoekom nie, maar die gevoel was baie sterk! Ek het vir Drenda gesê wat ek besig was om te doen en toe uitgeklim en die motor van die oprit af op die gras getrek. Ek het nie eintlik weer daaraan gedink nie totdat ons die Sondagaand tuisgekom het. Presies waar die kar in die oprit gestaan het, was daar nou ’n yslike esdoringboom wat omgeval het bo-oor die oprit waar die motor gestaan het. Die kar, wat nou op die gras gestaan

het, het niks oorgekom nie, aangesien die boom dit heeltemal misgeval het. As dit nog in die oprit gestaan het, sou die kar afgeskryf gewees het.

Ek en Drenda is natuurlik die beste voorbeelde van wat om nié met geld te doen nie. Maar al wat ons nodig gehad het, was 'n paar geheime strategieë en 'n bietjie geheime wysheid om ons bo ons omstandighede te laat uitstyg. Nou kan ons net glimlag, want ons televisieprogram – wat regoor die wêreld uitgesaai word, se naam is *Fixing the Money Thing!*

My vriend, hier is jou eindbestemming vandag:

*Hulle het krag in hulle swakheid ontvang, was magtig in
die oorlog en het vreemde leërs op die vlug laat slaan.*

– Hebreërs 11:34b, NLV

Die moeilike en onmoontlike plekke is nie moeilik en onmoontlik as jy die antwoord ken nie!

HOOFTUK 9

DIE STIL, SAGTE STEM

Wanneer ek iewers begin om te preek oor die stem van die Heilige Gees, vertel soveel mense my dat hulle nog nooit God se stem gehoor het nie. Maar ek sê altyd: “Ja, jy het!” As jy voel soos so baie ander, dat jy nog nooit God se stem gehoor het nie, blaai dan asseblief na 1 Konings 19:11–12:

Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar ’n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar ’n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. Na die aardbewing was daar ’n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar ’n fluistering in die windstilte.

– 1 Konings 19:11–12, 1983-vertaling

Hoewel ek die stem van die Heilige Gees in verskeie mates van intensiteit hoor, is die normale stem van die Heilige Gees hierdie sagte fluistering. Dit is ’n stil, sagte stem. Soos ek vroeër in hierdie boek gesê het, klink God se stem gewoonlik soos ’n gedagte met ’n effense ander tongval.

Net soos jy jou eie kind se stem in ’n skare kan uitken, kan jy begin om die Heilige Gees so goed te leer ken dat jy Sy stem ook sal herken

wanneer Hy praat. Maar in hierdie hoofstuk wil ek met jou gesels oor die stem van God waaraan niemand dink nie, maar wat almal al gehoor het.

Toe ek op kollege was by Oral Roberts Universiteit (ORU), het ek verskeie teologie-modules gedoen aangesien my hoofvak die Ou Testament was. Daar was baie inligting waarvan ek nog nooit voorheen geleer het nie; eintlik het ek van die meeste nog nooit vantevore gehoor nie. Met my gebrek aan studiegewoontes omdat ek op hoërskool uit soveel klasse uit weggebly het, was ek onder intense druk om by te hou, veral wanneer dit tyd was vir die finale eksamenweek. In hierdie een spesifieke klas moes ek 'n akademiese artikel skryf oor een of ander Ou-Testamentiese onderwerp wat ek nie nou kan onthou nie. Maar om artikels te skryf, het my bang gemaak. In my eerste jaar van kollege moes ek my eerste artikel skryf, en toe ek dit terugkry, was daar 'n groot, vet F voorop in rooi ink met die woorde: "Hoe is dit moontlik dat jy hoërskool deurgekom het?" daaronder. My Engelse taalgebruik was so swak dat die dosent verbaas was dat ek enigsins gekeur was om aan ORU te studeer. Ek moes deur die loop van daardie eerste jaar hulp kry met my Engelse grammatika.

Met die druk van die finale eksamenweek moes ek nog 'n artikel inhandig. Ek het so opgesien teen daardie projek. Ek sou gaan sit om 'n artikel te skryf, maar ek het nooit geleer hoe om 'n artikel uiteen te sit nie. Ek sou dus eenvoudig dinge opsoek en die woorde met 'n paar aanpassings oorskryf sodat niemand sou agterkom dat ek die grootste deel van my artikel vanuit verskeie bronne oorgeskrif het nie. My gewete was skoon, want ek het nie gedink ek doen iets verkeerd nie, en ek het dit wat ek gelees het, in my eie woorde oorgeskrif. Die feit was egter dat ek regtig nie geweet het hoe om te skryf nie.

Hierdie keer het ek egter nie die tyd daarvoor gehad nie. 'n Vriend van my wat in dieselfde gang gebly het, het dieselfde vak as ek geneem, net in 'n ander tydgleuf. Almal in die klas moes oor dieselfde onderwerp skryf, en daarom het ek hom gevra of ek kan sien hoe hy sy artikel uiteengesit het. Om die een of ander rede het ek, toe ek eers sy artikel gesien het, geweet ek kon nie 'n artikel skryf wat so goed soos syne is nie, en besluit om dit net so oor te skryf. Ek weet, ek weet, jy is geskok. Onthou, ek was in daardie stadium eintlik maar nog 'n nuwe Christen. Ek het dalk nie sy hele opstel oorgeskryf nie, maar ongeveer die helfte was presies dieselfde. Aan die einde van daardie finale eksamenweek het ek die opstel by my professor ingedien, baie verlig dat die skryfwerk verby was. Maar iets het daarna gebeur wat my 'n waardevolle les geleer het oor hoe om God se stem te hoor.

Toe ek daardie aand in die bed klim, kon ek nie aan die slaap raak nie. My gewete het so hard met my gepraat dat ek nie kon slaap nie. Ek het besef dat wat ek gedoen het, verkeerd was en dat ek eers gesteel en toe gelieg het. Ek het ook nie my vriend gerespekteer nie en hom 'n onreg aangedoen. Ek was miserabel! Teen 03:00 die volgende oggend het ek na my vriend se kamer gestap, hom wakker gemaak om vir hom te vertel wat ek gedoen het, en hom om verskoning te vra. Hy het my 'n vaak kyk gegee en gesê: "Gaan terug bed toe, Gary." Toe het hy eenvoudig omgedraai en verder geslaap.

Die volgende dag het ek na my professor toe gegaan en erken wat ek gedoen het. Hy moes my noodwendig 'n "F" gee vir my artikel, maar hy het vir my geglimlag en gesê hy waardeer dit dat ek na hom toe gekom het daarmee. Toe sê hy aangesien ek na hom toe gekom het, sal hy my steeds 'n "B" gee vir 'n jaarpunt in daardie vak. Wat 'n verligting! Ek het soveel beter gevoel nou dat daardie stem van veroordeling stil was, en ek vry was en vrede in my hart gehad het.

So kom ek vra jou: “Waarom kon my vriend net omdraai en verder slaap terwyl ek in soveel emosionele spanning verkeer het? Waarom het hy nie ook so gevoel nie? Waarom kon ek nie slaap nie en was ek so miserabel?” Daar was ’n stem wat met my gepraat het elke keer wanneer ek probeer slaap het. Dit het my oortuig van dit wat ek verkeerd gedoen het – dit was my gewete! Die definisie van gewete is: ’n instinktiwe kennis van reg en verkeerd. Die woord beteken letterlik “om mee te weet” of “om kennis te dra van”.

Soos ’n kers skyn die lig van ons gewete om die donkerte te ontbloot. Dit hou volmaak boek van elke gedagte en elke ding wat jy ooit gedoen het. Soos ’n getuie in die hof getuig dit van wat die diepste weggesteek is. Dit praat en herinner jou om te doen wat reg is en te vermy wat verkeerd is. Die gewete is die innerlike stem van God binne-in elke mens. Die gewete roep elke man en vrou tot verantwoording vir hulle dade. Die gewete beveel elke mens, soos in ’n hofsaal, om verantwoording te doen voor God. Soos ’n getuie geroep word om getuienis te lewer, so praat ons gewete of namens ons (verdedig ons) of dit veroordeel (beskuldig) ons.

**DIE GEWETE IS GOD SE STEM
IN ELKE MAN EN VROU, ’N
AFDRUK VAN DIE SKEPPER
EN SY VEREISTES OM DIE
LEWE TE LEEF WAARVOOR
ONS GESKEP IS.**

’n Studie wat uitbring is deur Medical Xpress bevestig hierdie feite: “Die huidige heersende teorie oor menslike ontwikkeling is dat mense hul lewens begin met ’n ‘skoon morele toestand’, maar nuwe navorsing weerspreek hierdie siening. Navorsers het bevind dat babas van so jonk as ses maande reeds morele oordeel

het, en hulle dink ons word waarskynlik gebore met ’n morele kode wat in ons brein vasgelê is.”³

Wanneer ons gewete ons veroordeel, God is groter as ons gewete en Hy weet alles. Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, kan ons met vrymoedigheid voor God staan. En wat ons ook al vra, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie onderhou, en doen wat vir Hom aangenaam is.

– 1 Johannes 3:19–22, 2020-vertaling

Die gewete is God se stem in elke mens, 'n afdruk van die Skepper en Sy vereistes om die lewe te leef waarvoor ons geskep is. Niemand kan ontsnap van hulle gewete nie. Ek was atyd verbaas dat iemand wat moord gepleeg of 'n bank beroof en daarmee weggekrom het hulle self skielik aan die polisie oorgee. Maar nou weet ek daar is geen erger foltering as 'n gewete wat jou as skuldig veroordeel nie! Paulus sê in 2 Korintiërs 1:12 dat die gewete getuig, dit praat met ons.

Daar is een ding waarop ons trots is: ons gewete verseker ons dat ons oor die algemeen, en teenoor julle in die besonder, opgetree het met die openhartigheid en eerlikheid wat van God kom. Daarin is ons nie deur die wysheid van mense gelei nie, maar deur die genade van God.

– 2 Korintiërs 1:12, 1983-vertaling

Jy sê dalk: “Met watter gesag praat ons gewete? Waarom sal die gewete se getuienis geldig wees in 'n hof?” Want dit is God se stem. Dit is weer Paulus wat ons in Romeine 2 vertel dat die gewete aktief besig is om met ons te praat.

Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis, is hulle vir hulleself 'n wet al het hulle nie die wet nie. Die

optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.

– Romeine 2:14–15, 1983-vertaling

Almal het 'n gewete. Miskien stem jy nie saam nie. Jy ken dalk mense wat op die oog af geen gevoelens het nie. Maar ek waarborg jou hulle het nie so die wêreld ingekom nie. As iemand aanhou om die stem van hulle gewete te weerstaan, sal daardie stem al stiller raak.

Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is.

– 1 Timoteus 4:2, 1983-vertaling

Paulus sê hierdie mense het hul gewetens toegeskroei, of hulleself afgesluit van enige vermoë om hulle gewetens te hoor of te voel deur hulle harte daarteen te verhard. Dink aan jou vel. As jy dit skroei, dit brand, verloor jy die gevoel op daardie area totdat die nuwe vel daaroor groei en die ou, harde vel afval. Dieselfde is waar van ons gewete. Die gewete kan jou nie dwing om iets te doen nie – dit praat net met jou. Jy kan dit ignoreer of jou daarteen verset. Maar Paulus waarsku dat as jy jou gewete ignoreer, dit vir jou groot probleme kan veroorsaak, of soos Paulus sê, jou lewe laat **skipbreuk ly**.

Timoteus, my kind, hiermee gee ek my opdrag aan jou, gegrond op die profetiese woorde wat voorheen oor jou uitgespreek is. Mag daardie woorde jou die selfvertroue gee om goed te veg in die Here se veldslae. Hou styf vas aan jou geloof, en hou altyd jou gewete skoon. Want

*sommige mense het opsetlik hulle gewete eenkant gestoot
en as gevolg daarvan het hulle geloof **skipbreuk** gely.*

– 1 Timoteus 1:18–19, NLV, klem bygevoeg

Basies, mense wat hulleself verhard teen die stem van hulle gewetens het die vermoë verloor om hulle lewens te stuur. Hulle kompas is beskadig en is nie meer doeltreffend nie. Hulle kan nie bepaal in watter rigting hulle gaan nie. Paulus sê ons moet vashou aan 'n goeie gewete, 'n gewete wat skoon is, om seker te maak ons navigeer ons lewens in die regte rigting. Omdat ons ons harte kan verhard en ons vermoë om te weet wat reg of verkeerd is, kan beskadig, sê Paulus dis belangrik om die wet te gehoorsaam en te doen wat reg is.

*Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees
vir die straf nie, maar ook ter wille van jou gewete.*

– Romeine 13:5, 2020-vertaling

As jy die wet verontagsaam, sal jou gewete jou veroordeel. Paulus sê dus jy moet die wet gehoorsaam en doen wat reg is sodat jou gewete sag en ontvanklik bly en kan funksioneer soos God bedoel het, om jou teen gevaar te beskerm.

Wat die gewete betref, kan ek nog 'n dwase ding onthou wat ek gedoen het om hierdie beginsel te illustreer. Dit het gebeur voordat ek die pastor van ons kerk was. Wanneer jy die storie hoor, sal jy verstaan waarom God my toe nog nie die groen lig gegee het as pastor nie. Die storie gaan onder meer oor 'n kar wat ek op 'n tyd gehad het. Dit was 'n Peugeot 505 koepee waarvoor ek bitter lief was. Eendag het 'n ou by 'n verkeerslig van agter in my vasgery. Die katebak was ingedui, die

raam was gebuig en daar was ook ander skade aan die kar as gevolg van die ongeluk. Die versekeringsagent vir die ou wat in my vasgery het, het na die plaashuis toe gekom om die skade te assessee.

Voordat ek vir jou vertel wat gebeur het toe hy daar aangekom het, moet ek eers vir jou vertel dat die uitlaattyp 'n paar weke voor die ongeluk afgeval het. Die sondak se motor, wat in die kattedak was, het ook gebreek 'n paar weke vóór die agent uitgekom het om die eis te hanteer. Toe die versekeringsagent die kar kom inspekteer het, het hy my gevra of die uitlaattyp, wat op die grond langs die kar gelê het (ek het dit daar gesit sodat hy dit kon sien), deel was van die skade wat deur die ongeluk veroorsaak is. Ek het 'n skerp skuldgevoel ervaar toe ek sê: “Ja, meneer.” Hy het my toe gevra of die sondak se motor, wat ek gesê het ook nie meer werk nie, ook deel was van die ongeluk. Weer het ek “Ja” gesê.

In my gees kon ek my gewete hoor uitroep: “Gary, wat doen jy? Jy lieg mos nou!” Luister nou hoe ek myself bedrieg het. Ek kan nog goed onthou hoe ek by myself gedink het om net daardie stemmetjie te ignoreer, dat dit sal weggaan. Vandag kan ek nie glo dat ek destyds so gedink het nie. Sjoë, is jy nie bly dat ek toe nog nie die pastor van 'n gemeente was nie? Ek is seker God was!

In elk geval, die kar is na die paneelkloppers toe, en binne 'n week of so het hulle my geskakel om die kar te kom haal. Toe ek my kar by die paneelkloppers sien, was ek so gelukkig. Dit was perfek! Ek het huis toe gery, so bly dat alles reggemaak is. Ongeveer 'n week later het ek besluit om huis toe te gaan vir middagete saam met Drenda en die kinders. Die plaashuis was net sowat 3 km van die kantoor af wat ek vir my finansiële maatskappy gehuur het. Ek het in die oprit opgery en die kar naby aan die voordeur geparkeer, en 'n heerlike middagete geniet.

Toe ek later die huis verlaat, en by die voordeur uitstap, het ek opgelet dat my kar nie in die oprit was nie. Ek was verward. Waar was my kar? Ek het rondgekyk en toe sien ek dit. Ons huis was aan die bopunt van 'n bult geleë en ek het klaarblyklik vergeet om die handrem vas te trek. Hoewel ek dit nog nooit vergeet het nie, moes ek dit hierdie keer nagelaat het, want dit het agteruit gerol met die lang oprit af en in 'n boom in vasgery. Terwyl ek ondertoe gestap het na die kar toe, was ek in skok. Die kattedak was ingedui, en die skade was omtrent dieselfde as wat dit was voordat dit reggemaak is. Die raam was net soos voorheen gebuig, die uitlaatpyp het afgeval, en die sondak se motor het ook nie meer gewerk nie. Alles was net soos dit was voor die kar na die paneelkloppers gestuur is.

Terwyl ek daar staan, het ek skielik verstaan en net begin lag. God was besig om my 'n les te leer, een wat hierdie prediker moes leer voordat hy na 'n gemeente kon omsien. Ek het nie weer die kar laat regmaak nie. Ek het dit maar net verkoop vir die parte. Ek kan nog net een ander keer in my lewe onthou wat my gewete so hard uitgeroep het dat ek moes stop. Ek noem dit die fiets-storie.

Ek hoop dat dit jou help. Ek weet, jy het nooit gedink ek kan so laag daal om hierdie dinge te doen nie, maar jy is verkeerd, Ek is net bly ek is gered, want ek het 'n spesmaas dat my lewe baie anders sou verloop het as ek nie gered was nie.

Die fiets-storie het 'n paar jaar later ná die storie wat ek jou nou net vertel het, plaasgevind en ja, ek het pas as pastor begin werk in ons splinternuwe kerk. Ek het een Saterdagmiddag na my pa se huis gery en was net op die punt om weer terug huis toe te ry. Ek het met ons silwer Dodge Caravan agteruit gery in die groot tweebaanaad waar my pa gewoon het. My pa se huis was aan die onderpunt van 'n effense bult, aan albei kante van sy oprit. Om die een of ander rede het ek nie die fietsryer

gesien wat met die bult af gekom het nie. Ek het stadig agteruit gery, en hy was nie agter my nie. Maar met die afdraande se momentum het hy my ingehaal net toe ek ratte gewissel en vorentoe begin beweeg het.

Die hele tyd was ek onbewus van hom, maar skielik het ek 'n harde doef, doef, doef teen die kant van die voertuig gehoor. Ek het in die truspieëltjie gekyk, en daar sien ek 'n fietsryer agter die voertuig met albei sy hande in die lug, wat vir my met albei hande die middelvinger wys saam met 'n luide gevloek. Ek was verbouereerd en totaal beledig dat hierdie ou op die fiets so kon optree. Ek het geweet hy kon maklik gerem het terwyl hy bult-af gery en my agteruit sien ry het. Ek het ook geweet as hy wou, kon hy net om my gery het teen sy volle afdraande spoed. Maar in plaas daarvan wou hy 'n punt bewys.

Ek was heeltemal geskok dat hy gedink het hy kan met 'n kar kragte meet. Wel, ek het gedink iemand moet hierdie grootmeneer 'n les leer, en ek het dus stadiger gery en gewag tot hy nader aan die voertuig is. Toe het ek remme aangeslaan. Ek het 'n mate van bevrediging ervaar toe ek sien hoe hy vervaard sy remme trek om te verhoed dat hy agter in my vasry. Dit het hom behoorlik aan die vloek gehad, soos ek nog nooit voorheen of daarna gehoor het nie. Hy het net aan en aan gegaan. Ek het stadig met die pad af gery en in trurat by 'n oprit ingery sodat my voertuig in die pad se rigting gekyk het. Ek het met 'n hoek gestaan, direk gemik in die rigting van die fietsryer wat na my toe op pad was. Toe hy sien ek sit en wag vir hom, met my voertuig reg op hom gemik, het hy skielik stilgebly. Ek dink dit het eindelijk by hom ingesink dat hy maar net op 'n fiets was en dat karre baie groter was as fietse. Ek het die venster afgedraai en gewag tot hy naby was. Toe hy by my kom, het ek vir hom geskree dat as ek hom ooit weer op daardie pad sien, ek hom sal omry. Op daardie noot het ek vinnig weggetrek – op daardie oomblik was ek direk op hom

gemik met 'n afstand van omtrent vyftien voet tussen ons. Ek kon voel hoe die voertuig die fiets skraap toe ek hom rakelings mis. Ek het gevoel ek was geregverdig in wat ek gedoen het. *Ek het hom darem 'n ding of wat gewys*, het ek by myself gedink, maar nie vir lank nie.

In my gees het ek die Heilige Gees met 'n sterk, gesaghebbende stem hoor vra: “Gary, wat is jy besig om te doen?” Om daardie woorde swart op wit te sien, laat nie reg geskied aan hoe dit vir my op daardie oomblik geklink het nie. Skielik het ek besef ek kon die man doodgery het. Ek het teruggekyk in my truspieëltjie en daar was hy, besig om baie stadig, kop omlaag te ry. Dit het gelyk of asof hy óf beseer was óf net verbaas dat hy nog lewe. Ek was nie seker nie. Ek het aangery, maar my gewete wou my nie met rus laat nie. Ek kon al die koerantopskrifte sien: “Pastor van Faith Life-kerk ry fietsryer om in padwoede-insident”. Die Heilige Gees het my herinner dat dit vir mense soos daardie fietsryer was wat Hy my geroep het om 'n kerk in daardie gemeenskap te begin. Ek was eintlik geskok oor my optrede, en het in trane vir die Here om vergifnis gevra.

Kom ons aanvaar dat jy wel al voorheen die stem van God gehoor het. Maar jy wil daardie gewete sag hou en nie toelaat dat dit verhard nie sodat jy altyd God se stem kan hoor. Die Bybel sê die volk van Israel het hulle harte verhard teenoor God en het nooit in die Beloofde Land ingegaan nie. Die skrywer van Hebreërs waarsku ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges om nie hulle voorbeeld te volg nie.

Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het.”

– Hebreërs 3:7–8, 1983-vertaling

Hierdie waarskuwing word ten minste drie maal in hoofstuk drie en vier herhaal. Waarom die waarskuwing? Want God wil jou seën en Hy wil vir jou alles gee waarvoor Jesus betaal het.

Om 'n verharde hart te hê, herinner my aan die ponie wat ek gehad het toe ek 'n kind was. Hy was die gemeenste skepsel wat ek nog ooit gesien het, en ook baie slim. Ek was die enigste een wat op hom kon ry, of liewer, wat gewaag het om op hom te ry. Ek onthou eendag toe 'n vriend by my gekuier het. Hy het verklaar dat hy mal is oor perde en enige perd kon ry. Hy het aangedring daarop om Tony, die ponie (dit was sy naam), te ry. Na 'n rukkie het hy my omgepraat om hom toe te laat om te probeer, en ek het dus vir Tony opgesaal. Jackie was my vriend se naam, en ek sal nooit vergeet wat gebeur het toe hy op daardie saal gaan sit het nie. Toe hy op Tony gaan sit, het hulle dadelik begin beweeg. Tony het met 'n vaart weggetrek en reguit op die dam wat sowat 50 treë van die huis af was, afgepeil. Jackie het so hard as wat hy kon aan daardie teuels gepluk, en op die ponie geskree om te stop, maar Tony het hom nie daaraan gesteur nie. In plaas daarvan het Tony volspoed tot by die dam gehardloop, en toe remme aangeslaan met sy kop omlaag teen die dam se wal. Natuurlik het Jackie reg bo-oor Tony se kop getrek tot binne-in die dam. Toe draai Tony doodluiters om en begin aan die gras vreet asof niks gebeur het nie.

Sien, Tony is al so baie rondgepluk, dat die stang nie meer sy mond seergemaak het nie. Hy het verhard geraak daarteen en hom nie meer daaraan gesteur nie. As 'n ponie was Tony nutteloos. Hy was vir niemand buiten my tot voordeel nie. Hoekom nie? Want, soos ek gesê het, hy was slim. En hy het geleer die enigste manier waarop hy uit daardie stal in die vars lug en by die groen gras waarvoor hy so lief was, gaan kom, was om toe te laat dat ek op hom ry. Maar ek moes 'n oog oor

hom hou. Hy sou sy kop so skeef hou na die een kant sodat hy my kon dophou wanneer ek op hom gery het. Hy het net gewag dat ek wegkyk, en dit is wanneer hy my been 'n vinnige byt sou gee. Ek sê jou, dit was seer, daarom het ek altyd my oog op hom gehou. Maar was hy van enige nut? Nee, glad nie.

En as ons ons harte toelaat om verhard te word, word ons onbruikbaar vir God, net soos Tony was. Eenkeer het ons vir Tony buite aan 'n ketting vasgemaak. My pa was besig om water in 'n emmer te tap vir

hom. Toe my pa wegdraai om terug te stap, het Tony eenvoudig sy nek uitgesteek en my pa aan sy agterstewe gebyt. Nou ja, my pa was nie gered nie en hy het 'n humeur gehad. Daar was 'n blok sout langs die water-emmer, en my pa het dit opgetel en so hard as wat hy kan na die ponie gegooi. Maar Tony het oorleef. Het ek vir Tony vertrou? Nog nooit nie!

En dit is hoe dit in mense se lewens gaan. Hulle dink hulle sal ongehoorsaam wees en net hierdie een keer teen hulle gewete in optree. Wat hulle egter nie besef nie, is dat hulle elke keer wat hulle dit doen, littekenweefsel ontwikkel. Eendag sal hulle agterkom hulle is net soos Tony wat geen pyn of spyt voel wanneer hulle kies om nie aan God gehoorsaam te wees en te doen wat Hy sê nie. Die medisyne daarvoor is om gou te wees om berou te hê wanneer jy besef jy het in stryd met jou gewete opgetree.

**LUISTER DAAROM NA
WAT DIE HEILIGE GEES SÊ:
“VANDAG, AS JULLE SY
STEM HOOR, MOET JULLE
NIE HARDKOPPIG WEES NIE,
SOOS JULLE VOORVADERS
TOE HULLE IN OPSTAND
GEKOM HET EN MY IN DIE
WOESTYN OP DIE PROEF
GESTEL HET.”
(HEBREËRS 3:7-8)**

Psalm 51 is geskryf deur koning David nadat hy met Batseba gesondig het. Dit is 'n psalm van berou.

*Wees my genadig, o God, volgens u troue liefde; wis my oortredings uit volgens u groot ontferming. Was my heeltemal skoon van my sondeskuld en reinig my van my sonde want ek is deeglik bewus van my oortredings en my sonde is voortdurend voor my. Teen U, teen U alleen, het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U gelyk sal hê as U uitspraak lewer, volkome reg wanneer U oordeel. Kyk, in sondeskuld is ek gebore, sondig toe my moeder met my swanger geraak het. Kyk, getrouheid ver wag u reeds in die moederskoot, in die verborgenheid leer U my wysheid. Neem my sonde weg met marjolein sodat ek rein kan wees, was my, dan sal ek witter as sneeu wees. Laat my weer uitroep van vreugde en blydschap hoor; laat die gebeente wat U verbrysel het, juig. Sluit u oë vir my sonde, en al my sondeskuld, wis dit uit! **Skep 'n rein hart vir my**, o God, vernuwe 'n bestendige gees in my binneste. Moet my tog nie wegdryf uit u teenwoordigheid nie; en moet u Heilige Gees nie van my wegneem nie. Laat my weer die vreugde oor u verlossing ervaar, laat 'n gewillige gees my ondersteun.*

– Psalm 51:3–14, 2020-vertaling, klem bygevoeg

U verlang nie offers nie, anders sou ek dit bring. Selfs brandoffers wil U nie hê nie. Die offer wat U wil hê, o God, is 'n gebroke gees. 'n Gebroke en berouvolle hart sal U nie verwerp nie, o God.

– Psalm 51:18–19, NLV

Dawid roep uit na God om in hom 'n skoon hart te skep, 'n gebroke gees en 'n berouvolle hart. Dawid sê eintlik hy wil 'n hart hê wat weer

kan voel. Maar Dawid sou nooit in daardie verknorsing beland het as hy na sy gewete geluister het nie. Onthou dan, as jy jou gewete ignoreer, sal jou hart verhard raak. Die volgende keer sal dit makliker wees om te doen, en die volgende keer nog makliker, en die volgende keer . . . totdat jy God glad nie meer kan hoor nie.

Die gewete is maar net een van die maniere waarop ons God hoor. Natuurlik praat die Heilige Gees direk met ons en gee vir ons instruksies en leiding. En soos ek gesê het, die Heilige Gees het my al reggehelp met 'n harde, gesaghebbende stem sowel as die klein, sagte stem. Ek het Hom hoor praat deur drome en visioene ook, wat ek in die volgende hoofstuk sal behandel. Maar in hierdie hoofstuk het ons geleer as ons God wil hoor, moet ons ons gewete vry van beskuldigings hou en gretig wees om berou te hê sodat ons gewete sag en ontvanklik kan wees om God se stem te hoor!

HOOFSTUK 10

DROME EN VISIOENE

Ek het skielik regop gesit in die bed en vir Drenda gesê: “Jy is swanger met ’n dogtertjie!”

Uit ons vyf kinders het God net een keer vir ons gesê wat die geslag van die baba is – Polly, ons vierde kind. Ek glo dit was sodat ons daaraan kon vashou toe ons gesin in ’n motorongeluk was. Drenda was ongeveer ses maande swanger met Polly. Ons het teen 90 km per uur op ’n tweebaanspad gery toe ’n jong man reg voor ons ingeskuif het. Daar was nie tyd om te stop nie, en ons het van agter in hom vasgery. Met dié dat Drenda swanger was, het die sitplekgordel haar maag gekneus. Sy was bekommerd oor Polly. Omdat God met ons gepraat het oor Polly, het ons ’n gevoel van vrede ervaar en was ons seker dat Polly niks oorgekom het nie. Ons was reg – sy was piekfyn.

Gepraat van Polly, ek kan onthou toe sy as ’n vrou haar eerste kind verag het. Ek en Drenda moes oorsee gaan op ’n sakebesoek. Ongelukkig sou Polly se baba reg in die middel van daardie sakebesoek opdaag. As jy my vrou, Drenda, ken, sal jy weet dat sy nie die geboorte van een van haar kleinkinders sou misloop nie. Ons het dus gewonder of ons dalk die reis moes kanselleer. Ek het hieroor gebid, en die Heilige Gees het vir my gesê dat die geskatte datum verkeerd is, en dat die baba eers die dag ná ons tuis-koms sou opdaag. Ek het vir Drenda gesê

wat die Here vir my oor die datum gesê het, en ons het op die oorsese besoek gegaan. Toe ons by die huis kom, het Polly in kraam gegaan op die presiese datum wat die Here vir ons gegee het. Ivory, ons nuwe kleindogter, is presies op die regte tyd gebore.

Hierdie stories is voorbeelde van die Heilige Gees wat met ons praat oor die dinge wat ons lewens raak, met die woorde van die Heilige Gees wat uit ons eie gees opborrel. Maar daar is ook ander maniere waarop die Heilige Gees met ons praat waarvan ons bewus moet wees.

*“En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees,
en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense
drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte
en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.”*

– Joël 2:28–29, 1953-vertaling

Die profeet Joël het gesê daar kom ’n dag wanneer God sy Gees op die hele mensdom gaan uitstort. Ons leef nou in daardie tyd. Op Pinksterdag het die Heilige Gees oor almal gekom wat in die bovertrek gewag het. Toe hulle al die mense sien wat in die bovertrek was en in tale gepraat en God geprys het, het die skare gedink hulle is dalk dronk. Hulle wou weet wat aangaan en dit is toe dat Petrus opgestaan en die skare toegesprek het.

*Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en
hulle toegesprek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon,
dit moet julle weet, en luister na my woorde. Hierdie mense is tog nie
dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre.
Maar dit is wat deur die profeet Joël gesprek is: En in die laaste dae,*

spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle oumense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.

– Handeling 2:14–18, 1953-vertaling

Drome en visioene is 'n baie groot deel van hoe die Heilige Gees met ons praat. Ek is nie seker waarom die Heilige Gees soms met 'n stil, sagte stem met ons praat en ander kere in drome nie. Ek dink 'n deel van die antwoord is dat ons almal so besig is. Wanneer ons stil is, kan Hy maklik ons aandag kry. Of dalk is dit omdat ons so verward is of ons omstandighede van so 'n aard is dat dit moeilik is om daardie stil, sagte stem te hoor. Die Heilige Gees wil seker maak ons kry die boodskap. 'n Prentjie is immers 'n duisend woorde werd. Wat die rede ook al is, ek dank God vir drome en visioene. Drome en visioene is baie dieselfde. Albei is prentjies wat ons sien, met die verskil dat ons visioene sien wanneer ons wakker is, en drome prentjies is wat ons sien wanneer ons slaap.

Wat visioene betref, het ek net 'n paar gehad wat ek oop visioene sou noem, want visioene is wanneer jy wakker is en die visioen sien as iets wat regtig besig is om te gebeur. Die betekenisvolste visioen wat ek ooit gehad het, was toe God my op negentienjarige ouderdom geroep het om die Woord te verkondig. Ek het 'n maand of so voor dit gebeur het, die Doop met die Heilige Gees ontvang. Natuurlik was dit alles vir my nuut aangesien die genootskaplike kerk waar ek 'n lidmaat was nie veel geleer het oor die Heilige Gees nie.

Maar dit was my verjaardag, en ek is genooi om 'n lekker ete saam met vriende te geniet. Toe ons aansit vir ete het ons die Here gedank vir die kos, en skielik het ek gevoel hoe die Heilige Gees kragtig oor

my kom. Dit was alles nog baie nuut vir my, maar uit my ervaring van die Doop met die Gees het ek geweet hoe dit voel wanneer die Heilige Gees oor jou kom. Op daardie oomblik het ek nie geweet wat om te doen nie, en ek het dus gevra om verskoon te word. Ek het buitentoe gegaan aangesien daar 'n deur reg agter my was.

Toe ek buite kom, het die teenwoordigheid van God selfs sterker geword, en ek het 'n oop visioen gesien. Dit beteken dat ek hierdie dinge gesien het asof ek vandag na iets in die natuurlike realm kyk. Ek het gesien hoe ek agter 'n klein podium staan en met 'n vertrek vol mense praat. Daar was ongeveer 35 tot 40 mense in die vertrek en almal het op opvoustoele gesit. Ek kon agterkom dat dit aand was, want dit was donker wanneer jy deur die vensters kyk. Toe het ek 'n stem hoor praat wat gesê het: "Ek roep jou om My Woord te verkondig." Dit het drie keer herhaal en toe het die prentjie verdwyn en die salwing het gelig. Toe ek weer in die huis kom, het my vriende gevra wat fout is. Ek het vir hulle gesê: "Ek dink ek is so pas geroep om te preek!"

Ek onthou hoe ek daardie aan huis toe gegaan het en vir my pa vertel het wat gebeur het. Hy het vir my gesê dat predikers nie baie geld maak nie. Dit was al wat hy gesê het. Hy was in daardie stadium nie 'n Christen nie maar, loof die Here, hy het sy hart vir Jesus gegee toe hy 80 jaar oud was en is nou in die hemel.

In hierdie geval glo ek die Heilige Gees het met my in 'n oop visioen gepraat, eerstens omdat ek jonk was. Hy het geweet ek gaan baie teenstand van my familie kry omdat ek Hom dien en dat ek daardie anker nodig gaan hê vir die pad voor my. En daardie visioen het deur die jare inderdaad aanhou praat met my.

Nog 'n oop visioen wat ek gehad het, was by die ou plaashuis waarin ons gewoon het. Ons het vir nege jaar in daardie ou, afgeleefde plaashuis

gebly, die meeste van die tyd in uiterste armoede. Maar namate ons begin leer het hoe die Koninkryk funksioneer, het ons begin vooruitgaan en van al ons skuld ontslae geraak.

Dit was gedurende hierdie tyd wat God die visioen vervul het wat ek gehad het toe ek negentien was en Hy my geroep het om te preek. Dit was op hierdie punt, 21 jaar ná daardie roeping om te preek, dat God vir my gesê het om 'n kerk te begin. Tot nou toe was ek op kollege en het ek vir daardie 21 jaar in die finansiële wêreld gewerk. Maar nou, op die ouderdom van 40, het God met my gepraat en vir my die groen lig gegee om my kerk te begin.

Ons het die kerk begin in die keldervertrek van 'n Christen-radiostasie, en die eerste keer wat ons daar bymekaargekom het, het ek besef dat dit my herinner aan die visioen wat God 21 jaar vantevore vir my gegee het. Daar by die eerste diens het ek dieselfde mense in opvoustoel sien sit en die dieselfde vensters gesien wat donker was omdat dit al aand was. Ek het ook die klein podium gesien.

Ek en Drenda het ons kerk gestig en was so opgewonde oor die Koninkryk dat ons nie omgee het waar ons woon nie. Ons het geweet ons sal uiteindelik uit die plaashuis moes trek aangesien ons nou vyf kinders gehad het, en ons nie meer genoeg plek gehad het vir almal nie. Ons was egter so besig met ons florerende besigheid en die kerk dat ons gelukkig was.

Maar eendag toe ek tuiskom van die kerk af, het ek in die woonkamer ingestap en op die bank gaan sit. Die oomblik toe ek gaan sit het, het die kamer om my verdwyn. Ek was in dieselfde kamer, maar sonder enige meubels. Die deur waar ek so pas ingekom het, het in die eetkamer uitgeloopt, en die bank waarop ek sit, het op daardie deur uitgekyk. Ek kon vanuit die woonkamer in die eetkamer inkyk. Die eetkamer sowel as die woonkamer was dus heeltemal leeg. Die visioen het ongeveer vyf

sekondes geduur, en terwyl ek daarna gekyk het, het ek geweet dit is tyd om die plaashuis te verlaat. Toe die visioen verby was, het ek dadelik vir Drenda vertel wat gebeur het en gesê dis tyd om te gaan.

Ek glo ook hierdie visioen is deur God gegee om dit vir my duidelik te maak wat God se plan vir ons is. Ons was besig, en dit was maklik om uit te stel. Maar die visioen het 'n dringendheid gehad, 'n gevoel van “dis tyd om te gaan!!!” Eers later het ons die dringendheid daarvan verstaan. Ons het die plaashuis vir nege jaar gehuur, en ons het geweet ons sal moes trek wanneer die behuisingsontwikkeling wat vir daardie area beplan is, afgeskop het. Ons het egter nie geweet presies wanneer dit sou wees nie.

Om 'n lang storie kort te maak, God het ons gelei na 'n pragtige stuk grond waar ons vir ons nuwe tuiste kon bou. Die plan was om die huis stadigaan te bou namate ons die tyd daarvoor het, dalk oor die loop van so twee jaar. Maar nadat ons vir so ses maande aan ons nuwe huis gewerk het, het ons 'n oproep gekry van die eienaar van die plaashuis; ons het 'n maand gehad om te trek. Ons het vir hom gesê ons is besig om te bou en of hulle vir ons nog so twee of drie maande kon gee. Hulle het ingestem, maar daarná was daar geen verdere uitstel nie.

Nou ja, ons het baie gou van rat verwissel en vinniger begin bou; ons het dit net-net gemaak om binne die spertyd in ons nuwe huis in te trek. As God nie vir ons gewys het om te trek toe Hy dit gedoen het nie, sou ons nog 'n hele paar keer in daardie tyd moes trek. Met ons besige program sou dit beslis 'n probleem gewees het.

Natuurlik was die storie van die blou wasigheid, waarvan ek jou aan die begin van hierdie boek vertel het, self 'n lewensveranderende gebeurtenis, ook eintlik 'n oop visioen. Dit was 'n bietjie anders in dié sin dat ek nie 'n prentjie gesien het van my toekoms nie, maar ek het daar

in die blou wasigheid gesit en duidelik die woorde van die Heilige Gees gehoor wat my na die nasies roep.

Ek is seker daar was nog 'n paar ander oop visioene wat ek gehad het, maar drome is klaarblyklik meer die reël in my geval. Ongeveer 'n week voordat ek op pad was na Albanië het ek 'n droom gehad oor die voorgenome besoek aan daardie land. In daardie stadium van my lewe het ek glad nie so baie gereis soos nou nie, en voordat God daardie dag met my gepraat het, het ek ook geen planne gehad om te reis nie.

Maar die week voordat ek moes vertrek, het ek hierdie droom gehad. In die droom was ek in 'n dokter se spreekkamer. Ek het op die onderzoektafel gelê, en 'n verpleegster het ingekom en vir my gesê dat sy moes bloed trek. Sy het my hand geneem en my middelvinger geneem om dit te prik vir bloed, wat ek gedink het nogal vreemd was. Maar jy weet hoe dit met drome gaan; daar is dinge wat jy net weet in 'n droom.

In hierdie droom het ek geweet dat voor ek die planeet verlaat, elkeen van my vingers vir bloed geprik sou word. Dit het tot my gespreek, want in Bybelskool het ons geleer dat die hand gebruik kon word om ons te herinner aan die vyfvoudige ampte van die Kerk: die duim vir die apostel, die wysvinger vir die profeet, die middelvinger vir die evangelis, die ringvinger vir die pastor en die pinkie vir die leraar wat saam met die pastor werk.

Ek het dus verstaan wat die verpleegster vir my probeer sê. Ek het geweet gedurende my lewe sou ek, ten minste op een of ander punt in my lewe, in elke amp van die Kerk dien. Natuurlik is ek 'n pastor en leraar, maar ek weet ek dra ook 'n profetiese woord vir die Kerk aangaande die Koninkryk en finansies. Dit is waartoe Jesus my geroep het terwyl ek in Albanië was. Die droom het gewys hoe die verpleegster my middelvinger prik, en ek het geweet ek is na Albanië gestuur as 'n

evangelis met die Goeie Nuus van die evangelie. Ek begin nou eers om te funksioneer in die apostoliese deel van my lewe.

In elk geval, nadat sy in die droom my middelvinger geprik het, het sy haar hande geneem en hulle bymekaargevou soos 'n kind sou doen wanneer hulle bid. Sy het na my gekyk en met haar mond die woord “bid” gevorm. Sy het nie die woord “bid” hardop gesê nie; sy het dit saggies met haar lippe gevorm soos 'n mens maak in 'n plek waar jy nie mag praat nie. Uit die droom het ek afgelei dat ek as evangelis na Albanië gestuur word, en dat ek oor daardie besoek moes bid.

Ek het al baie drome gehad, te veel om op te noem of hier van te vertel, maar drome is die stem van die Heilige Gees. Ek het baie mense ontmoet wat skynbaar elke nag droom en alles so “geestelik” laat klink. Ek glo 'n mens moet drome onderskei, en party mense wat gretig is om as geestelik beskou te word, raak opgeblaas met geestelike hoogmoed en sien dinge wat nie van God af is nie. Ek droom egter nie so dikwels nie. In 'n gegewe jaar het ek dalk tussen vier en twaalf drome wat ek weet van God af is en wat vir my iets van betekenis sê. Natuurlik droom ek party jare meer en ander dalk weer minder. Ek dink egter nie daar is enige spesiale betekenis aan hoeveel drome jy het nie, maar wat jy daaruit leer, is van belang.

'n Lewensveranderende droom, wat letterlik my lewe verander het, was toe God vir my gesê het ek moet my finansiële maatskappy, waar ek vir agt jaar gewerk het, verlaat en my eie maatskappy begin om mense te help om hulle skuld te delg. Dit was beslis 'n betekenisvolle droom.

Dan was daar waarskuwende drome. Ek onthou 'n baie vreemde droom wat 'n waarskuwing was. Dit het gekom op 'n tyd toe die bediening se finansies op 'n laagtepunt was en daar groot finansiële druk op ons was. In my droom het ek op my bed gelê en ek was op die punt om aan die slaap te raak. Die slaapkamerdeur was oop en

ek het 'n effense geluid in die gang gehoor (steeds in my droom). Ek het in die deur se rigting gekyk en 'n klein demoon gesien, ongeveer drie en 'n half voet hoog, wat 'n sak geld agter hom aansleep. Die sak het gelyk soos 'n sak wat Kersvader sou gebruik. Dit het agter die demoon aangesleep, en die sak was vol, en het daarom op die grond gesleep. Die demoon was nie op pad na buite nie, maar ek kon hoor hoe hy om die draai beweeg en opgaan na die derde vloer toe. Toe ek wakker word, het ek oor die droom gedink en besef die Here het vir my gewys dat van ons fondse gesteel word of verlore raak.

Dit is interessant dat ek in my droom 'n idee gehad het van die bedrag geld wat in daardie sak was. Ek onthou dat ek gedink het dit was om en by \$25 000. Aangesien die demoon nie die huis verlaat het nie, maar die geld net met die trap op gedra het, het ek gevoel dat die persoon of persone wat die geld steel of toelaat dat dit misbruik word, deel van die huis – ons bediening – is. Nou ja, die eerste ding wat ek die volgende dag gedoen het, was om die senior ouderling te skakel en hom te vra om ons boeke in die finansiële afdeling na te gaan. Toe ons dit gedoen het, het ons agtergekom daar is baie onnodige uitgawes wat ons misgekyk het. Toe ons dié onnodige maandelikse uitgawes bymekaartel, was dit ongeveer \$25 000 per maand. Ons het bepaal dat niemand eintlik gesteel het nie, maar deur nalatigheid is daardie geld vermors of was daar plekke waar ons kon besnoei sodat daardie geld beter aangewend kon word. Ons het daardie geld nodig gehad in daardie seisoen waar die begroting so knap was.

Drome kan ook deur God gebruik word om vir jou 'n strategie te gee. Die afgelope jaar, 2018, het ek 'n baie eenvoudige droom gehad

**DROME KAN OOK DEUR GOD
GEBRUIK WORD OM VIR JOU
'N STRATEGIE TE GEE.**

waar ek net gehoor het “ontplooï die skepe”. Ek het dit neergeskryf, maar kon nie uitwerk wat dit beteken nie. Ek het die Here aanhou vra wat dit beteken, en ek het niemand buiten Drenda daarvan vertel nie. Met ons Januarie-vergadering het ek my mandate vir die jaar uitgelê. Een daarvan was ’n landwyse kleingroepplan waaroor ek reeds vir ’n paar jaar gedink het, maar ek het gevoel dat 2018 die jaar was om iets daaraan te doen. Ná die vergadering het een van die ouens na my toe gekom. Hy het gesê hy voel soort van simpel oor wat hy vir my wil sê, maar hy het net gesê: “Die Here sê jy is soos Helena van Troje.” Ek het nie ’n idee gehad waarvan hy praat nie, en hy het dus vir my begin verduidelik wat hy bedoel het. Ek het hom gevra om vir my ’n e-pos te stuur met dit wat hy vir my vertel het. Hier is die e-pos:

Die Spartaanse koning Menelaus het 1 000 skepe gestuur om sy vrou, Helena, van die Trojane te red. “Die gesig wat ’n duisend skepe te water gelaat het” is ’n bekende uitdrukking en verwys na Helena van Troje.

Op Woensdag 30 Januarie 2019 terwyl pastoor by die Apex-mannevergadering gepraat het, het die Here vir my gesê jy is soos Helena van Troje, ’n koning wat 1 000 skepe gestuur het om te red wat verlore is, verlore is in geloof, verlore is wat familie betref, en wat finansies betref.

*In sy diens,
Aaron*

Die dag daarná het hy vir my nog ’n e-pos gestuur.

Pastoor

Ek wil graag vir jou die militêre perspektief gee op Helena van Troje. Vir die meeste mense is dit die verhaal van 'n koning wat 1 000 skepe ontplooi het om sy verlore vrou uit die hande van die Trojane te red. Maar vir iemand met 'n militêre perspektief, was dit 'n militêre sending met die naam Operasie Helena van Troje. Elke militêre sending kry 'n operasionele naam, byvoorbeeld die ontplooiing van SEAL Team Six wat die klopjag op die Osama Bin Laden-kamp uitgevoer het, was Operasie Neptune Spear. Ek was ontplooi op sendings met interessante name soos Operasie Forward Mike, Elvis Marshall en Santa Claus.

Die sendings word sulke name gegee om hulle maklik identifiseerbaar te maak, of aan te dui watter soort operasie dit is, en wie die operasie uitvoer of onderneem. Toe die Here gesê het jy is soos Helena van Troje, het my militêre brein dit gehoor as “Pastoor Gary ontplooi Operasie Helena van Troje, 'n sending om 1 000 skepe te ontplooi om te red wat verlore is – verlore in geloof, verlore wat familie betref, en verlore wat finansies betref.

Meer nog, wanneer ek hoor van die ontplooiing van 1 000 skepe, dink ek ook aan die aantal soldate, ondersteuningspersoneel, opleiding, logistiek en administratiewe prosesse wat dit verg om elke skip te ontplooi. Daar is niemand wat meer bekwaam is om hierdie mag te lei en Sy weermag te ontplooi vir God se Koninkryk as jy nie. Jy het jare spandeer om ons vir hierdie oomblik op te lei. My gesin, en ek is seker die res van die Liggaam, is opgewonde om ontplooi te word,

In SY diens,

Aaron

Aaron was 'n *Navy Seal* en is op nege sendings ontplooi tydens sy militêre loopbaan van 21 jaar. Hy het 'n wonderlike getuienis van 'n radikale transformasie deur die krag van die kruis. Hy het nie geweet dat die Here vir my in die droom gesê het om die skepe te ontplooi nie. Maar sy "woord van kennis" het vir my bevestig dat ek reg gehoor het en het my gehelp om uit te stap op die pad wat God vir my in gedagte gehad het. Ons doel is om 1 000 landwyse kleingroepe te loods wat die goeie nuus van die Koninkryk sal versprei. As jy graag wil deel word van daardie weermag, kan jy my kontak deur my webtuiste, Garykeesee.com.

Ek dink jy kry die boodskap. Drome is 'n kragtige manier waarop God met Sy kinders praat en hulle help met leiding, strategie, waarskuwing en troos.

Voordat ons hierdie hoofstuk afsluit, wil ek nog een manier byvoeg waarop God ons help om strategieë te kommandeer, en dit is die gawe van profesie. Aaron het 'n woord van kennis ontvang aangaande my planne om 'n nuwe inisiatief te loods. 'n Woord van kennis is presies wat dit sê, 'n woord van kennis. Dit is kennis wat die Gees van God vir jou gee, iets wat jy nie uit jouself kon weet nie. Die woord van kennis word in 1 Korintiërs 12 genoem as een van die nege geestelike gawes van die Heilige Gees. Dis nie my bedoeling om 'n boek oor die geestelike gawes te skryf nie, maar ek wil 'n paar opmerkings maak oor een van die gawes, naamlik die woord van profesie.

So baie mense laat hulle lewens deurmekaargooi omdat hierdie gawe verkeerd verstaan word, dat ek dink ek behoort iets daaroor te sê. Wanneer mense aan profesie dink, dink hulle aan 'n profeet wat hulle vorentoe roep en sy vinger in hulle gesig swaai terwyl hy iets sê soos "Jy moet 'n sendeling in Afrika word," of "Jy is geroep om 'n pastor te wees." Albei hierdie stellings kan 'n akkurate verteenwoordiging wees van ware profesie, maar

albei kan ook heeltemal verkeerd wees. Dit hang af hoe jy dit lees. As hierdie stellings ge lees word as rigtinggewend, is albei verkeerd. Maar as dit ge lees word as bevestigend, kan albei korrek wees. Paulus verduidelik die doel van profesie.

*Die een wat profeteer, praat egter wel met mense
om hulle op te bou, te bemoedig en te vertroos.*

– 1 Korintiërs 14:3, 2020-vertaling

Daar het jy dit. Daar is nie ’n enkele woord hier wat aandui dat jy leiding moet kry deur profesie nie, en tog is dit hoe die meeste mense na profesie kyk, dat dit leiding moet gee. Maar volgens Paulus is profesie net daar om rigting te bevestig, nie om rigting of leiding te gee nie, Sien, wanneer jy wedergebore word, is die Heilige Gees in jou die een wat vir jou wys wat om te doen. Jy het nie ’n man of vrou nodig om vir jou te sê wat jy vir Jesus moet doen nie. ’n Woord van profesie kan egter iets wat jy reeds weet, bevestig.

Neem byvoorbeeld die woorde “Jy moet ’n sendeling in Afrika word” wat ons vroeër genoem het. Ek het gesê dat dit ’n voorbeeld kan wees van ’n egte profetiese woord as die Heilige Gees dit reeds vir jou gesê het en Hy dit deur daardie woord bevestig het. Maar as jy nog nooit voorheen daaraan gedink het om na Afrika te gaan nie en dit is dit eerste keer wat jy dit hoor, dan sou dit nie ’n ware voorbeeld wees van die woord van profesie in die Nuwe-Testamentiese Kerk nie.

**DIE EEN WAT PROFETEER,
PRAAT EGTER WEL MET
MENSE OM HULLE OP TE
BOU, TE BEMOEDIG EN TE
VERTROOS. (1 KORINTIËRS
14:3, 2020-VERTALING)**

Dis gek om te hoor hoe mense praat. Ek kry Christene wat na my toe kom en sê: “God het vir my by ’n byeenkoms gesê dat ek veronderstel is om vooruitstrewend te wees.” Wel, ja, jy het nie nodig gehad dat iemand vir jou ’n woord gee om vir jou te sê dat jy veronderstel is om vooruitstrewend te wees nie; die Bybel sê dit vir ons. Ek sien hoe Christene rondgaan en mense vra of hulle ’n woord vir hulle het. Die Heilige Gees in jou sal met jou praat en ja, God sal dalk vir jou ’n profetiese woord van bevestiging stuur om jou te bemoedig, maar nie om jou te lei nie.

Die mees dramatiese voorbeeld van so iets in my eie lewe was toe ek en Drenda nog uitgegaan het. Ek het haar familie in Georgia gaan ontmoet om ouers te vra. Terwyl ek daar was, het ek haar tuiskerk saam met haar besoek. In daardie stadium is ek pas ’n werk aangebied in die finansiële dienste-industrie en ek het met die besluit geworstel. God het my op 19 jaar oud geroep om die Woord te verkondig, en ek het pas kollege klaargemaak met ’n graad in die Ou Testament. Tog het ek gedring gevoel om hierdie werk in die finansiële wêreld te aanvaar. Ek was verward oor wat my te doen staan.

Ná die Sondagoggenddiens in Drenda se tuiskerk, het ’n vrou wat ek nie geken het nie (maar Drenda het wel) na my toe gekom en gesê dat sy ’n woord vir my het. Sy het gesê: “Jy moet besluit oor ’n werksaanbod. Die werk het die volgende tien aspekte,” en sy het voortgegaan om alles wat ek in my nuwe werk sou moes doen, perfek op te noem. Sy het voorts gesê: “Jy moet hierdie werk aanvaar, en die Here is daar in.” In hierdie geval het ek reeds besluit om ja te sê vir die werk, maar ek was verward oor waarom ek so gevoel het. Haar profetiese woord het my getroos en bemoedig en die rigting bevestig wat ek moes inslaan. Onthou, die Heilige Gees sal jou lei en jou Raadgewer wees.

HOOFSTUK 11

DIE HEILIGE GEES KLINK SOOS MY BAAS

Toe ons kerk nog klein was, was daar 'n gesin wat werk nodig gehad het. Hulle was 'n lieflike gesin en wou altyd uithelp by die kerk. Maar hulle het skynbaar altyd geldelike probleme gehad. Wel, die pa het weer nie werk gehad nie, en ek het dus besluit om hulle te help. Op daardie tydstip was ons besig om ons huis te bou en ek het die elektriese bedrading self gedoen. Ek het uitgevind die pa weet 'n paar dinge van elektrisiteit af, en ek het aangebied om hom te betaal om 'n paar ure deelyds by ons uit te help omdat sy gesin nie kos gehad het om te eet nie. Hy het gekom en goeie werk gedoen met die bedrading.

Ek het nie eintlik weer daaraan gedink nie, maar ongeveer 'n maand later het ek 'n oproep van hierdie man gekry. Hy het gesê dat 'n paar mense bymekaar gaan kom om vir my te bid. “Waarvoor?” het ek gevra. Hy het gesê dat daar n paar dinge in die kerk is wat moet verander, en daar was 'n lys van tien dinge wat hulle bespreek het. Die eerste ding op die lys was dat my huis te groot was. Hy het my prontuit gevra hoeveel die kerk my betaal sodat ek so 'n huis kon bekostig. Ek het hom baie gou vertel dat die kerk my nie 'n sent betaal nie, dat ek nie 'n salaristjek van die kerk af kry nie. Ná ek dit gesê het, was daar 'n oomblik se stilte.

Toe sê hy: “Die kerk betaal jou nie ’n salaris nie?”

“Dis korrek,” het ek geantwoord.

Weer was daar stilte totdat hy uiteindelik gesê het: “Wel, dalk moet hulle.” En dit was die einde van die gesprek.

Dit was ’n week of wat later dat ek van ’n beskikbare werkgeleentheid gehoor het by ’n maatskappy wat ek gedink het in sy belangstellingsveld sou val. Ek het hom dus daarvan vertel. Hy het aansoek gedoen, en die pos gekry. Onthou nou, in daardie stadium was sy gesin op die punt om uit hulle huis gesit te word. Toe hy dus in dieselfde week wat hy die werk gekry het, kerk toe kom om vir my te vertel dat hy bedank het, was ek geskok. “Jy het bedank – hoekom?” Hy het vir my gesê teen Vrydag het hulle al hulle werk afgehandel, en toe is hy gevra om die vloer te vee voordat hulle huis toe gaan. Dit was toe dat hy bedank het, en vir hulle gesê het hy het nie daar kom werk om vloere te vee nie. Ek kon skaars glo wat ek hoor. Ek het geweet hierdie jongman sou nog ’n paar harde lesse moes leer as hy ooit sukses wil behaal in die lewe. Ek het jammer gevoel vir hierdie man se vrou. Hulle het kort daarna die kerk verlaat, en ek weet nie wat van hulle geword het nie. Ek kan egter redelik akkuraat voorspel wat met hulle gebeur het. Gebaseer op sy arrogante gesindheid en onwilligheid om te werk, kan ons aanvaar dat sy CV ’n hele paar vorige werkplekke bevat, die meeste vir kort rukkies. Sy vlak van voorspoed sou meestal op die vlak van oorlewing wees. Moet my nie verkeerd verstaan nie. Mense verander, en ek hoop dat hy ook verander het. Maar ek weet ook dat toe ek hom geken het, hy in die verkeerde rigting op pad was. Jy sien, hy het die stem van God afgeskeep.

Jy vra dalk: “Van watter stem van God praat jy?” Ek is seker dat hy so iets sou sê as jy hom sou vra, want op daardie tydstip het hy geen idee

gehad nie. Hy het egter een van God se primêre maniere van opleiding en voorbereiding vir jou lewensdoel afgeskeep: om te leer om jou te onderwerp. Ek weet die opskrif van hierdie hoofstuk het jou dalk verwar. Wat het my baas uit te waai met die Heilige Gees? Jy sal in hierdie hoofstuk uitvind dat jou baas baie te doen het met jou vermoë om die Heilige Gees se stem te hoor.

Ek wil ons studie van hierdie baie belangrike onderwerp in Matteus 8:5–10 begin.

*Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het,
het 'n offisier by Hom hulp kom vra en gesê: "Here,
my slaaf lê by my huis verlam en verduur baie pyn."
En Jesus antwoord hom: "Ek sal hom kom gesond maak."
Maar die offisier sê: "Here, ek is nie werd dat U onder my
dak inkom nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word.
Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my.
Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir 'n ander: 'Kom!'
en hy kom; en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit."
Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor, en Hy sê vir die mense
wat agter Hom aan gekom het: "Dit verseker Ek julle: Ek het
nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekom nie.
– Matteus 8:5–10, 1983-vertaling, klem bygevoeg*

Waarom het die man so maklik geglo dat Jesus sy dienskneg kon gesond maak? Hy antwoord daardie vraag sommer self: *"Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir 'n ander: 'Kom!' en hy kom; en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit."* Dit was omdat hy geweet het hoe gesag

werk. Net soos hy onder gesag gestaan het, was sy manskappe onder sy gesag. Hy het verstaan dat sy baas se woorde net soos Caesar se woorde geklink het. Om die waarheid te sê, sy baas se stem was Caesar se stem. Hy het ook verstaan dat sy stem teenoor sy diensknegte vir hulle soos Caesar s'n geklink het. Dit is hoe gesag werk. Omdat hy verstaan het wat dit beteken om onder gesag te wees, het hy ook maklik verstaan hoe Jesus gesag kan uitoefen oor daardie situasie deur dit eenvoudig aan te spreek. En dit was al wat hy ook moes doen. As hy 'n dienskneg opdrag gegee het om iets te doen, het hulle dit gedoen. Dit was so eenvoudig. Hier is 'n waarheid wat jy moet leer:

JY KAN NET MET GESAG OPTREE AS JY JOU AAN GESAG ONDERWERP!

As Satan alle respek vir gesag kan verwyder en almal kan oortuig dat hulle kan doen wat hulle wil wanneer hulle wil, sal die wêreld in chaos verval en in duie stort. Dit is waarmee hy vir Eva uitgedaag het in die Tuin: "Het God werklik gesê . . .?" Luister, elke enkele persoon op hierdie planeet is onder gesag of onder verskeie gesagsfigure. Om te onderskei onder wie se gesag jy is, sal jou help om te weet na wie jy moet luister en na wie jy nie moet luister nie. Vandag wil almal egter gesag hê sonder om onder gesag te staan, en dit is onmoontlik.

Ek het onlangs met 'n kontrakteur gepraat wat vir my gesê het hoe hy mense kontant betaal om belasting en uniefooie vry te spring. Maar ek weet reeds hoe dit gaan eindig. Eendag gaan 'n werknemer seerkry of vir kompensasie aansoek doen, net om uit te vind dat die baas nooit enige geld betaal het aan die Werkerskompensasieprogram nie. Dan sal hy die kontrakteur hof toe sleep, want die wet vereis dat werknemers werkerskompensasiefooie betaal. Ek het hierdie presiese storie in my eie kerk sien afspeel met 'n paar kontrakteurs.

Verlede week het ek met 'n vrou gepraat wat gesê het sy het nie 'n pastor nodig nie; dit was net sy en die Heilige Gees. Regtig? Wel, sy sal maar met Jesus moet gaan praat daaroor, want Hy is die een wat pastors aanstel en die hele struktuur van die plaaslike kerk in Efesiërs 4 uiteengesit het. As sy haar aan Jesus se gesag onderwerp, sal sy haar ook aan die gesag wat Jesus daargestel het, moet onderwerp. Die feit is dat sy haar nie aan Jesus onderwerp nie en haar eie ding wil doen. Sy sal heel waarskynlik mislei word en swaarkry as gevolg daarvan.

Nie te lank gelede nie het ek met 'n verkoopspersoon gepraat wat sy eie maatskappy begin het. Hy het al sy kliënte met hom saamge neem wat hy by die vorige maatskappy gehad het ten spyte van 'n "nie-kompeterende"-verklaring wat hy geteken het wat sê hy sal dit nie doen nie. En dan dink hy hy sal vooruitgaan terwyl hy so optree? Dit is doodeenvoudig diefstal.

Ek weet dat jy nie so baie van hierdie hoofstuk gaan hou as van die ander waar ek oor die bonatuurlike, opwindende dinge praat wat die Heilige Gees doen nie, maar as jy nie hierdie hoofstuk onder die knie kry nie, kan jy net sowel vergeet van die res, want dit is God wat ons bevorder.

Ek onthou 'n keer toe 'n vrou, in trane, na my toe gekom het by 'n bidbyeenkoms en vir my gevra het waarom ek nie vir haar gevra het om te bid nie. Ek was geskok! Waarom was dit so belangrik om gevra te word om te bid, tensy haar identiteit natuurlik gebaseer was daarop om deur mense gesien te word.

Ek kon natuurlik vir haar gesê het waarom ek haar nie gevra het om te bid nie, as sy maar net na enigiemand sou luister. Hierdie vrou het nie haar man gerespekteer nie en sy het hom die hele tyd afgekraak omdat hy nie geestelik genoeg is nie in die skindersessies waarby sy altyd betrokke was. Dít is waarom ek haar nie gevra het om te bid nie.

Die feit dat sy in trane vorentoe gekom het omdat sy nie beskou is as die geestelike persoon wat sy gedink het sy is voor die groep nie, het geopenbaar dat sy nie gesag respekteer nie en dus 'n gevaarlike vrou is.

**OM TE ONDERSKEI ONDER
WIE SE GESAG JY IS, SAL JOU
HELP OM TE WEET NA WIE
JY MOET LUISTER EN NA WIE
JY NIE MOET LUISTER NIE.**

Kom ek vra jou dus 'n vraag. Is jy toegerus om te gaan waar jy wil gaan, waar jou drome wil gaan? As ek jou pastor of jou baas sou vra vir hulle eerlike opinie oor jou, wat sou hulle sê? Sien, jy kan nie gesag hê totdat jy die “onderwerpingstoets” geslaag het nie. Dis nie ek wat so sê nie, maar Jesus:

“As julle in klein sake getrou is, sal julle ook in groot sake getrou wees. As jy selfs 'n klein bietjie oneerlik is, sal jy nie eerlik wees met groot verantwoordelikhede nie. En as julle onbetroubaar is met wêreldse rykdom, wie sal julle vertrou met die werklike rykdom van die hemel? En as julle nie betroubaar is met ander mense se geld nie, waarom sal julle met julle eie geld vertrou word?”

– Lukas 16:10–12, NLV

Kan jy met gesag vertrou word? Die bewys lê in jou vermoë om jou te onderwerp.

Kom ons kyk na 'n verhaal in die Bybel wat 'n baie groot invloed kan hê op die sukses wat jy in die lewe behaal.

Die Filistyne het bymekaargekom om teen Israel te veg: dertig afdelings strydwaens en ses afdelings perderuiters en manskappe so baie

soos die sand van die see. Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Mikmas oos van Bet-Awen. Israel het gemerk dat hy in die moeilikheid is, want die volk was in 'n hoek vasgekeer. Die volk het in spelonke, grotte, hol kranse, gate en droë putte gaan wegkruip. En sommige Hebreërs het deur die Jordaan gegaan na Gad en na Gilead toe. Saul was egter nog in Gilgal en al die manskappe by hom was doodbang. Hy het sewe dae gewag, die tyd soos afgespreek met Samuel, maar Samuel het nie by Gilgal opgedaag nie. Toe die manskappe wat by Saul was, begin dros het, het hy gesê: "Bring die brandoffer en die maaltydoffers na my toe." Hy het toe self die brandoffer geoffer.

– 1 Samuel 13:5–9, 1983-vertaling

*Toe sê Samuel vir Saul: "Jy het dwaas opgetree. Jy het nie die opdrag van die HERE jou God, dit wat Hy jou beveel het, nagekom nie. Het jy dit maar gedoen! Want dan sou die HERE jou koningskap oor Israel vir altyd bevestig het. Maar nou sal jou koningskap nie standhou nie. **Die HERE het vir Hom 'n man na sy hart uitgesoek, en die HERE het hom as leier volmag oor sy volk gegee, omdat jy dit wat die HERE jou beveel het, nie nagekom het nie.**"*

- 1 Samuel 13:13-14, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Saul is gediskwalifiseer omdat hy hom nie aan gesag wou onderwerp nie. Ons sien dus weereens dat as jy jou nie aan gesag kan onderwerp nie, kan jy nie gesag kan hê nie. Ek wil 'n baie belangrike ding hier uitwys. Die Here het iemand na sy eie hart gesoek. Wat beteken "na sy hart"?

*Nadat God hom verwyder het, het Hy Dawid vir hulle as koning voorsien. Van hom het God getuig: “Ek het Dawid, seun van Isai, gekry; hy is ’n man na my hart. **Hy sal alles doen wat Ek wil hê.**”*

– Handeling 13:22, NLV, klem bygevoeg

Hoe definieer God iemand wat Sy hart het? Dit is basies iemand wat haat wat God haat en liefhet wat God liefhet, iemand wat sal doen wat God sou doen as hy daar was. Met ander woorde, as God sonde haat, haat hulle sonde. As God iets gedoen wil hê, wil hulle dit gedoen hê. In ons wêreld dink ons iemand na God se hart is, iemand is wat die meeste geestelike gawes het. Ons dink om geestelik te wees, is sagte aanbiddingsmusiek. Maar God maak dit baie duidelik dat gehoorsaamheid geestelike aanbidding is.

Daarop het Samuel geantwoord: “Is daar vir die HERE vreugde in brandoffers en maaltydoffers, soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as maaltydoffers, om te luister beter as die vet van ramme. Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery, en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

– 1 Samuel 15:22–23, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Ek sê weer, God se stem klink soos jou baas s’n! God laat toe dat jou reaksie op gesag getoets word wanneer niemand weet wie jy is nie. Die meeste mense verstaan eenvoudig nie hoe dit werk nie. Hulle beskou nie hulle deelydse werk as belangrik nie; dit is nie van enige betekenis nie. Maar wat hulle nie weet nie is dat hulle hulself leer om subjektiewe onderworpenheid toe te pas, om aan hulle eie standaarde te meet of iets

of iemand hulle onderworpenheid waardig is, op grond van wat hulle wil hê en wil bereik. Mense word nie geleer dat die oomblik wanneer hulle instem om iets vir iemand te doen, om daardie onbelangrike deeltydse werk te doen, hulle instem om te werk asof daardie besigheid hulle eie is nie. Dit is nie hoe die meeste mense dinge beskou nie. Hulle het groter doelwitte. Dit is immers maar net 'n deeltydse werk vir 'n bietjie ekstra geld, en glad nie belangrik nie. O nee, jy is verkeerd!

Daar is nie so iets soos 'n onbelangrike werk nie. Daar is nie klein take wat uitgevoer moet word nie. Dawid het 'n klein, onbelangrike

**EK SÊ WEER, GOD SE STEM
KLINK SOOS JOU BAAS S'N!**

werk gehad – om die skape op te pas. Maar vir hom was dit nie onbelangrik nie; hy het ten minste twee maal sy lewe gewaag om daardie skape te beskerm. Met ander woorde, hy het die vertroue wat in hom gestel is, baie ernstig opgeneem. En al het niemand anders geweet wie hy was nie, het God geweet! God het presies geweet wie en wat hy ten alle tye was.

God weet ook waar jy is, en Hy ken jou hart en gesindheid teenoor gesag. Die kern van die saak is, as jy jou nie kan onderwerp aan iemand wat jy kan sien nie, sal jy jou nie onderwerp aan God, vir wie jy nie kan sien nie.

Ek sien so baie mense wat voel hulle is geregtig op alles, dat hulle altyd die slagoffer is, dit is altyd iemand anders se skuld. Hulle pak altyd die skuld op die baas, die regering, en doen net genoeg om mee weg te kom, werk net wanneer hulle gedwing word. Hulle het gewoonlik 'n prosesseringsingesteldheid, hulle moet aangesê word wat om te doen in plaas van vir hulleself te dink. Dit was die geval met die volk Israel, wat ná jare se slawerny aanhou dink het soos slawe al was hulle nou

vry. Hulle slawe-ingesteldheid sou nie werk wanneer hulle die reuse in die land in die gesig sou staar nie. God moes hulle oplei om sukses te behaal voordat hulle die land kon inneem. Hy sal ook jou moet oplei voordat jy die land kan inneem. Die land waarvan ek praat, is jou lewensdoel. Hoe het Hy hulle dan opgelei?

Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

- Deuteronomium 8:3, 1983-vertaling

*Hy het vir jou kos gegee met manna in die woestyn, kos wat jou voorouers nie geken het nie. Hy het dit gedoen **om jou nederig te maak en om jou te toets sodat dit daarna weer met jou goed kan gaan.***

- Deuteronomium 8:16, NLV, klem bygevoeg

God het hulle nederig gemaak – toegesien dat hulle tekortsiet en hulp nodig het. Hulle moes leer om op God staat te maak en nie op hulleself nie. Daar het vir hulle groter probleme voorgelê as om net genoeg kos in die hande te kry. Daar was reuse en ommuurde stede wat vir hulle voorgelê het wat hulle sou intimideer tensy hulle oortuig was dat God groter as hulle probleme was.

Tweedens moes hulle ook leer om self die regte keuses te maak sonder dat hulle gedwing word om dit te doen. Ek sien hoe ouers deesdae die fout maak om hulle kinders se optrede reg te kry eerder as hulle harte reg te kry. 'n Kind word aangesê om hulle kamer op te ruim en klap die deur toe met 'n swak gesindheid terwyl hulle die taak uitvoer,

maar met 'n rebelse hart wat nie aan die ouer se gesag onderworpe is nie. Ouers wat vriende wil wees met hulle kinders sal ingaan, die netjiese kamer sien en vir die kind vertel hoe goed hulle gedoen het. Maar dit is verkeerd. Die kind het toegegee aan die “buitekant”, maar nie aan die “binnekant” nie. Onderworpenheid is 'n gesindheid van die hart. Eendag gaan die ouer nie daar wees om die kind te dwing om die regte keuse te maak nie. Wanneer die ouer nie meer in 'n gesagsposisie oor die kind is nie, is die kind vry om te doen wat hy wil, en dit wat werklik in hulle harte leef sal aan die lig kom. Dit is op hierdie punt waar soveel kinders in die moeilikheid beland en verward raak, en die ouers nie kan verstaan wat gebeur het nie. Hulle hou vol dat klein Jannie altyd so 'n soet kind was en is geskok oor hulle gedrag wanneer hulle universiteit toe gaan of op hulle eie gaan bly.

Die Bybel sê God het Israel getoets sodat dit uiteindelik goed mag gaan met hulle. Dit is presies waarvan ons praat. Anders as die ouers wat wil hê hulle kind moet van hulle hou, wil God eerder hê dat dit op die lang termyn goed sal gaan met die kinders. Hy wil al daardie klein gesindhede van die hart korregeer voordat dit in kroniese gedragsprobleme omskakel. Dit is wat bedoel word wanneer die Bybel sê God wou hulle toets. God kon hulle reghelp ná die gesindheid van hulle harte ontbloot is toe Hy hulle gevra het om hulleself aan Hom te onderwerp.

Almal moet hierdie onderwerpingstoets slaag! Waar kry ons vandag ons opleiding aangesien daar nie 'n woestyn is waardeur ons moet reis nie? Waar kan ons Sy stem hoor sodat ons kan leer om ons te onderwerp en vir ons volgende bevordering te kwalifiseer? Kan jy onthou wat God oor Saul gesê het? Gehoorsaamheid is beter as offerande. Jou uiterlike dae van aanbidding by die kerk bepaal nie jou bevordering nie. Kan God jou met gesag vertrou? Waar begin dit? Dit begin by die huis.

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met ’n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

– Efesiërs 6:1–3, 1953-vertaling

Waarom sou gehoorsaamheid aan jou ouers vir jou ’n lang lewe en sukses waarborg? Beloon God jou vir jou gehoorsaamheid? Nee, maar as jy leer om jou ouers en die gesagsfigure in jou lewe te eer en vir hulle respek te hê, sal jy God eer en vir Hom respek hê. As jy God se gesag in jou lewe respekteer, sal jy Hom gehoorsaam en sal dit goed gaan met jou. Ek kan dus ook sê dat God se stem klink soos jou ouers s’n toe jy jonger en onder hulle sorg was.

Die tweede plek waar God jou wil oplei om jou aan gesag te onderwerp, is om jou onder menslike gesag te plaas. Jou baas, jou pastor, die polisie en die regering is almal voorbeelde van gesag aan wie God ons beveel om ons te onderwerp.

Ek onthou ’n gesin in ons kerk wat altyd gekla en oor hulle probleme gepraat het. Hulle was ook op die punt om hulle huis te verloor en het \$10 000 nodig gehad om hulle huisverband op datum te bring en te verhoed dat hulle verband opgesê word. Hulle het seker vir dosyne mense by die kerk hulle storie vertel. Uiteindelik het ’n gesin besluit om hulle te help en vir hulle die \$10 000 gegee. Maar binne ’n paar maande was hulle maar net weer waar hulle eers was en het hulle die huis verloor. Ek het met hierdie egpaar oor die situasie gesels. Nie een van hulle het werk gehad nie, en ek het voorgestel dat hulle ten minste iets doen terwyl hulle wag op die regte werkseleenthede om hulle voor te doen. Hulle kon by enige restaurant in die dorp gaan werk, maar hulle het gesê dat hulle nie vir daardie soort werk bedoel is nie. Ek dink dit is

duidelik dat hulle in die eerste plek nie 'n finansiële probleem gehad het nie, maar 'n probleem om gesag en verantwoordelikheid te verstaan. Om die een of ander rede kon hulle nie sien dat hulle 'n persoonlike verantwoordelikheid gehad het om gesag oor hulle eie lewens uit te oefen en te doen wat ook al nodig is om die probleem op te los nie.

'n Vriend van my, Rick Renner, sê voordat hy iemand aanstel, vra hy of hy hulle kar kan sien, en soms sal hy onaangekondig by hulle huis opdaag. Hy weet as iemand nie verantwoordelikheid neem vir hulle eie kar nie, sal hulle ook nie verantwoordelikheid neem vir sy sake nie. Dit sal net 'n kwessie van tyd wees voordat sy kantoor net soos hulle kar lyk.

Ek het self deur my tyd van opleiding in die woestyn gegaan. En ek is bly dat God my nie laat wegkom het met enige van my apatiese gesindhede teenoor gesag nie. Hy het my nederig laat word en my getoets sodat Hy my vir my opdrag kon voorberei.

Ek onthou 'n keer toe ons begroting besonder knap was in ons plaashuisdae. Gelukkig het ek 'n groot belegging ingekry waarmee ek weer my rekeninge – wat altyd laat betaal is – op datum kon bring. Maar die tjek het nie betyds opgedaag nie, en ek het dus die briljante idee gehad om 'n tjekrekening oop te maak by 'n bank wat nie my primêre bank was nie en 'n waardelose tjek, wat ek geweet het gaan hop, op daardie rekening uit te skryf. Ek sou dan daardie tjek inbetaal by my primêre bank, in die hoop dat ek die tjek vir die belegging die volgende dag gaan kry, en dit inbetaal om die waardelose tjek te dek. Maar die tjek vir die belegging het eers twee weke later ingekom! Elke dag het ek 'n waardelose tjek uitgeskryf vir een van my banke voordat die waardelose tjek ingekom het. Dit het vir twee weke gewerk, en die rekening vir die waardelose tjeks het gegroei tot \$2 000, want ons het ook kruideniersware nodig gehad. In daardie tydperk het die bedrag net al groter geraak.

Dit het egter alles tot 'n einde gekom toe die bankbestuurder my vroeg een oggend geskakel het. Haar eerste woorde was: “Mnr. Keesee, ek weet waarmee jy besig is, en ek sluit nou jou rekening. Jy sal die geld bring om hierdie rekening te dek, en jy kan nooit weer 'n rekening by hierdie bank oopmaak nie.” Ek was uitgevang! Die ergste was dat ek tjeks gebruik het wat Bybelverse op gehad het, en ek het teenoor die bankbestuurder getuig hoe wonderlik God is. Dank die Here dat die tjek vir die belegging daardie dag ingekom het, en ek dit na die bank kon neem om my skuld te betaal. Maar ek moes ook na die bankbestuurder se kantoor gaan, vir haar om verskoning vra, en vir haar vra om nie vir God die skuld te gee vir my dwaasheid nie.

Dan was daar die keer in my eerste jare in besigheid toe ek deur die adjunkstreeksbestuurder van ons area opgelei is. Toe hy deur een van my transaksies gaan, het hy opgelet dat ek nie 'n handtekening op een van die leë bladsye gekry het nie. Hy het vir my gesê: “Geen probleem nie, hou net die bladsy teen die lig en trek die handtekening af waar hulle dit gemis het. Hulle wil immers die produk hê en het mos elke ander bladsy geteken.” Dit is dus wat ek gedoen het. Ongeveer 'n maand later het ek 'n oproep gekry van my kliënt se prokureur. My kliënt het my gedagvaar vir \$100 000 omdat ek sy handtekening nagmaak het op die bank se onttrekkingsvorm. Die bedrag is verminder na \$5 000 aangesien my adjunkstreeksbestuurder ook verantwoordelikheid daarvoor gedra het, en hy is afgedank.

Maar ek moes leer! Een van my nuwe verkoopsverteenwoordigers moes 'n versekeringstoets aflê en het nie die geld gehad vir die studiemateriaal nie. Ek het dus vir haar afdrucke daarvan gemaak. Sy het dit by die toetslokaal laat agterbly, en ek het nóg 'n oproep van 'n prokureur gekry wat my vir kopieregskending gedagvaar het. Destyds het ek

die pad na die IRS-kantore soos die palm van my hand geken. Ek het altyd agterstallige belastingrekenings en boetes gehad. Ek kyk vandag terug na daardie tyd met gemengde gevoelens. God het my verantwoordelik gehou en my geleer. Hy het geweet ek gaan eendag verantwoordelik wees vir miljoene dollar, en Hy het my nie laat wegstom met enigiets nie. Dank die Here daarvoor!

Ek moes leer dat God die een is wat my bevorder, en God bevorder nie op grond van prestasie alleen nie. My integriteit moes ook getoets word. Dit is waarom ek sê dat God soos jou baas klink. Jou baas is 'n instrument wat deur God gebruik word om jou op te lei vir jou volgende opdrag en wat vra dat jy jou onderwerp aan sy gesag en die gesag wat oor jou aangestel is. Sal jy die toets slaag?

*Verheffing kom nie uit die ooste of uit die weste of uit die woestyn nie!
Nee, dit is God wat verneder of verhef, Hy is die regter!*
– Psalm 75:7–8, 1983-vertaling

*Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik
nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer
dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede
omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.*
– Hebreërs 12:11, 1983-vertaling

*Slawe, wees gehoorsaam aan julle eenaars hier op aarde,
en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd
met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is.*
– Efesiërs 6:5, 1983-vertaling, klem bygevoeg

*Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees,
met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;
nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus
wat die wil van God van harte doen en met goedwilligheid die Here dien
en nie mense nie, omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen,
loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman. En, here,
doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente,
omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is e
n by Hom geen aanneming van die persoon is nie.*
– Efesiërs 6:5–9, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Gehoorsaamheid met eerbied en ontsag! Dis die gesindheid wat jy teenoor jou baas moet hê. Jou gehoorsaamheid aan jou baas word deur Paulus gedefinieeras om God se wil te doen. Is jy verbaas? Ek was!
Hoe klink God se stem? Soos jou baas s'n!

DIT IS 'N TOETS!

Noudat ek hierdie studie afsluit, vertrou ek dat jy geïnspireer en bemoedig is. Die Heilige Gees is waarlik 'n ongelooflike Vennoot om te hê in die lewe, Een wat belooft om jou nooit te verlaat of alleen te laat nie. Dit was 'n groot eer om hierdie kosbare waarhede met jou te deel.



Vir meer inligting oor hoe om op 'n veilige manier van jou skuld ontslae te raak, kan jy my maatskappy kontak: Forward Financial Group, at 1-(800)-815-0818.

Vir meer inligting oor die Koninkryk van God, gaan asseblief na FaithLifeNow.com.

Vir meer inligting oor Faith Life Church, kan jy gaan na Faith-LifeChurch.org.

HOOFSTUK 12

HOE OM TE BID EN DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES TE ONTVANG

Alles wat ons van God ontvang, is in geloof in dit wat God vir ons gesê het, en om hierdie gawe van God te ontvang, is nie anders nie. Voordat jy bid om te ontvang, maak seker dat jy die Skrifgedeeltes bestudeer wat in hierdie boek gelys is totdat jy seker is dat dit God se wil vir jou is en jou vrae beantwoord is. Sodra jy seker is dat die Doop met die Heilige Gees ook vir jou bedoel is, bid dan hierdie gebed:

“Vader, ek bid vandag vir die Doop met U Magtige Gees. Ek ontvang dit NOU, volgens U Woord, met die vermoë om in die Gees te bid. Ek vra dit in Jesus se Naam en tot U verheerliking! Amen.”

Jy is nie op soek na ’n ervaring, of sekere emosies nie, maar jy staan vas op God se Woord en glo dat jy dit waarvoor jy gebid het, ontvang het. Nadat jy gevra en ontvang het, begin om God te prys en te dank dat Hy jou met Sy Gees gesalf het soos Hy belowe het.

Wanneer jy bid moet jy seker wees jy verstaan dat jy *ontvang wanneer jy vra*, nie eers wanneer jy die bewyse sien van dit waarvoor jy gevra het nie.

“Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”

– Markus 11:24b, 1983-vertaling

Maak seker dat jy tyd maak om die Here te aanbid ná jy eers gevra het dat die Gees van God Homself in jou gebedstaal moet manifesteer. God gaan nie jou lippe laat beweeg nie! Jy moet ontvanklik wees daarvoor om in tale te bid. Gewoonlik ervaar mense ’n opwekking, of saamtrekking op die krop van hul mae wanneer hulle bid of God se Gees aanvoel.

Terwyl jy God aanbid, gee jouself oor aan die Gees van God. Jy sal begin ervaar hoe daar ander klanke of lettergrepe vanuit jou gees opkom. Jy moet in geloof oorgee aan daardie klanke. Namate jy dit doen, sal die vloei en vrystelling van God se Gees al meer word.

As jy om die een of ander rede nie dadelik in tale bid nie, moenie daaroor bekommerd wees nie. Jy ontvang deur *geloof*, hou dus net aan om God te dank vir Sy salwing. Ek het gesien hoe mense van ’n kerkdiens af huis toe gaan nadat hulle gebid het om die Doop met die Heilige Gees te ontvang, en dan op pad huis toe spontaan in die Gees begin bid, of die volgende oggend in die stort, of ’n paar dae later terwyl hulle grassny. Die sleutel is om in geloof en nie met jou emosies nie, te ontvang.

Maak dit daaglik deel van jou lewe om in die Gees te bid, en kweek ’n sterk gebedslewe. God sal met jou praat en jou lei met antwoorde wat alle dinge betref! Ek vertrou dat jy die tyd sal maak om in die Gees te bid en al die voordele te geniet van die Koninkryk van God wat reeds aan jou behoort!

NOTAS

1. Jared Dublin, "Jailed fan suing NFL for \$88 billion over Dez Bryant non-catch vs. Packers," 23 Januarie, 2015, <https://www.cbssports.com/nfl/news/jailed-fan-suing-nfl-for-88-billion-over-dez-bryant-non-catch-vs-packers/>.
2. <http://www.dictionary.reference.com/browse/Edified?s=t>.
3. Lin Edwards, "Psychologists say babies know right from wrong even at six months," 10 Mei, 2010, <https://medicalxpress.com/news/2010-05-psychologists-babies-wrong-months.html>.

Gaan na **FLNFree.com**
om meer leringe in jou taal af te laai!



Wil jy nog GRATIS
leerhulpbronne in jou taal aflaai?
Gaan na **FLNFree.com**

JOU FINANSIËLE REWOLUSIE

Die krag van strategie

Die lewe is vol groot besluite.

Hoe weet jy watter huis jy moet koop, met wie jy moet trou, of watter werk jy moet doen?

As jy suksesvol wil wees, het jy 'n strategie nodig. Maar hoe maak jy 'n strategie as jy nie al die antwoorde het nie?

God se geheime is *vir* jou versteek, nie *van* jou nie!

God wil hê dat jy die antwoorde het wat jy nodig het – en dit is waarom Hy vir jou 'n geheime wapen gegee het!

In hierdie derde boek in die *Jou finansiële rewolusie*-reeks, openbaar Gary Keesee een van die belangrikste komponente van sy sukses en 'n KRITIEKE geheim tot die Koninkryk van God: *Die krag van strategie!* Enigeen kan visvang as hulle weet waar om hul nette uit te gooi. God het die antwoorde wat jy nodig het, maar jy moet verstaan hoe om te luister vir daardie antwoorde en hoe om hulle in jou lewe toe te pas – en dit is presies waaroor hierdie boek gaan!

Kom saam met Gary op hierdie lewensveranderende reis en ontdek hoe om die *Krag van strategie* in jou lewe te implementeer!



Gary Keesee is 'n skrywer, spreker, entrepreneur, finansiële deskundige en pastor. Hy het 'n passie om mense te help, spesifiek op die gebied van geloof, die gesin en finansies. Gary en sy vrou, Drenda, het verskeie suksesvolle besighede geskep en is die stigters van Faith Life Now, wat twee televisieprogramme vervaardig – *Fixing the Money Thing* en *Drenda* – asook wêreldwye konferensies en praktiese hulpbronne. Die Keesees is ook die pastors van Faith Life Church naby Columbus, Ohio in die VSA.

GKM GARY KEESEE
MINISTRIES

garykeesee.com

Hierdie boek is 'n geskenk van
Gary Keesee Ministries en
NIE TE KOOP NIE